
Wes-Kaapse Regering

Landbou

BETER TESAME.



# Jaarverslag 2011/12

## Departement van Landbou

# Inhoud:

**Deel 1** 5
Algemene Inligting

**Deel 2** 19
Inligting Oor Voorafbepaalde Doelstellings

**Deel 3** 85
Jaarlikse Finansiële State

**Deel 4** 163
Mensehulpbronbestuur

**Deel 5** 197
Afkortings

Wes-Kaapse Regering
Landbou
BETER TESAME.

Mnr. H.G.van Rensburg

**Minister van Landbou en Landelike Ontwikkeling**

Dit is vir my 'n eer om ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999, die Jaarverslag van die Wes-Kaapse Departement van Landbou vir die tydperk 1 April 2011 tot 31 Maart 2012 voor te lê.

**Me. J.S. Isaacs**
**Rekenpligtige Beampte**


**31 Augustus 2012**

# Deel 1:
## Algemene Inligting

| | |
|---|---|
| Visie | 5 |
| Missie | 5 |
| Waardes | 5 |
| Organisasiestruktuur | 5 |
| Wetgewende mandaat | 5 |
| Entiteite wat aan die Uitvoerende Owerheid verslag doen | 7 |
| Verklaring deur die Minister | 8 |
| Oorsig deur die Rekenpligtige Beampte | 9 |

Wes-Kaapse Regering
Landbou

# Organisatoriese Organogram



**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN LANDBOU**
**BEGROTINGSPOS 11**

**ALGEMENE INLIGTING**
**vir die jaar geëindig 31 Maart 2012**

## DEEL 1: ALGEMENE INLIGTING

### 1.1 Visie

'n Verenigde, deelnemende en florerende landbousektor in ewewig met die natuur.

### 1.2 Missie

Ontsluiting van die volle potensiaal van die landbou om die ekonomiese, ekologiese en maatskaplike welvaart van al die mense van die Wes-Kaap te verhoog deur:

- die aansporing van gesonde skakeling tussen belanghebbers;
- die bevordering van die produksie van bekostigbare, voedsame, veilige en toeganklike voedsel-, vesel- en landbouprodukte;
- die versekering van volhoubare bestuur van natuurlike hulpbronne;
- die onderneming van voorpunt- en relevante navorsings- en tegnologieontwikkeling;
- die ontwikkeling, behoud en werwing van vaardighede en mensekapitaal;
- die lewering van 'n deeglike en professionele voorligtingsteundiens;
- die verbetering van marktoegang vir die hele landbousektor;
- by te dra tot die verligting van armoede en honger; en
- die versekering van deursigtige en effektiewe regering.

### 1.3 Waardes

- Versorging
- Bekwaamheid
- Rekenpligtigheid
- Integriteit
- Responsiwiteit

### 1.4 Organisasiestruktuur

Sien bladsy hier naas.

### 1.5 Wetgewende mandaat

#### 1.5.1 Oorkoepelende mandaat

Wet op Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (Wet 52 van 2000)
SEB-transformasie-oktrooi vir die Landbou (onder Wet 53 van 2003)
Wet op Landbouprodukstandaarde (Wet 119 van 1990)
Wet op Dieresiektes (Wet 35 van 1984)
Wet op die Identifikasie van Diere (Wet 6 van 2002)
Wet op Basiese Diensvoorwaardes (Wet 75 van 1997)
Wet op Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging (Wet 53 van 2003)
Codex Alimentarius van die Wêreldgesondheidsorganisasie (Internasionale Kode oor Voedselveiligheid)
Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne (Wet 43 van 1983)
Grondwet van die Wes-Kaap (Wet 1 van 1998)

Wet op die Indiensneming van Opvoeders (Wet 76 van 1998)
Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels (Wet 36 van 1947)
Wet op Verdere Onderwys en Opleiding (Wet 98 van 1998)
Wet op Gehalteversekering vir Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding (Wet 58 van 2001)
Wet op Hoër Onderwys (Wet 101 van 1997)
Geïntegreerde Voedselsekerheidstrategie van Suid-Afrika 2002
Internasionale Kode vir Diagnostiese Laboratoriumprosedures vir Dieresiektes van die Wêreldorganisasie vir Dieregesondheid
Internasionale Sanitêre en Fitosanitêre Kode van die Wêreldhandelsorganisasie
Wet op Bemarking van Landbouprodukte (Wet 47 van 1996)
Wet op die Veiligheid van Vleis (Wet 40 van 2000)
Wet op die Beheer van Medisyne en Verwante Stowwe (Wet 101 van 1965)
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996)
Wet op Rampbestuur (Wet 57 van 2002)
Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet 27 van 1996)
Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (Wet 107 van 1998)
Nasionale Waterwet (Wet 36 van 1998)
Wet op die Onderverdeling van Landbougrond (Wet 70 van 1970)
Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (Wet 58 van 1995)
Aard-dieregesondheidskode van die Wêreldorganisasie vir Dieregesondheid (OIE – Office International des Epizooties)
Wet op Veterinêre en Para-veterinêre Beroepe (Wet 19 van 1982)

### 1.5.2 Nie-entiteit-spesifieke wetgewing

Rekenpligtigebeamptestelsel
Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid (Wet 3 van 2000)
Maatskappywet (Wet 71 van 2008)
Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes (Wet 130 van 1993)
Koöperasiewet (Wet 14 van 2005)
Wet op die Verdeling van Inkomste (jaarliks)
Wet op Diensbillikheid (Wet 55 van 1998)
Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg (Wet 62 van 1997)
Regeringswerknemerspensioenwet (1996)
Wet op die Bestuur van Onroerende Bates (Wet 19 van 2007)
Inkomstebelastingwet (58 van 1962 – 4de standaard)
Wet op Arbeidsverhoudinge (Wet 66 van 1995)
Beleid oor Herverdeling van Grond vir Landbou-ontwikkeling
Wet op Grondhervorming (Wet 3 van 1996)
Ordonnansie oor Grondgebruiksbeplanning (Ordonnansie 15 van 1985)
Handelswaremerke-wet (Wet 17 van 1941)
Wet op die Nasionale Argief van Suid-Afrika (Wet 43 van 1996)
Wet op Natuurwetenskaplike Professies (Wet 27 van 2003)
Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (Wet 85 van 1993)
Wet op die Raamwerk vir Voorkeurverkrygingsbeleid (Wet 5 van 2000)
Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (Wet 2 van 2000)
Wet op Openbare Finansiële Bestuur (Wet 1 van 1999 soos gewysig deur Wet 29 van 1999)
Wet op Openbare Vakansiedae (Wet 36 van 1994)
Staatsdienswet (Prok. 103 van 1994)

Wet op die Staatsdienskommissie (46 van 1997)
Wet op Vaardigheidsontwikkeling (Wet 97 van 1998)
Wet op Vaardigheidsontwikkelingsheffings (Wet 9 van 1999)
Wet op Handelsmerke (Wet 194 van 1993)
Wet op Handelspraktyke (Wet 76 van 1976)
Afvalwet (Wet 59 van 2008)
Wet op Waterdienste (Wet 108 van 1997)
Wes-Kaapse Begrotingswet (jaarliks)
Wes-Kaapse Wet op Regstreekse Koste (Wet 6 van 2000)
Wes-Kaapse Finansiewet (jaarliks)

### 1.5.3 Wetgewing gedurende 2011/12 in die Parlement ter tafel gelê

Geen wetgewing is voorgelê nie.

## 1.6 Entiteite wat aan die Uitvoerende Owerheid verslag doen

### Casidra (Eiendoms) Beperk

Al die aandele in Casidra (Edms.) Bpk. is in die besit van die Wes-Kaapse Regering en dit geskied onder die toesig van die Provinsiale Minister van Landbou en Landelike Ontwikkeling.

Casidra (Edms.) Bpk. is as 'n privaat maatskappy gestruktureer onder die Maatskappywet, 1973 (Wet 61 van 1973, nou Wet 71 van 2008), en het 'n eenheidsdireksie. Die organisasiestruktuur bestaan uit 'n Hoofbestuurder verantwoordelik vir operasionele aktiwiteite en 'n Hoof Finansiële Beampte verantwoordelik vir finansies en administrasie, wat albei direk aan die Waarnemende Hoof Uitvoerende Beampte as Hoof Uitvoerende Beampte verantwoording doen.

Casidra (Edms.) Bpk. is 'n skedule 3D-maatskappy (Provinsiale Regering-sakeonderneming) onder die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (Wet 1 van 1999). Hierdie status is saam met die huidige struktuur en finansiële lewensvatbaarheid geassesseer.

Die mandaat van hierdie inrigting is om landbou- en ekonomiese ontwikkeling te onderneem binne die landelike en grondhervormingskonteks ingevolge Resolusie 271/2007 soos goedgekeur deur die Kabinet.

Dit is die missie van Casidra (Edms.) Bpk. om die lewenskwaliteit van veral die lae-inkomstedeel van die bevolking, hoofsaaklik in landelike gebiede van die Wes-Kaap, deur middel van geïntegreerde mensgeoriënteerde ontwikkeling te verbeter waardeur die totstandbrenging van selfversorgende gemeenskappe bevorder sal word.

In ooreenstemming met die beleidsprioriteite van die Wes-Kaapse Regering is hul vier hoofdoelstellings die volgende:

- Armoedeverligting deur ekonomiese groei;
- Ontwikkeling van mensehulpbronne deur opleiding en bemagtiging;
- Finansiële onafhanklikheid deur herstrukturering; en
- Effektiewe besigheidsbestuur

### 1.7 Verklaring deur die Minister

"Suid-Afrika staan voor 'n krisis van werkloosheid, terwyl onlangse studies dui op 'n werkloosheidskoers van 70% onder die jeug. Hierdie krisis affekteer ook die Wes-Kaapse ekonomie, en meer spesifiek die Wes-Kaapse landbousektor. Ons moet maniere vind om werkskepping te stimuleer.

Die Wes-Kaapse regering het die beskouing aanvaar dat maatskaplike ontwikkeling deur ekonomiese groeigedryf word. Ekonomiese groei is ook 'n voorvereiste vir werkskepping. As 'n regering moet ons fokus op die skepping van 'n omgewing waarin besigheid kan floreer.

Na ons raming sal 'n toename van 5% in landbou-uitvoere vanuit die Wes-Kaap lei tot die skepping van 23 000 werkgeleenthede. As die Departement van Landbou moet ons onsself afvra wat ons rol in hierdie verband is.

Gedurende die afgelope jaar is die belangrikheid van ons dieregesondheidsdienste weer eens beklemtoon met die uitbreek van voëlgriep in ons volstruisbedryf. Ons speel 'n kritieke rol in die instandhouding van die regulatoriese raamwerk vir hierdie belangrike uitvoerbedryf, wat meer as 20 000 werkgeleenthede ondersteun. Ons amptenare het ook die vinnige en akkurate betaling van R50 miljoen gefasiliteer vir vergoeding aan volstruisboere wat voëls van kant moes maak as gevolg van die uitbreek van voëlgriep.

Om ons produsente in staat te stel om op oorsese markte mededingend te bly, is dit kritiek belangrik om aan die voorpunt van tegnologie te bly. Ons moet dit produseer wat die mark vereis, maar ons moet dit ook op die doeltreffendste moontlike manier produseer. Ons navorsings- en tegnologieontwikkelingspogings bly steeds 'n prioriteit ten einde ons sektor te ondersteun.

Marktoegang het 'n gonswoord geword en onlangse ontwikkelings in hierdie verband toon ons waarom. Suid-Afrika is nou ingesluit in die BRICS-groep nasies. Wynuitvoere na Afrika en China hou groot belofte in, nie alleen vir ons gevestigde produsente nie, maar ook vir ons nuwe boere. Aan die tuisfront bied die bekendstelling van 'n nuwe internasionale kleinhandelaar groot potensiaal en moontlikhede vir ons produsente. Ons sal voortgaan met die ondersteuning van ons produsente ten einde produkte met markte te koppel, plaaslik sowel as internasionaal.

In 2012 bied ons 'n Landbouspitsberaad in die Wes-Kaap aan waar alle landbourolspelers in staat sal wees om insette te lewer oor die opstel van 'n strategiese plan vir die toekoms van die landbousektor in die Wes-Kaap. As 'n Departement sal ons hierdie belangrike byeenkoms fasiliteer, aangesien dit van die uiterste belang is om die toekoms met 'n kaart tegemoet te gaan.

Die toekoms behoort ook aan ons jeug. Dit is ons verantwoordelikheid om te verseker dat hulle toegerus is met die nodige vaardighede en kennis om die uitdagings wat op hulle wag, die hoof te bied en op te los. Ons sal voortgaan om landbou-opleiding van gehalte aan te bied en sodoende ons deel te doen in die afbring van die onrusbarend hoë jeugwerkloosheidsyfer deur die voorsiening aan die landbou-arbeidsmark van jongmense wat opgelei is en oor vaardighede beskik vir die taak wat wag.

Namate ons die toekoms nader, sal ons sektor se impak op die omgewing kritiek belangrik word. Die landbou is verantwoordelik vir meer as 60% van alle varswatergebruik in Suid-Afrika, en die mededinging om hierdie skaars hulpbron neem elke jaar toe. Ek is derhalwe dankbaar vir die werk wat alreeds gedoen word op die gebied van hernubare energie en hulpbronvolhoubaarheid.

Na my mening weerspieël hierdie jaarverslag die harde werk van 'n uitstekende departement met sy personeelkorps van toegewyde en visionêre amptenare wat 'n sektor koester wat ons bestaan ten grondslag lê".

## 1.8 Oorsig deur die Rekenpligtige Beampte

Die volstruissektor het groot probleme ervaar as gevolg van die impak van voëlgriep. Die uitbreek van die siekte het hierdie bedryf van R1.2 biljoen per jaar wat werk aan meer as 20 000 mense in die landelike dele van die Wes-Kaap verskaf, heeltemal tot stilstand gebring. Die volstruisbedryf gaan sedert April 2011 gebuk onder 'n verbod op die uitvoer van volstruisvleis weens voëlgriep, waardeur verliese van tot R108 miljoen per maand gely word. Aangesien die internasionale reg vereis dat verpligte slagtery uitgevoer word op plase wat positief toets vir die virus, is meer as 40 000 voëls in die groter Oudtshoorn-area gedurende die verslagtydperk van kant gemaak. In die lig van die erns van die saak het die Minister samesprekings geïnisieer met die Nasionale Minister van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DLBV) en het die DLBV vervolgens goedgekeur dat vergoeding vir die geslagte voëls ten bedrae van meer as R50 miljoen aan boere uitbetaal word.

Om die hele proses te vergemaklik het die Kabinet intussen R17 miljoen beskikbaar gestel om die proses voort te sit, en die DLBV het die geld oorbetaal. 'n Omvattende herstelplan is ingestel om verdere grootskaalse uitbreek van voëlgriep onder volstruise te voorkom. 'n Siektevrye periode van drie maande nadat die laaste positiewe plaas uitgeslag is, is nodig om uitvoere te kan hervat. Ongelukkig het daar weer in die verslagtydperk kleiner uitbreke van voëlgriep voorgekom, met die gevolg dat die verbod op uitvoere nog nie opgehef kon word nie.

Die tweede ontmoeting tussen die Provinsiale Kabinet en die landbousektor het op 18 Oktober 2011 op Worcester plaasgevind. Hierdie samesprekings het aan die landbourolspelers die geleentheid gebied om die Provinsiale Regering te betrek by spesifieke kwessies wat die landbousektor raak. 'n Aantal kwessies wat deur verskillende organisasies en individue geopper is, het verdere aandag vereis. Sake wat buite die mandaat van hierdie Departement val, is na die betrokke Departemente verwys vir die nodige opvolgwerk.

Die Departement het deelname deur Wes-Kaapse landbou-besighede aan vier promosie-aktiwiteite gemik op die opening van nuwe markte internasionaal, gefasiliteer. Dit sluit die Yantai- Internasionale Wyntentoonstelling, Yantai-netwerkbyeenkoms, eerste Tendy-wynfees in Abuja en Lagos in Nigerië en Fruit Logistica in Duitsland in. Hierdie geleenthede het reeds daartoe gelei dat vier maatskappye vanjaar na hierdie markte uitvoer. 'n Hoogtepunt van die marktoegangsprogram is 'n tweede swart vrugte-uitvoerder in die program wat daarin geslaag het om deur middel van die direkte kanaal na die Verre Ooste uit te voer. Die program het vanjaar gelei tot verkope van meer as R10 miljoen. 'n Ondersoek oor die koolstofvoetspoor van die Wes-Kaapse Departement van Landbou, met inbegrip van sy proefplase, is afgehandel.

Die Minister het in September 2011 'n afvaardiging na Jinan en Yantai gelei. Die besoek was deel van die implementering van die Streekleierspitsberaadverklaring wat in 2010 by 'n spitsberaad in Kaapstad uitgereik is. Die hoofdoel met hierdie besoek was om aan die Yantai-Internasionale Wynfees deel te neem. Altesaam 21 Suid-Afrikaanse wynmaatskappye het aan die wynfees deelgeneem.

Die Departement het die 2011-DLBV-damesentrepreneur-kompetisie in die Provinsie gefasiliteer. Die provinsiale wenners het na die nasionale vlak van die kompetisie gevorder en 'n plaaslike produsent van inheemse plante in die Kaapse Wynland, Me Jackie Goliath, is benoem as die nasionale Kommersiële Topprodusent, wat 'n wonderlike prestasie is.

Mensekapitaalontwikkelingsinisiatiewe is voortgesit. Sommige van die begunstigdes van hierdie programme is nou in diens van óf die Departement (6) óf die privaat sektor (1), of is betrokke by die verdere departementele akademiese ontwikkelingsprogramme (1). Die Premier se Bevordering van die Jeug (Projek 1000) is in die Departement bekend gestel met 'n bykomende 42 interns wat in 2011 matrikulante was.

As deel van ons ontwikkelingsveldtog insake mensekapasiteit tree spesialis-navorsers op as mentors vir talle jong studente en navorsers van die toekoms. Die doelstellings van die memorandum van verstandhouding met die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit (Saasveld-kampus) is verwesenlik toe verskeie studente hul studies voltooi het. Sommige van die prestasies is die volgende:

- 'n Plantproduksie-intern wat gedurende die gradeplegtigheid van die Universiteit haar Nasionale Diploma in Landboubestuur ontvang het, het ook die prys verower as die beste Diereproduksiestudent. Sy het ook die Bonsmara-toekenning ontvang.
- 'n Ander student het die Dux-studenttoekenning vir die graad B.Tech. Landboubestuur (cum laude) ooreenkoms en as deel van die ontvang; sal hy 'n jaar op die Outeniekwaproefplaas deurbring terwyl hy aan sy M.Tech.- graad werk.
- Die suiwelspesialiswetenskaplike en buitengewone professor het as mentor opgetree vir 'n M.Sc.-student aan die Universiteit van Pretoria waar sy haar graad in Desember 2009 met lof behaal het. Haar studie is op die Outeniekwaproefplaas onderneem. Voorts is die Bronsmedalje van die SA Vereniging vir Veekunde aan haar toegeken vir haar M.Sc.-verhandeling en die impak daarvan op die bedryf.
- 'n Navorsingstegnikus van die volstruisnavorsingspan het haar Ph.D. (Agric.)aan die Universiteit van Stellenbosch (US) behaal.
- Die spesialiswetenskaplikes het vir nog twee Ph.D.- en drie M.Sc.-grade wat deur die US toegeken is, as studieleiers opgetree.
- Die spesialiswetenskaplike (Weidingbestuur) was die eerste ontvanger van die Toppresteerder: Wetenskaplike 2011-toekenning by die departementele simposium oor voorligting en advies.
- 'n Tegnikus het die toekenning ontvang vir die beste plakkaataanbieding by die 29ste Kongres van die SA Vereniging vir Landboutegnoloë.
- 'n Toekenning vir die "Beste referaat wat in die SA Tydskrif vir Plant en Grond verskyn het", het gegaan na 'n spesialiswetenskaplike (Onkruidkunde) en navorsingstegnikus. Die navorsingstegnikus was die eerste outeur. Die toekenning is gemaak by die Gekombineerde Kongres oor Gewasse, Grond en Onkruid van 2012. By dieselfde kongres het hierdie spesialiswetenskaplike ook die prys ontvang vir die beste referaat voor die Onkruidkundevereniging gelewer.
- Die suiwelspesialiswetenskaplike is benoem as lid van die Advieskomitee: Navorsing en Ontwikkeling van Melk SA.

**ALGEMENE INLIGTING**
**vir die jaar geëindig 31 Maart 2012**

Die intydse webapplikasie waardeur besproeiingsboere weekliks voorsien word van bygewerkte inligting oor die werklike waterverbruikvan hul gewasse en 7 ander groei-parameters, is uitgebrei om allevrugteboorde in die gebied wat deur die satellietbeeld gedek word, te dek. Die Fruitlook-projek het op 1 Oktober 2011 'n aanvang geneem en duur tot die einde van die besproeiingseisoen op 30 April 2012 voort.

Twee ramphulpprojekte is geïmplementeer, te wete die 2008-vloede en die 2010-Eden-droogteprojek. 2 464 magtigingsbriewe is aan 1 083 boere uitgereik vir droogtehulp in die droogtegeteisterde gebiede van die Sentraal- en Klein Karoo. 87 waterstelsels vir vee is geïnstalleer of bestaande stelsels is opgegradeer as deel van die droogtehulpskema. Altesaam R27 miljoen is sedert die instelling van die skema vir droogtehulp uitbetaal; R24.9 miljoen is in die 2011/12 finansiële jaar betaal. R34.5 miljoen van die 2008-vloednoodleningingstoekenning was teen die einde van Maart 2012 opgebruik vir die bou van rivierwalversterkings om die verdere erosie van waardevolle landbougrond te verhoed. 'n Bedrag van R21.5 miljoen is in hierdie finansiële jaar uitbetaal. Albei hierdie skemas sal voortgesit word.

In 'n poging om volhoubare bestuur van natuurlike hulpbronne te verseker het die Departement 'n eerste stap gedoen met 'n massiewe projek om die rivierstelsels in die Wes-Kaap te rehabiliteer, met die Bergrivier eerste op die lys. 'n Gebied van meer as 2 km is skoongemaak van tot 100 jaar oue bloekombome wat die oewergrond van die rivier ingeneem het. Saam met vennote in die Werk-vir-Water-program is nog 'n paar kilometer gedeeltelik skoongemaak om waarde tot hierdie projek toe te voeg. Hierdie projek is vir verskeie departemente 'n prioriteitsaak, met die uiteindelike doel die rehabilitasie van die rivierstelsel tot 'n gesonde hulpbron wat veilig en gesond sal wees vir menslike gebruik en ook 'n behoorlik beskermde omgewingsbate sal wees.

Die Omheiningsprojek is 'n vennootskapsprojek tussen die Departement van Landbou en die Departement van Vervoer en Openbare Werke met die doel om geleenthede vir groei en werkgeleenthede in die landelike gebied van Beaufort-Wes te verbeter. Hierdie projek, wat meer as 50 plase omvat, sal die boere se bates teen toenemende verliese vanweë probleemdiere beskerm en die boere in staat stel om volhoubaar te boer. Na 'n stadige begin weens die aanvanklike opleiding en die verkrygingsproses, is meer as 13 km omheining voltooi en die boere is baie in hulle skik met die uitkoms van die projek.

In samewerking met die Suid-Afrikaanse Nasionale Biodiversiteitsinstituut en GreenChoice WWF - SA, het die Program die Suid-Afrikaanse Nasionale Biodiversiteitsinstituut se konferensie met die tema Cape Action for People and the Environment (C.A.P.E.)[Kaapse Beweging vir Mense en die Omgewing] in Junie 2011 gekoördineer en as mede-aanbieder op Elsenburg opgetree. Die tema was 'bewaring en landbou'.Dit was 'n besonder geslaagde byeenkoms wat dialoog tussen die openbare sektor, die boerderygemeenskap, die omgewingsaktiviste en bewaringsbewustes moontlik gemaak het om sodoende die geleentheid vir potensiële samewerking voor te berei.

Teen die agtergrond van grondhervorming sedert ons demokrasie is 'n interne voorlopige opname op 202 grondhervormingsplase in die Provinsie uitgevoer. Die opname het waardevolle insig gebied met die oog op die ontplooiing van 'n meer gedetailleerde opname in die 2012/13 finansiële jaar ten einde sleutelfokusareas te identifiseer vir die verbetering van ondersteuningsintervensies vir boere op grondhervormingsplase.

## ALGEMENE INLIGTING
## vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

Om die beplanning van landbou-ondernemingsprojekte te versterk, is die Departement se Eenheid vir Tegniese Bystand (ETB) nouten volle operasioneel en bied waardevolle landboukundige insigte in die beplanning en assessering van plase en projek versoeke.

'n Departementele Voorligtingsimposium gehou in 2011/12 was baie geslaag as aansporing om inligting te deel en geïntegreerde dienslewering onder alle voorligtingsbeamptes by alle programme binne die Departement te bevorder. Hierdie simposium sal jaarliks herhaal word.

Deur die kommoditeitsbenadering het die Departement op 26 Mei 2011 vir grondhervormings-boere van ten minste 15 ekstensiewe kleinvee-plase in die Sentraal-Karoo 'n baie geslaagde jongooi-kompetisie aangebied. Die kompetisie was die resultaat van 'n baie intensiewe voorligtingsprogram met belanghebbendes om produksie, finansiële lewensvatbaarheid en bewaring van natuurlike hulpbronne op die genoemde plase te verbeter.

Agri-Megaweek was vir die Departement 'n hoogtepunt aangesien met daardie byeenkoms daarna gestreef is om 'n platform te skep waar produsent, insetverskaffer, diensagent en lede van die publiek wat in die landbou belangstel, interaktief kon deelneem, besigheid doen en leer – veral die kleinboere.

Sewe (7) voorligtingsbeamptes het tussen 25 September en 8 Oktober 2012 'n kursus by die Centre de Formation Professionnelle et de Promotion Agricole (CFPPA) in Beaune (Frankryk) bygewoon. Die doel met die opleidingsgeleentheid was om die landbou uit te brei en te versterk deur die opleiding van voorligtingsbeamptes in projekbestuur en entrepreneurskapsontwikkeling.

Die Departement het Wêreldvoedseldag op 14 Oktober 2011 op Doringbaai gevier. As deel van die vieringe het die Departement 48 huishoudings met voedselproduksiepakkette volgens die Foodpods-konsep ondersteun, wat huishoudings in staats tel om met behulp van kratte hul eie voedsel te produseer. Die Program:Ondersteuning en Ontwikkeling van Boere (OOB) het die Wêreldvoedseldagopname uitgevoer om die vordering wat gemaak is met die projekte wat sedert 2007 befonds word, te assesseer. Die resultaat is dat 62% van hierdie tuine nog steeds produktief is.

Die Slimpen (Digitale Pen) het die besigheidsprosesse en doeltreffendheid van die Program:OOB verbeter en is ingeskryf vir die Sentrum vir Staatsdiensinnovering (SSDI) se Staat-sektorinnoveringstoekennings vir 2011, waar dit die derde prys in die Innoveringstegnologie-afdelingbehaal het.

Verskeie bedryfsensitiewe dieresiektes (sien gedeelte oor voëlgriep) het die uitvoer van verskeie diereprodukte negatief beïnvloed en ongekende druk op alle personeel in die Program:Veeartsenykundige Dienste (VD) geplaas.

Die Departement wag op die aflewering van die IGP-masjien en geoutomatiseerde nukleïensuurekstrahering vir die PKR-masjien wat die DLBV vir die Provinsie bestel het.

Dit het duidelik geword dat rooivleis-abattoirs, veral skaap-abattoirs, sukkel om 'n effektiewe daaglikse slagomset te handhaaf. Hierdie probleem kan aan verskeie redes toegeskryf word, bv. die negatiewe invloed van roofdiere, veediefstal en slenkdalkoors. Baie klagtes is egter ontvang oor die negatiewe invloed van onwettige slagtery op die slagomset by

geregistreerde abattoirs. Akademici van vooraanstaande tersiêre instellings raam dat vyftig persent van alle rooivleis onwettig geslag word, met rampspoedige gevolge vir die slagomset by bestaande abattoirs. Teen hierdie agtergrond gebeur dit dat verhoogde regulatiewe druk op bestaande abattoirs tans meer abattoirs forseer om hul bedrywighede te staak, wat daarop sal uitloop dat daar nog minder slaggeriewe beskikbaar sal wees, en nog meer onwettige slagtery. Dit sal 'n negatiewe uitwerking hê op sommige van ons strategiese doelstellings, naamlik landelike ontwikkeling en werkskepping in landelike gebiede, asook die beskikbaarheid van bekostigbare, veilige vleis.

Die mandaat van die Program Tegnologiese, Navorsings- en Ontwikkelingsdienste (TNOD) is uitgevoer in lyn met Provinsiale Strategiese Doelstelling (PSD) 7 (Vooropstelling van volhoubaarheid en optimalisering van hulpbrongebruiksdoeltreffendheid) en 11 (Vermeerdering van geleenthede vir groei en ontwikkeling in landelike gebiede). Omvattende en kliëntgerigte navorsingsprogramme en projekte is deur die Instituut vir Diereproduksie, die Instituut vir Plantproduksie en die Instituut vir Hulpbronbenutting uitgevoer.

Die behoefte aan die koördinering van landbounavorsing in die Wes-Kaap het uitgeloop op die totstandbrenging van die Navorsings-en Ontwikkelingswerkgroep van PSD 11. Hierdie groep sal as die Wes-Kaapse Landbounavorsingsforum (WKLNF), wat gedurende 2011/12 bekendgestel is, funksioneer. Lede van die WKLNF verteenwoordigdie DLBV, ons departement, statutêre organisasies (die UBRBP, die LNR), nywerheidsorganisasies en tersiêre inrigtings. Drie vergaderings van die WKLNF is in 2011/12 gehou. Goeie samewerking tussen die Departement en ander navorsingsinrigtings in die Wes-Kaap het weer na vore getree toe die nuwe LNR-heuningbosteesaadboord amptelik deur Minister Van Rensburg geopen is. Hierdie boord is op die Elsenburg-proefplaas gevestig nadat 1 hektaar beskikbaar gestel is ter ondersteuning van hierdie bedryf en sy produsente.

Nuwe en aangepaste tegnologie, die resultaat van voorpuntnavorsing sal verseker dat ons produsente volhoubaar en mededingend bly met beperkte natuurlike hulpbronne (veral water) met die uitdagings van klimaatsverandering, en sal die grondslag lê vir die verhoging van landbouproduksie met 10% oor die volgende tien jaar. As deel van PSD7 en ons aksie vir volhoubare, klimaatwys boerderyopsies is die eerste Geenbewerkingsvereniging in die Wes-Kaap tot stand gebring onder die beskerming van die Departement se Instituut vir Plantproduksie. Hierdie geslaagde geleentheid is deur 61 persone bygewoon en 'n komitee is gekies om die Vereniging (nou bekend as BewaringLandbou Wes-Kaap - BLWK) verder te lei. Die inisiatief het wye mediadekking geniet. Boere sal die kern van die komitee vorm, met departementele amptenare in 'n ondersteunende hoedanigheid. BLWK het verskeie nuusbriewe die lig laat sien en het 'n aantal "groen toere" na die Swartland en Overberg onderneem. Dit het geblyk baie gewild te wees; die klem het geval op die behoefte aan die beskerming van hulpbronne op die plaas en die minimalisering van insetkoste.

In die bepaling van die impak van ons navorsing op die produksievlakke en volhoubaarheid van ons boere, het die Departement kragte saamgesnoer met die LNR se Kleingraaninstituut en sy Impakassesseringseenheid by die Hoofkantoor in Pretoria, ten einde die impak van bewaringslandboupraktyke (BL-praktyke) wat deur die twee instellings bepleit is, op die produksievlakkevan boere in die Wes-Kaap te assesseer. Die studie het gedurende die laaste deel van 2011/12 'n aanvang geneem en sal probeer vasstel hoeveel grond onder BL is (vergeleke met konvensionele stelsels), wat die stadiums van aanvaarding daarvan is, wat boere motiveer om BL te aanvaar, en wat die belangrikste ekonomiese, omgewings- en ander impakte daarvan is.

Gekoppel aan PSD7 is die klimaatsveranderingsportefeulje en klimaatsvoorspellingsdiens, waar 19 landboutoestandverslae en 38 nasionale klimaatsverslae en -waarskuwings deur die Instituut vir Hulpbronbenutting (Eenheid:Risiko en Potensiaalbestuur) onder relevante rolspelers in die Provinsie versprei word. As deel van die COP17-byeenkoms wat in Durban aangebied is, het die Departement aan verskeie voor-spitsberaadbyeenkomste in Kaapstad deelgeneem. Agt klimaatwys landbouprojekte is ingesluit in die mediaboekie vir die media-opleidingswerksessie oor klimaatsverandering voor die byeenkoms. ’n Afvaardiging van die Wes-Kaap (onder andere twee amptenare van Landbou) het aan verskeie paneelbesprekings by die Kaapstadse Klimaatwystentoonstelling deelgeneem. Stedelike landbou het hernude aandag ontvang.

Klimaatwys landbou en die sensitiwiteit van die omgewing het vir die Departement ook gelei tot ’n fokus na binne, met ’n nuwe “groen” benadering tot die manier waarop ons besigheid doen. Die nuut aangestelde departementele Groen Komitee maak goeie vordering met die sensitisering van die personeel oor ons koolstofvoetspoor en maniere om dienste op ’n meer volhoubare manier te lewer. Die 2wise2waste-program van die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning (DOSOB) is in die aktiwiteite van die Groen Komitee opgeneem.

In ons strewe om groen en klimaatwys oplossings (in hierdie geval hernubare energie-opsies) aan ons boere te demonstreer en ook die volhoubaarheid van die proefplase te verseker, word ’n biogasfermenteerder op die Outeniekwa-proefplaas gebou om beesmis van ons melkery om te sit in biogas en elektrisiteit. Na verwagting sal die projek (wat deur die Departement van Vervoer en Openbare Werke befonds word) teen die middel van 2012/13 voltooi wees.

Die omsetting van die navorsingsrand in ’n inligtingsrand bly steeds van die allergrootste belang in ’n strewe om ons navorsingsbevindinge op plaasvlak te implementeer. Om hierdie rede was die wisselwerking tussen navorsers, nywerheidsorganisasies en boere gedurende 2011/12 besonder aktief en het uitgeloop op ’n groter as verwagte getalbyeenkomste met die nywerheid om navorsingsverwante kwessies en fokusareas (altesaam 52 in vergelyking met die teikengetal van 8 wat vir die jaar gestel is) te bespreek. Hierdie vergaderings het aan navorsers ook die geleentheid gebied om tegniese inligting onder ons kliënte te versprei. Veertien tegnologieoordragbyeenkomste is gereël, terwyl 205 aanbiedings by boeredae, 126 populêre referate en 41 radiopraatjies ook die verwagte uitsette oortref het. Ten einde die inligting na alle vlakke te neem, is twee weidingkursusse vir beginners (in albei tale) en een vir landboukundiges by die Outeniekwa-proefplaas aangebied. Dit is besonder goed ontvang en bygewoon.

Die wetenskaplike kundigheid van die Departement het internasionaal erkenning ontvang toe een van die spesialiswetenskaplikes by die Instituut vir Plantproduksie uitgenooi is om ’n hoofstuk te skryf in ’n boek oor Reënafhanklike Boerderystelsels (Hardy MB, Dizba L, Kilian W & Tolmay J 2011. Rainfed Farming Systems in South Africa.In:P. Tow et al.(reds.), Rainfed Farming Systems, Springer). Die hoofstuk maak ’n betekenisvolle bydrae tot die literatuur oor die onderwerp in Suid-Afrika en plaas ons in konteks met reënafhanklike landbou in die res van die wêreld. Die boek “Rainfed Farming Systems” bied ’n omvattende versameling beginsels en toepassings, wat die meeste aspekte dek van reënafhanklike boerderystelselstruktuur, -bedryf, -bestuuren -verbetering. Die boek beslaan 50 hoofstukke oor altesaam 1 281 bladsye. Dit is in November by die Suid-Australiese Navorsings- en Ontwikkelingsinstituut vrygestel as deel van ’n AIAST-eendagforum oor die produsering van meer voedsel met minder hulpbronne.

## ALGEMENE INLIGTING
### vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

Die impak van die navorsingspogings en die produkte daarvan was verder duidelik toe 'n produsent 'n brief van lofbetuiging aan die Landbouweekblad (datum 30 September 2011) geskryf het oor die Melkbeeshandleiding wat deur een van ons suiwelspesialiste opgestel is en wat besig is om 'n besonder gewilde en deeglik gelese handboek vir melkboere te word, nie net in die Wes-Kaap nie, maar ook elders in Suid-Afrika.

Ten einde hoogstaande genetiese materiaal aan ons kliënte beskikbaar te stel en inkomste uit navorsing te optimaliseer, is vier Percheron-perde op 'n veiling verkoop, wat 'n inkomste van R60 000 opgelewer het. Weens die heersende voëlgriep is geen volstruisveiling in 2011/12 gehou nie.

Die Program:Landbou-ekonomie (LE) het verskeie verslae – sowat 196 – die lig laat sien; dit het gewissel van wetenskaplike, semi-wetenskaplike, populêre en ad hoc-verslae. Die Program:LE het omtrent 1 273 kliënte met landbou-ekonomiese advies bedien. Onder die hoogtepunte is die projek in samewerking met Wesgro; die Agribesigheidbeleggingseenheid het beleggings ter waarde van omtrent R82 miljoen in 'n aantal projekte gefasiliteer.

Op internasionale vlak is die Micro Combud-stelsel, wat deur die Departement voorgestaan word, gedeel met die Agri-normmodelontwikkelaars in Duitsland om gebruik te word as basis vir die internasionale tuinboukundige model. Dit is 'n gevolg van belangstelling om sommige van die Wes-Kaapse tuinboukundige produkte in die model in te sluit.

Daar is ook twee referate, getitel "Ekonomiese waarde van die verwydering van uitheemse plante en die herstel van natuurlike kapitaal op die Agulhas-vlakte", en "Impak van verhoogde watergebruikskoste en die hertoewysing van water", aangebied by die Europese Vereniging van Omgewings- en Hulpbronekonomie [European Association of Environmental and Resource Economics (EAERE)]se konferensie van 2011 in Rome. Die laasgenoemde een is ook gepubliseer in die Agrekon, 'n nasionale vaktydskrif wat ook internasionaal gelees word. Daarbenewens is 'n referaat getitel "Het Suid-Afrikaanse kleinboerappelprodusente marktoegang verkry? Gevallestudiebevindinge vanuit die Wes-Kaap" by 'n werksessie in Benin aangebied. 'n Verbandhoudende artikel is ook by die Landbou-ekonomievereniging van Suid-Afrika se konferensie in 2011 aangebied.

Die Program:Gestruktureerde Landbou-opleiding (GLO) het voortgegaan met die aanbieding van 'n wye reeks geakkrediteerde en niegeakkrediteerde opleidingsprogramme tot op NKR-vlak 7. Voornemende en praktiserende boere, landboukundiges, plaaswerkers en landelike gemeenskappe bly steeds die primêre teikengroep vir kapasiteitbou en opleiding. 'n Sterk fokus word ook geplaas op die bemagtiging van vroue en die landelike jeug.

'n Slaagsyfer van 79% vir sy leerderskapstudente is behaal, gebaseer op 'n aanvanklike inskrywing van 100 leerders. Voorts is herakkreditasie en programgoedkeuring vir landbou-leerderskapaanbiedings op NKR-vlakke 1 – 4 in verskeie dissiplines (te wete Plantproduksie, Gemengdeboerderystelsels, Pluimveeproduksie en Diereproduksie) deur die SOOO land OOKO ontvang en tot Desember 2014 deur SAKO bekragtig.

Met betrekking tot vaardigheidsontwikkeling en kapasiteitbou-intervensies het altesaam 1 940 landboubegunstigdes vaardigheidsopleiding in 'n verskeidenheid nie-formele vaardigheidsprogramme ontvang. Begunstigdes ten opsigte van opleiding het boere, plaaswerkers en ander landbougroepe uit die provinsiale distrikte ingesluit, met besondere

klem op die Omvattende Landbousteunprogram/Proaktiewe Grondverkrygingskema se projekbegunstigdesen landbougroeperinge binne die aangewese landbou nodale punte in ooreenstemming met die Omvattende Landbou-ontwikkelingstrategie (OLOS).

Verdere noemenswaardige prestasies gedurende die verslagtydperk sluit in die artikulasie van 12 leerders na die tersiêre onderwysstroom, met 2 leerders wat aanvaar is vir die B.Agric.-program, 1 leerder wat ingeskryf is vir Perdestudie en 9 leerders wat vir die Hoër Sertifikaat aanvaar is.

'n Eksterne beurs deur 'n beleggingsmaatskappy, te wete Novare, is aan die beste leerderskapstudent toegeken om sy landboustudie vir die Hoër Sertifikaat voort te sit. Departementele beurse is ook toegeken aan die leerders wat van die verdere-onderwys-en-opleidingsbaan af geartikuleer is.

Die dienste van geakkrediteerde eksterne opleidingsdiensverskaffers is bekom om hulp te verleen met die herbelyning van die kurrikulum, leerraamwerke en interne beleidsoorsig gedurende Maart 2012. Wat kwaliteitversekeringspraktyke gedurende die verslagtydperk betref, is 2 kortkursusmodules intern self-geëvalueer en 3 leerprogramme is ekstern voorgelê vir kwaliteitsversekering en moderering deur die SOOOland OOKO.

Altesaam 438 studente is vir die B.Agric.-graadprogram, Hoër Sertifikaat in Landbou en Diploma in Landbou geregistreer, asook die Sertifikaat in Meesterskap met Perde en Voorbereidende Ruiterkunsonderrig.Die laasgenoemde opleidingsprogram is ook aangebied vir 15 beamptes van die Metropolisie sodat hulle polisieperde kan beheer, veral vir skarebeheer.

Altesaam 128 studente het uit die 4 hoëronderwysopleidingsprogramme wat aangebied is, gegradueer.Gedurende hierdie tydperk het studente wat as wynmakers opgelei word, 3 bronsmedaljes by die Jongwynmakertentoonstelling gewen.Beurse ter waarde van meer as R1 miljoen is gedurende die finansiële jaar by verskeie instellings bekom.

Implementering van die Wes-Kaap-Boergondië-uitruilprogram is voortgesit soos beplan. Altesaam 27 deelnemers vanuit die Provinsie Wes-Kaap het by hierdie uitruilprogram gebaat, terwyl 8 Franse studente by die Elsenburg-landbou-opleidingsinstituut gehuisves is. Daarbenewens het die rugbyspan van die Elsenburg-landbou-opleidingsinstituut die CFPPA besoek vir 'n kort toer in Boergondië, Frankryk.

Die Program: Landelike Ontwikkeling (LO) het die optrede en besteding van die drie sfere van regering in geselekteerde landelike ontwikkelingsnodusse gekoördineer. Met die Program is gepoog om effektiewe steun deur die nasionale en provinsiale regering aan die plaaslike regering se Geïntegreerdeontwikkelingsplanne (GOP's) in landelike wyke te bewerkstellig. Die ontwikkeling van 'n gestandaardiseerde implementeringsraamwerkdokument waarin opgeneem is die aksies van die hele regering in elke wyk het 'n holistiese en gekoördineerde benadering tot implementering gebring om die impak van regeringsdienste in die geselekteerde landelike wyke te maksimaliseer. Hierdie benadering het dienslewering verbeter en groter begrip gebring van die manier waarop die regering in landelike wyke werk.

## ALGEMENE INLIGTING
## vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

Die Program:LO het bygedra deur twee bykomende landelike ontwikkelingsnodusse te aktiveer, wat die totale getal aktiewe nodusse in die Provinsie op agt (8) te staan gebring het. Die nodusse het die volgende ingesluit:

- Oudtshoorn-munisipaliteit (Dysselsdorp);
- Stad Kaapstad (Mamre);
- Matzikama-munisipaliteit (Ebenhaeser);
- Witzenberg-munisipaliteit (Bella Vista);
- Beaufort-Wes-munisipaliteit (Murraysburg);
- Bitou-munisipaliteit (New Horizons);
- Theewaterskloof-munisipaliteit (Villiersdorp), en
- Mosselbaai-munisipaliteit (nege landelike gemeenskappe).

Tot dusver is 221 projekte deur middel van die gekoördineerde ontwikkelingsbenadering gelys, met inbegrip van bydraes van al drie regeringsfere, met altesaam R301.171 miljoen aan befondsing wat teen die einde van die finansiële jaar verkry is. Met die uitsondering van die nuut gestigte Theewaterskloof- en Mosselbaai nodusse is altesaam 416 tydelike poste gedurende die finansiële jaar geskep, wat die totaal sedert die aanvang van die landelikeontwikkeling-implementeringsplan op 1 301 te staan gebring het, terwyl 798 opleidingsgeleenthede voorsien is, wat die totaal sedert aanvang op 1 453 te staan bring.

Wat plaaswerkerontwikkeling betref, is altesaam 1 556 plaaswerkers in vaardighede in samewerking met NRO's en die Program:GLO opgelei, 9 teenmiddelmisbruik-projekte is ondersteun, 14 streekplaaswerker-kompetisies en een provinsiale kompetisie is suksesvol aangebied, 16 distriksforumvergaderings is gekoördineer en 651 plaaswerkers is deur middel van die verwysingstelsel bygestaan.

# Deel 2:

## Inligting oor Voorafbepaalde Doelstellings


Bewilligde Fondse 20

Doel van die Begrotingspos 20

Samevatting van Programme 21

Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwitte 22

Oorsig van die Diensleweringsomgewing 2011/12 31

Oorsig van die Organisatoriese Omgewing vir 2011/12 40

Sleutel-beleidsontwikkelings en Wetgewende Veranderinge 42

Departementele Inkomste 45

Departementele Besteding 46

Oordragbetalings 46

Openbare Entiteite 50

Voorwaardelike Toekenning en Geoormerkte Fondse 50

Kapitaalbelegging-, instandhouding - en batebestuurplan 51

Programprestasie 53

# DEEL 2: PROGRAMPRESTASIE

## 2.1 Bewilligde Fondse

| Hoofbestemming R'000 | Aangepaste Bestemming R'000 | Werklike Bedrag Bestee R'000 | (Oor)/Onderbesteding R'000 |
|---|---|---|---|
| 501 718 | 517 192 | 514 559 | 2 633 |
| Verantwoordelike Minister | Minister van Landbou en Landelike Ontwikkeling | | |
| Beherende Departement | Departement van Landbou | | |
| Rekenpligtige Beampte | Adjunk-Direkteur-Generaal van Landbou | | |

## 2.2 Doel van die Begrotingspos

### Beheer

Om goeie korporatiewe beheerbeginsels en praktyke te voorsien, met inbegrip van ywerige finansiële bestuur, die aanwending van billike mensehulpbronbestuur, die bevordering van toepaslike kommunikasie met kliënte, ander Departemente, Provinsies en Afrika-lande, in die konteks van Batho Pele-beginsels, en die vereistes van IRV.

### Kennisontwikkeling

Om ekonomies toerekenbare en omgewingsvolhoubare vooraanstaande tegnologieë in alle sfere van landbouproduksie, prosessering en bemarking, met die nodige inagneming van huidige en toekomstige behoeftes van alle boere en verbruikers plaaslik en internasionaal in 'n veranderende omgewing te ontwikkel, om mededingendheid te verhoog, en om landbouproduksie vir groter groei en ontwikkeling sowel as die bevordering van landbouwerkgeleenthede uit te brei.

### Kennisoordrag

Om voornemende en huidige landboukundiges, boere en plaaswerkers in die landboubedryf op te lei en om loopbaangeleenthede in landbou te bevorder.

Om 'n mededingende en toepaslike ondersteuningsdiens (met inbegrip van voorligting) vir boere aan 'n breë spektrum van kliënte op 'n geografies-bepaalde basis te lewer, met klem op die ontluikende boerderysektor.

Om inligting en dienste m.b.t. landbou-ekonomie vir doeltreffende besluitneming in die landbou- en agri-besigheid-sektor te voorsien.

Om inligting en dienste te voorsien ten einde die doeltreffende gebruik van ons landbou-waterbronne te verhoog, veral gesien die moontlike impak van klimaatverandering op ons provinsie.

### Reguleringsfunksie

Om dieregesondheidsrisiko's te moniteer en minimaliseer, sowel as om voedselsekerheid deur middel van voedselveiligheid te verseker, en om die uitvoer van diere en diereprodukte te fasiliteer.

Om die bewaring en volhoubare gebruik van die omgewing te bevorder, veral die natuurlike hulpbronne vir landbou (grond en water), en om die fragmentering en hersonering van landbougrond te verhoed.

### Finansiële steun vir landbou

Om finansiële steun vir boere op alle produksievlakke te bestuur en te fasiliteer, met inbegrip van OPLO, Grondsorg, Grondbeskermingsubsidies, MIFISA, beurse vir landbou-opleiding en -onderwys, sowel as ramphulpfondse soos van tyd tot tyd toegewys.

## 2.3 Samevatting van Programme

| Program | Subprogram |
|---|---|
| 1. Administrasie | 1.1 Kantoor van die LUR<br>1.2. Senior bestuur<br>1.3. Korporatiewe Dienste<br>1.4. Finansiële Bestuur<br>1.5. Kommunikasiedienste |
| 2. Volhoubare Hulpbronbestuur | 2.1 Ingenieursdienste<br>2.2. GrondSorg<br>2.3. Grondgebruikbestuur |
| 3. Ondersteuning en ontwikkeling van boere | 3.1 Boere-nedersetting<br>3.2. Voorligting- en Adviesdienste<br>3.3. Voedselsekerheid<br>3.4. Casidra (Edms) Bpk |
| 4. Veeartsenydienste | 4.1 Dieregesondheid<br>4.2. Uitvoerbeheer<br>4.3. Veeartsenykundige Openbare Gesondheid<br>4.4. Veeartsenykundige Laboratoriumdienste |
| 5. Tegnologiese, Navorsings- en Ontwikkelingsdienste | 5.1 Navorsing<br>5.2. Inligtingsdienste<br>5.3. Infrastruktuur-ondersteuningsdienste |
| 6. Landbou-ekonomie | 6.1 Ontwikkeling en Ondersteuning vir Agri-Besigheid<br>6.2. Makro-ekonomie en Statistiek |
| 7. Gestruktureerde landbou-opleiding | 7.1 Tersiêre Onderwys<br>7.2. Verdere Onderwys en Opleiding (VOO)<br>7.3. Gehalteversekering<br>7.4. Opleidingsadministrasie en -ondersteuning |
| 8. Landelike ontwikkeling* | 8.1 Landelike Nodale ontwikkeling<br>8.2 Plaaswerkerontwikkeling |

*Hierdie Program is bykomstig tot die geproklameerde goedgekeurde struktuur.

## 2.4 Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwitte

### a) Ondersteun die provinsiale landbousektor om minstens die uitvoerposisie vir die volgende 5 jaar te handhaaf deur die toegevoegde waarde vanaf R14.014 miljard te verhoog

Al die programme binne die Departement dra tot die bogenoemde doelwit by. Die bydraes verskil per program, deurdat party programme (Volhoubare Hulpbronbestuur (VHB), Landelike Ontwikkeling (LO), en Gestruktureerde Landboubeplanning) (GLB)) 'n ondersteunende rol speel, terwyl ander (Boere-ondersteuning en Ontwikkeling (BOO), Landbou-ekonomie (LE), Veeartsenykundige Dienste (VD) en Tegnologie-, Navorsing- en Ontwikkelingsdienste (TNOD)) 'n direkte impak op die bogenoemde doelwit het.

VHB het toepaslike ingenieursdienste aan ons landboukliënte voorsien om die uitvoerposisie te handhaaf of verhoog, en terselfdertyd die doenbaarheid en volhoubaarheid van hul boerderyondernemings te verhoog. Ingenieursdienste is deur 409 ondersteuningsinisiatiewe soos ondersoekverslae, ontwerpe en voltooiingsertifikate aan landboukliënte gebied, en 214 kliënte is van ad hoc ingenieursadvies of -opleiding voorsien.

BOO het sy prosesse en middele vir ondersteuning- en befondsing verfyn deur die belangrikheid van markskakels as 'n sleutelvereiste vir uiteindelike volhoubaarheid te beklemtoon. Dit is versterk deur plaasassesseringsprosesse wat in samewerking met kommoditeitsformasies waaraan die Departement werk, gefasiliteer is. Hierdie is soos volg:Kommoditeitsformasies vir Akwakultuur, Suiwel, Vrugte, Graan, Dierebedryf (Rooivleis, Varkvleis en Skape/Wol), Wynbou en Groente. Die betrokkenheid van die kommoditeitsvennote en beskikbare markdeskundigheid in sodanige plaasassessering en versoekgoedkeuringprosesse het aanleiding gegee tot die integrasie van nuwe klein- en kommersiële boere in die hoofstroom van produsentemarkte en waardekettings.

Die voorligtingsdienste wat deur die Departement gelewer is en die deskundigheid wat deur kommoditeitsmentors gedeel is, het ook tot die markgereedheid van boere bygedra. Die vestiging van 20.3 hektaar tafeldruifwingerde, 42.4 hektaar wyndruifwingerde en 93.3 hektaar vrugteboorde, 1 703.9 hektaar onder graan, en 151.2 hektaar vir groenteproduksie is as gevolg van hierdie samewerking ondersteun.

Die uitbreek van Afrika-perdesiekte in die opneemgebied het die staking van die uitvoer van perde tot gevolg gehad. Eweneens het die uitbreek van voëlgriep onder volstruise 'n uitvoerverbod vir die hele finansiële jaar op volstruisvleis na die Europese Unie tot gevolg gehad. Albei hierdie uitbrake is onder beheer gebring sodat uitvoer in die nabye toekoms hervat kon word, afhangende van die invoerlande.

Navorsing oor kwessies van marktoegang is die sleutel tot die welslae van ons klein- en kommersiële boere. Marktoegang sluit nie slegs fokusareas soos toegang tot nuwe of voorheen ontoeganklike markte in nie, maar fokus ook op die spesifikasies en nakoming van produkte om hierdie markte suksesvol te betree. Marktoegang vir alle boere is een van die sleutelprioriteite om doelstellings te verwesenlik soos in die Provinsiale Strategiese Doelstelling (PSD) 11 uiteengesit.

In hierdie verband het die Departement 'n leidende rol gespeel deur tot die stel van

standaarde en die voorsiening van ondersteuning aan ons nywerhede by te dra. TNOD het in die verlede tot die bedryfstandaarde vir die wol- en kleinveebedryf bygedra, terwyl ons ook die volstruisbedryf ondersteun het deur 'n handleiding vir bedryfstandaarde saam te stel wat produsente sal help om aan die EU-standaarde te voldoen, en wat in die jongste tyd met maatreëls vir biosekuriteit as 'n voorvereiste vir toegang tot die EU-mark gehelp het.

'n Platform om binne die sektor saam te werk, is deur die Marktoegangwerkgroep gevestig wat gedurende die 2011/12 finansiële jaar gestig is. 'n Fokusarea om marktoegang te verkry, is markontwikkeling met 'n sterk fokus op nuwe en volhoubare markte op die nasionale en internasionale vlak. Aangesien Afrika nog 'n potensiële uitvoermark is, is ses (6) Swart Ekonomiese Bemagtiging-handelsmerke ondersteun om hul wyne in twee van die voorste stede in Nigerië, Lagos en Abuja bekend te stel.

Verskeie benaderings is ook gebruik om bemarkingsgeleenthede oop te stel, en dit sluit diplomatieke verhoudings met die Shandong Provinsie van China in. Gevolglik het 'n benadering van meerdere deelhebbers aanleiding tot die deelname van 23 wynmaatskappye in die Yantai Internasionale Wynfees gegee, wat deur 'n netwerkgeleentheid gevolg is. Daar is oor die jare gemerk dat hierdie aktiwiteite slegs na opvolg-intervensies positiewe resultate afwerp, wat egter reeds vier uitvoerooreenkomste vir die Suid-Afrikaanse wynmaatskappye tot gevolg gehad het.

Vyf swart kommersiële boere is bygestaan om deel te neem aan die internasionale blootstelling van die vrugtewaardeketting, en om die wêreld se varsprodukteskou, Fruit Logistica, in Duitsland by te woon. Die doel van die program is om klein- en kommersiële boere by te staan om toegang tot markte te verkry, deur produktiewe kapasiteite, die nakoming van tegniese vereistes, en die bevordering van sertifisering te verhoog.Die produk genereer ook kennis van voorsieningskettings en markte, en vaartbelyn pogings van plaaslike en internasionale rolspelers om suksesvolle integrasie van ontluikende boere in plaaslike, streeks-, of internasionale voorsieningskettings te fasiliteer. Dit is interessant om daarop te let dat die opbrengs op beleggings deur hierdie tipe intervensies daartoe gelei het dat 'n tweede swart uitvoerder ongeveer 7 000 kartonne tafeldruiwe deur die direkte kanaal na die Verre Ooste uitgevoer het.

Plaaslik het die program daartoe gelei dat die formele markte bereik kon word, met inbegrip van die groot kleinhandel-afsetpunte, en dit is belangrik vir die volhoubaarheid van die ondersteunde besighede op die program. Ongeveer 58 agri-besighede is ondersteun om toegang tot markte te bekom. Die intervensies deur die program het verkope ter waarde van meer as R10 miljoen tot gevolg gehad. Daar word op gelet dat die privaatsektor gretig is om by swart klein- en kommersiële boere te koop. Gevolglik het ongeveer 22 kopers onderneem om by hierdie boere te koop.

Ongeveer 61 markinligtingverslae is geproduseer en onder boere en agri-besighede versprei. Pogings is gemaak om, waar die model as geskik beskou is, swart klein- en kommersiële boere in koöperasies te organiseer

**b) Verseker dat minstens 60% van alle landbougrondhervormingsprojekte in die Provinsie oor die volgende 5 jaar suksesvol is**

Al die programme binne die Departement dra tot die bogenoemde doelwit by. Die bydraes verskil per program, deurdat party programme (Volhoubare Hulpbronbestuur (VHB), Landelike Ontwikkeling (LO), Veeartsenydienste (VD), Tegnologie, Navorsing en Ontwikkelingsdienste (TNOD) en Gestruktureerde Landbou-opleiding (GLO)) 'n ondersteunende rol speel, terwyl ander (Boere-ondersteuning en Ontwikkeling (BOO), en Landbou-ekonomie (LE)), 'n direkte impak op die bogenoemde doelwit het.

VHB het toepaslike ingenieursdienste aan grondhervormingsbegunstigdes voorsien, ten einde die doenbaarheid en volhoubaarheid van hul boerderyondernemings te verhoog. Dit is gedoen d.m.v. 130 ondersteuningsinisiatiewe soos ondersoekverslae, ontwerpe en voltooiingsertifikate.

BOO het 105 plaasassesserings gefasiliteer, tot die ontwikkeling van 80 grondbenuttingsplanne bygedra, 128 plaasversoeke vir ondersteuning is goedgekeur waarvan 81 kleinboerplase was, en 471 moniteringsverslae oor grondhervormingsplase is voltooi.

Daarbenewens het BOO 'n in terne voorlopige opname van 202 grondhervormingsplase voltooi wat op verskeie elemente gefokus het wat grondhervormingsplase as suksesvol sou beskou, en wat faktore soos die volgende insluit: toegang tot markte, nakoming van arbeidwetgewing, SAID-nakoming, herbelegging van verdienste, ondernemingsbestuur in lyn met besigheidsplanne, ens. Hierdie opname het aangetoon dat 74% van die plase toegang tot gevestigde markte het, 78% goeie finansiële bestuur en rekordhouding aan die dag lê, 76% hul besigheidsplanne implementeer, en dat 50% SAID-vereistes en 38% arbeidswette nakom. Kwessies waarop in die nuwe jaar gefokus sal word, is om projekte in lyn met nakoming van SAID-vereiste en arbeidswetgewing te kry. Die bedoeling is om die bevindings van hierdie voorlopige opname as 'n gids te gebruik om in 2012/13 meer in diepte-studies oor grondhervormingsplase in die provinsie uit te voer, ten einde sleutel-areas te bepaal waarop planne vir grondhervorming gefokus kan word.

Die Departement se Eenheid vir Tegniese Bystand (ETB) is ten volle operasioneel en het omvattende dienste vir ondernemingbeplanning en plaasassesseringsdienste gebied. Daarbenewens het die voorligtings- en adviesdienste wat deur die Departement gelewer is, en die deskundigheid wat deur kommoditeitsmentors gedeel is, ook tot verhoogde produksie en die uiteindelike volhoubaarheid van die grondhervormingsplase en -ondernemings bygedra. Sleutelkliënte sluit grond- en landelike hervormingsbegunstigdes, georganiseerde landbou, kommoditeitsformasies, en bestaans- en kleinboere in.

Die benutting van die Slimpen-tegnologie het datavaslegging in die veld in terme van hierdie gelewerde dienste moontlik gemaak, en dit word in 'n projekdatabasis ingevoer. BOO het 83 demonstrasies en 29 boeredae gelewer, en 3 352 boere met advies bedien.

Veeartsenykundige bystand en advies is deur beamptes aan talle diereproduksieprojekte gelewer. Kliniese dienste deur private veeartse vir hierdie projekte word deur Casidra (Edm) Bpk. gefasiliteer.

Besprekings vir vier (4) geleenthede is deur Casidra uitgereik.

Die welslae van grondhervormingsprojekte is op 'n oorvloed van faktore gebaseer. Een van die sleutel-suksesfaktore is die fyn balans tussen beskikbare hulpbronne en die keuse van boerderyaktiwiteit. Wat dit betref, het ons navorsing gehelp om hulpbronbeperkings te identifiseer (byvoorbeeld grondgehalte) en om ruimtelike ontleding aan die voorligtingsbeamptes te bied – om maar 'n paar te noem. Verder is die volhoubaarheid van grondhervormingsprojekte ook op produksietegnologieë gebaseer, en in hierdie verband het die navorsingspogings op slim-klimaat-tegnologieë vir groter opbrengste of kleiner koste in plant en diereproduksie gefokus.

'n Swart Boer databasis is deur die Departement geskep aangesien hierdie 'n kategorie is wat nie deur die amptelike statistieke van Statistiek Suid-Afrika vasgelê is nie. Die inligting op hierdie databasis het geblyk nuttig vir bestuursbesluitneming te wees. Tydens die verslagjaar is ongeveer R3.8 miljoen se lenings van die Suid-Afrikaanse Mikro-finansiële Instansies (SAMFI) vir swart klein- en kommersiële boere in die Wes-Kaap goedgekeur. Hierdie boere is met ekonomiese inligting bygestaan om die aansoekproses te ondersteun, en op 'n gereelde basis gemoniteer om terugbetaal-ongerymdhede te elimineer .

Die ander LE-aktiwiteite wat daarop ingestel is om suksesvolle grondhervorming te verseker, sluit die ondersteuning met die hou van finansiële rekords in, met die plan om dit gedurende die 2012/13 finansiële jaar tot die hele Provinsie uit te brei. 'n Totaal van ongeveer 43 ekonomiese studies (impakassesserings, lewensvatbaarheidstudies, besigheidsplanne, doenbaarheidstudies en beleggingsprogramme wat ontwikkel of geëvalueer was), is geproduseer. Hierdie was meestal vir grondhervorming- en landelike begunstigdes.

Nog 'n program wat grondhervormingsbegunstigdes teiken, is die Marktoegangprogram. Deur verskeie intervensies van die program is toegang tot 'n som van meer as R12 miljoen se fondse deur die begunstigdes verkry. Die program het inderdaad tot ander aktiwiteite van die Departement bygedra wat op suksesvolle grondhervorming ingestel was.

Navorsing wat in samewerking met die Universiteit van Wageningen in Nederland en die Universiteit van Fort Hare gedoen is, het tot die Markassesseringsprogram bygedra. Die program is op gehalteverbetering in agri-voedselkettings ingestel. Die huidige navorsing fokus op struktuurvernuwings, koördinering- en ondersteuningsdienste in die lewering van Suid-Afrikaanse sagtevrugte, ten einde deur grond- en landelike hervorming marktoegang vir kleinboere en kommersiële entrepreneurs te verbeter.

GLO, en veral die subprogram: Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) in samewerking met BOO het 'n verskeidenheid vaardigheidsprogramme aangebied aan begunstigdes van die Omvattende Landbou-ondersteuningsprogram (OLOP)/Pro-aktiewe grondverkrygingskema (PGVS). 'n Totaal van 1 940 begunstigdes het opleiding ontvang, die meerderheid boere of boerehulpe binne die oorlewings- of kleinboergroepe.

**c) Werk met boere en nywerhede saam om die sektor te ondersteun ten einde landbouproduksie (primêre provinsiale kommoditeite) met minstens 10% oor die volgende 10 jaar te verhoog**

Al die programme binne die Departement dra tot die bogenoemde doelwit by. Die bydraes verskil per program, deurdat party programme (Volhoubare Hulpbronbestuur (VHB), Landelike Ontwikkeling (LO), Veeartsenydienste (VD), en Gestruktureerde Landbou-opleiding (GLO))

‘n ondersteunende rol speel, terwyl ander (Boere-ondersteuning en Ontwikkeling (BOO), Tegnologie, Navorsing- en Ontwikkelingsdienste (NAOD), en Landbou-ekonomie (LE)), ‘n direkte impak op die bogenoemde doelwit het.

VHB het 162 besproeiingsboere van relevante inligting voorsien om hulle te help om die natuurlike hulpbronne wat vir hulle beskikbaar is optimaal te benut, ten einde produksie te verhoog terwyl dieselfde watertoebedeling gebruik word. Boere is verder bygestaan met inisiatiewe vir 141 meganisering- en bewaringboerderye, 4 op-die-plaas waardetoevoegings, 87 plaasstrukture en veehanterings, en 45 rivierwal-erosiebeskermings.

BOO het baie van sy tyd bestee om die kommoditeitsbenadering tot boere-ondersteuningsdienste in die Provinsie te versterk. Dit het die vaartbelyning van institusionele reëlings behels ten einde etlike kommoditeitstrukture in die Waterkultuur-, Suiwel-, Vrugte-, Graan-, Veeproduksie- (rooivleis, varke, en skape/wol-), Wyn- en Groente-bedrywe te vestig waarmee die Departement kan saamwerk aan die assessering, prioritisering, implementering, ondersteuning en evaluering van boerderyondernemings. Hierdie benadering is aangeneem om beplanning, ekonomiese volhoubaarheid van regering-ondersteunde plase, en langtermyn-integrasie in die sektor te verbeter. Vir die jaar 2011/12 is die vestiging van 20.3 hektaar tafeldruifwingerde, 42.4 hektaar tafeldruifwingerde, 93.3 hektaar vrugteboorde, 703.9 hektaar vir graanproduksie, en 151 hektaar groentetuine as gevolg van hierdie samewerking ondersteun.

Om die kommoditeitsbenadering te ondersteun, is kwartaallikse byeenkomste deur die Departement met verskeie kommoditeitsformasies aangebied, en dieselfde belanghebbendes het ook aan PSD (11), werkgroepe (1, verhoogde produksie en 5, voorligtingherlewing) deelgeneem, wat tegelykertyd bydra om Uitset 1 van Nasionale Uitkomste 7 te verwesenlik. As deel van hierdie kommoditeitsbenadering het kommoditeitsmentors spesialis ondersteuning vir die Departement se adviserende ondersteuningsdienste aangebied. Dit is versterk met die gebruik van die Slimpen as ‘n sleutelhulpmiddel om plaasbesoeke doeltreffend te maak.

Opleiding en ontwikkeling van ons boere is ‘n integrale deel van ons dienste, en ‘n verbete poging is gemaak om die gehalte van vaardigheidsoudits te verbeter ten einde sleutelopleidingsbehoeftes te identifiseer. Dit sal BOO in staat stel om deur sy opleidingsaanbod op die kritieke opleidingsbehoeftes te respondeer, en 1 400 begunstigdes het hierby gebaat.

Die kommoditeitsbenadering het nie slegs tot ‘n reuseverbetering in die beplanning van projekte bygedra nie, maar het ook tot die mentorskap-ondersteuning aan boere gelei, wat van kritieke belang vir die bevordering van kleinhoeweboere tot kommersiële boere is. Dit het begin om vrugte af te werp deurdat aan goedgekeurde projekte onmiddellik na goedkeuring mentors toegewys is om kapasiteitbou te verseker. Agt-en-dertig (38) mentors is gedurende hierdie finansiële jaar aangestel om produksie te versterk. Dit is ook positief deurdat dit kleinboere ‘n geleentheid bied om by die bestaande netwerke binne gemeenskapsgroepe te baat. Hierdie benadering het gehelp om kwessies m.b.t. die gehalte van produkte die hoof te bied, en dien derhalwe om marktoegang te verbeter. Verder het demonstrasies (38), boeredae (29), en advies aan boere tot die toename in produksie bygedra.

Primêre dieregesondheidsdienste is aan kleinhoewe-veeboere voorsien. Hierdie het toetse vir, en inenting teen ‘n reeks ekonomies belangrike dieresiektes ingesluit.Net meer as vyfduisend (5 045) boere en eienaars van diere is van PDGS-dienste voorsien, en 95 880 diere is met inspeksie of inenting versorg.

**INLIGTING OOR VOORAFBEPAALDE DOELSTELLINGS**
**vir die jaar geëindig 31 Maart 2012**

Omvattende en kliëntgefokusde navorsingsprogramme- en projekte is deur die Institute vir Diere- en Plantproduksie en Hulpbronbenutting uitgevoer. Ten einde vir landbouprodusente (kommersiële en klein boere) om hul produksie te verhoog, moet daar met twee kritieke faktore rekening gehou word: Laer insettegnologie (laer insetkoste) en hoër uitsettegnologie (produksie), terwyl daar tred gehou word met die uitdagings van klimaatverandering. Die rol van navorsing en ontwikkeling wat dit betref, is van kritieke belang.

Nuwe en aangepaste tegnologie wat deur vooraanstaande navorsingspogings gegenereer is, het en sal verseker dat ons produsente volhoubaar en mededingend is met beperkte natuurlike hulpbronne (veral water) en die veranderende omgewing, en sal die basis verseker om landbouproduksie met 10% oor die volgende 10 jaar te verhoog.Verder sal klimaatwys-landbou van die grootste belang in alle landbou-ondernemings wees. Landbou is een van die belangrikste en een van die grootste kennisgebaseerde sektore in Suid-Afrika, en wetenskap en tegnologie, met navorsing as die sleutelhoeksteen, is belangrik om landelike ekonomiese groei te onderskraag en om uiteindelik voedselsekerheid en landelike ontwikkeling die hoof te bied. Dierenavorsing word onderneem oor die teel, voeding en bestuur van grootvee (suiwel), kleinvee (skape) en volstruise, terwyl gewasnavorsing graan, oliesaad en proteïenryk gewasse, groente, en alternatiewe en weidinggewasse insluit.

Deur samewerking met die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BVLB) is navorsing gedoen wat op ekonomiese modelle gebaseer is, spesifiek mediumtermynprojeksies van prys- en produksievolumes vir verskillende landboubedrywe en plaasvlakmodelle vir strategiese besluitneming. Die mandjie bedrywe wat in die bedryfprojeksies ingesluit was, het oor die afgelope paar jaar uitgebrei soos nuwe bedryfmodelle ontwikkel was, terwyl bestaande bedryfmodelle gehandhaaf is. Hierdie het tafeldruiwe, appels, pere, wyn, wintergraan, suiwel, vleis en aartappels ingesluit.‘n Grondlyn-dokument is vir die tweede keer in die Wes-Kaap vrygestel.

By die BVLB se hulpmiddele is agri-hoogtepunte ingesluit wat volhoubare, vergelykbare, gekwantifiseerde inligting oor boerderystelsels genereer, veral vergelykings van tipiese plase (produksiestelsels, produksiekoste, mededingendheid en toekomstige ontwikkeling). Die hulpmiddel volg ‘n soortgelyke metodologie as wat in die Micro Combud stelsel gebruik word, wat deur die Departement aangebied en in stand gehou word. Gevolglik is Micro Combud met model-ontwikkelaars in Junie 2011 in Duitsland gedeel, om as basis vir die internasionale tuinboukundige model te gebruik.

Die Micro Combud program het oor die jare ontwikkel soos tegnologie verander het, en ‘n web-gebaseerde stelsel is gedurende die 2011-jaar uitgerol. Gevolglik is 35 nuwe ondernemingsbegrotings ontwikkel, en 14 bestaande begrotings is bygewerk.

Die navorsing wat onder die subprogram uitgevoer is: Mikro-ekonomiese ondersteuning het 43 verslae tot gevolg gehad. Die databasisse (34) wat deur LE in stand gehou word, is essensieel om die ontleding te ondersteun wat deur die Program en verskeie instansies gedoen word. Gevolglik is daar gedurende die jaar op ongeveer 174 versoeke om inligting gerespondeer.

GLO het met verskeie belanghebbendes saamgewerk om vaardigheidsontwikkeling en kapasiteitbou in landbou te bevorder en ondersteun.Vaardigheidgebaseerde opleiding is aan 1 940 boere en plaashulpe gebied, terwyl 438 studente vir voltydse studie in hoër onderwys opleidingsprogramme ingeskryf het. ‘n Totaal van 128 studente het in hierdie

programme afgestudeer. Afgestudeerdes sal die sektor meestal as boere, plaasbestuurders, assistent-plaasbestuurders, toesighouers, landboukundiges en landbou-adviseurs betree.

**d) Optimaliseer die volhoubare benutting van ons natuurlike hulpbronne deur middel van bewaringsmetodes om landbouproduksie te verhoog.**

Al die programme binne die Departement dra tot die bogenoemde doel by. Die bydraes verskil per program, deurdat party programme (Boere Ondersteuning en Ontwikkeling (BOO), Landelike Ontwikkeling (LO), Landbou-Ekonomie (LE), Veeartsenydienste (VD), en Gestruktureerde Landbou-opleiding (GLO)) 'n ondersteunende rol speel, terwyl ander (Volhoubare Hulpbronbestuur (VHB), Tegnologie, en Navorsing- en Ontwikkelingsdienste (NAOD)) 'n direkte impak op die bogenoemde doelwit het.

VHB het relevante inligting aan 162 besproeiiers gebied om hulle te help om hul watergebruik doeltreffend te verhoog ten einde groter oeste met minder water te produseer, en het relevante inligting aan droëland graan- en rooibostee boere voorsien deur 141 inisiatiewe om van konvensionele boerdery na bewaringsboerderypraktyke oor te skakel ten einde grondvrugbaarheid te verhoog en vog in die grond te behou. sewe bewustheidsveldtogte en kapasiteitbou-oefeninge oor GrondSorg is uitgevoer. 2 110 hektaar plaasgrond is deur bewaringsmaatreëls verbeter, en 314 plaasplanne is vir volhoubare boerderydoeleindes bygewerk.

Die Departement se Eenheid vir Tegniese Bystand is ten volle operasioneel en bied 'n volle pakket van beplanning- en assesseringsdienste wat omgewings- en natuurlike hulpbronassessering insluit. Die doel is om te verseker dat die assessering en beplanning van landbou-ondernemings hierdie elemente vir omgewings- en finansiële volhoubaarheid voldoende beheer.

Die subprogram: Voedselsekerheid se oorkoepelende program is deur die "foodpods"-konsep versterk. Hierdie boerderymetode laat huishoudings toe om voedsel met gebruikmaking van kratte te produseer en dus water te bespaar.

Voorligting en die oordrag van tegnologie het gehelp om vee-eienaars te bemagtig om die drakapasiteit van verskillende weivelde te verhoog, en sodoende sensitiewe weiding doeltreffend te gebruik

Die uitdagings van klimaatverandering het reeds 'n impak op die Wes-Kaap gehad, wat beskou word as die provinsie wat die meeste deur hierdie fenomeen geraak sal word. Om hierdie rede het ons 'n groot aanvraag na navorsing en tegnologie-ontwikkelingsdienste ervaar om boere by te staan om hul produksie teen 'n stel klimaatuitdagings vol te hou (byvoorbeeld die waterkrisis in die Suid-Kaap en die gevolglike impak op die beskikbaarheid van weiding en voer). TNOD het die fokus op klimaatveranderingverwante navorsingsdissiplines verskerp, met inbegrip van minimum bewerking vir grondbewaring, wisselbou vir verhoogde produksie, oordeelkundige gebruik van kunsmis, alternatiewe boerderypraktyke, en moontlike nuwe en alternatiewe gewasse vir die Wes-Kaap.

Twee referate is by die European Association of Environmental and Resource Economics (EAERE) se kongres in 2011 in Rome gelewer. Die doel was om portuurmenings in te span om die waarde van die navorsing te verhoog en om gehalte te verseker. Inligtingverspreidingsaktiwiteite het plaasgevind wat radiopraatjies oor biogas en plaasskaal

koolstofvoetspore ingesluit het, sowel as 'n artikel "Water en landbou: kritieke skeidingsvlak vir landelike ontwikkeling". Verdere inligtingverspreidingsaktiwiteite het 'n gastelesing vir 'n nagraadse klas in Omgewingsekonomie aan die Universiteit van Stellenbosch, vier lesings vir studente aan die Elsenburg Kollege, en 'n beleid-referaat vir wenke oor Lewensonderhoud uit Natuurlike Kapitaal in die Aghulas-plein.

'n Omvattende studie oor die koolstof-voetspoor deur die Departement van Landbou is voltooi. 'n Ph.D.-studie oor die bestuur van veeverlies aan roofdiere in die Knersvlakte is geregistreer, en 'n voorstel is voltooi en voorgelê aan die Universiteit van Kaapstad se Navorsingseenheid vir Omgewingsbeleid.

Die bevordering van volhoubare boerderypraktyke vorm 'n sentrale tema in die onderrig van studente op sowel die VOO as die HOO vlakke. Die subprogram: Tersiêre Onderwys (TO) het opleiding in volhoubare hulpbronbestuur aan elke student vanaf die eerste tot die derde jaar gebied. Die Diploma-werkopdrag oor natuurlike hulpbronbestuur dra 40% tot die finale punt by. Modules oor volhoubare boerderypraktyke, sowel as boerdery- en natuurlike hulpbronbestuur, het ook deel gevorm van die leerraamwerk vir leerderskapprogramme.

### e) Verhoog landbou-ekonomiese geleenthede in geselekteerde landelike areas gebaseer op sosio-ekonomiese behoeftes oor 'n tydperk van 10 jaar

Al die programme binne die Departement dra tot die bogenoemde doel by. Die bydraes verskil per program, deurdat party programme (Boere Ondersteuning en Ontwikkeling (BOO), en Landelike Ontwikkeling (LO)) 'n ondersteunende rol speel, terwyl ander (Volhoubare Hulpbronbestuur (VHB), Tegnologie, Navorsing- en Ontwikkelingsdienste (NAOD) Landbou-Ekonomie (LE) Veeartsenydienste (VD), en Gestruktureerde Landbou-Opleiding (GLO)) 'n direkte impak op die bogenoemde doelwit het.

Die Departement het die Wêreldvoedseldag op 14 Oktober 2011 in Doringbaai gevier. As deel van die viering het die Departement 48 huishoudings, met gebruikmaking van die "Foodpods"-konsep, van voedselproduksiepakkette voorsien, en sodoende hulle in staat gestel om hul eie voedsel met gebruikmaking van kratte te produseer. Daarbenewens is kwalifiserende huishoudings ook met inheemse hoenders ondersteun om toegang tot diereproteïene te verhoog.'n Totaal van 51 gemeenskapsprojekte is ook oor die Provinsie heen gelewer, tot die voordeel van 1 091 begunstigdes. Hierdie projekte is in vennootskap met lede van die Provinsiale Taakspan vir Voedselsekerheid en munisipaliteite gelewer.

Die subprogram: Voedselsekerheid het 'n Wêreld Voedseldag-opname gedoen om vordering te assesseer in die projekte wat sedert 2007 befonds is. Die opname het bevind dat uit die 240 huishoudings wat as deel van die Wêreldvoedseldag-vierings ondersteun is, 149 (62%) steeds produktief is. Dit is heel positief gegewe die komplekse aard van voedselonsekerheid in gemeenskappe.

Pogings om die uitbreek van voëlgriep in die Eden-distrik te beheer, sal verseker dat die volstruisbedryf herstel en vir die langtermyn floreer, en dat die negatiewe finansiële effek op die distrikmunisipaliteit effens sal afneem.

Die vestiging van nuwe landbou-ondernemings in landelike gebiede sal deur die navorsing en ontwikkeling-portefeulje van die Departement ondersteun word. Dit sal die voorsiening

van besluitnemingsmiddele (d.w.s. risiko- en potensiële assesserings) en die oordeelkundige gebruik van natuurlike hulpbronne insluit om landbouproduksie met beperkte insette te optimaliseer.

LE het 'n aktiewe rol in die vergaderings van die Landelike Ontwikkeling Loodskomitee gespeel. Die Agri-besigheid Beleggingseenheid het 'n aansienlike bydrae gelewer om die bogenoemde doelwit te verwesenlik, aangesien die Eenheid R82 miljoen se beleggings tot 'n aantal projekte in die landelike gebiede verbind het.

Aangesien indiensneming van sleutelbelang in die landbousektor is, veral in die landelike gebiede, is verskeie ontledings oor indiensnemingstendense en -patrone gedoen. Hierdie sluit 'n verslag oor die "toepassing van spektrale ontleding op landbou-indiensneming" in. Spektrale ontleding is 'n nuttige hulpmiddel om lang- en korttermyn-siklusse in tydreeksdata te bekom en te kwantifiseer.

Die databasisse onder LE is belangrik om die sosio-ekonomiese tendense in die landelike gebiede te monitor. LE het 'n rol gespeel deur die belangrikheid van agri-toerisme en wildboerdery as potensiële aktiwiteite vir diversifikasie aan te toon om plaas-inkomstes met gebruikmaking van data uit bestaande databasisse te verbeter.

GLO is aktief betrokke by vaardigheidsontwikkeling in die landelike nodules in die provinsie, veral binne die Omvattende Landelike Ontwikkelingsprogram (OLOP) se nodules. 'n Totaal van 71 begunstigdes van die Dysselsdorp-OLOP is in verskeie kursusse opgelei. 'n Totaal van 32 lede van die Raad van Belanghebbendes het opleiding ontvang en daar is nog 3 kursusse geskeduleer om later plaas te vind.

Die Murraysburg-CRDP is onderweg, en opleiding vir lede van die Belanghebber-Raad sal in 2012 gelewer word.

LO het bygedra deur twee bykomstige nodules vir landelike ontwikkeling te aktiveer, waardeur die totale aantal aktiewe nodules in die Provinsie op agt (8) te staan gebring is. Die nodules sluit die volgende in:

- Oudtshoorn Munisipaliteit (Dysselsdorp);
- Stad Kaapstad (Mamre);
- Matzikama Munisipaliteit (Ebenhaeser);
- Witzenberg Munisipaliteit (Bella Vista);
- Beaufort Wes Munisipaliteit (Murraysburg);
- Bitou Munisipaliteit (New Horizons);
- Theewaterskloof Munisipaliteit (Villiersdorp), en
- Mosselbaai Munisipaliteit (nege landelike gemeenskappe).

Tot op datum is 221 projekte deur die gekoördineerde ontwikkelingsbenadering gelys, met inbegrip van bydraes van al drie regeringsfere, met 'n totaal van R301.171 miljoen se befondsing wat teen die einde van die finansiële jaar vasgelê is. Sonder die nuut-gestigte nodules vir Theewaterskloof en Mosselbaai, is 'n totaal van 416 tydelike poste geskep, wat die totaal sedert die begin van die plan vir die implementering van landelike ontwikkeling op 1 301 te staan gebring het, terwyl 798 opleidingsgeleenthede voorsien is wat die totaal sedert die aanvang op 1 453 te staan bring.

In terme van plaaswerkerontwikkeling is 'n totaal van 1 666 werkers in samewerking met NRO's en GLO opgelei, 9 projekte teen misbruik van middele ondersteun, 14 streek-plaaswerkerkompetisies en een provinsiale kompetisie suksesvol aangebied, 16 distriksforumvergaderings gekoördineer, en 651 plaaswerkers deur die verwysingstelsel bygestaan.

## 2.5 Oorsig van die diensleweringsomgewing vir 2011/12

| Hoofdiens | Relevante Inligting |
|---|---|
| Voorsien 'n ingenieursondersteuningsdiens om omgewings- en ekonomies-volhoubare boerderypraktyke soos bewaringslandbou te verbeter, ten einde besoedeling deur landbou-aktiwiteite te voorkom en om die doeltreffendheid van die watergebruik van alle besproeiingsboere te verhoog. | 409 ondersteuningsinisiatiewe (ondersoekverslae, ontwerpe en voltooiingsertifikate) is aan ons kliënte gelewer, waarvan 160 vir OPLO/GAHP begunstigdes was. 214 kliënte is van ad hoc ingenieursadvies of opleiding bedien om hul produksie te verhoog, van wie 162 met inligting en opleiding voorsien is om die doeltreffendheid van hul watergebruik te verhoog. |
| Voorsien oplossings vir volhoubare batesbestuur en metodologieë deur die voorsiening van landbouingenieurs- en GrondSorg-dienste, proaktiewe kommunikasie, fasilitering en implementering van projekte, sowel as die oordra van tegnologie aan ons kliënte en vennote. | 7 bewustheidsveldtogte en kapasiteitbou-oefeninge oor GrondSorg is uitgevoer, 2 110 hektaar plaasgrond is deur bewaringsmaatreëls verbeter, en 314 plaasplanne is vir volhoubare boerderydoeleindes bygewerk. |
| Bestuur die verifiëring, opname, beplanning, ontwerp en implementering van rampbestuur vir boere, en voorsien die nodige tegniese ondersteuning gedurende die rehabilitasiefase. | Gedurende die jaar is twee ramphulpprojekte geïmplementeer, nl. die 2008-oorstromingsprojek en die 2010-Eden-droogteprojek.<br><br>Ongeveer 2 464 bemagtigingsbriewe is aan 1 083 boere uitgereik vir droogtehulp in die droogtegeteisterde gebiede van die Sentrale en Klein Karoo. 87 veewaterskemas is aangebring of bestaande skemas opgegradeer as deel van die droogtehulpskema. In totaal is R27 miljoen vir droogtehulp uitbetaal sedert die aanvang van die skema, met R24.9 miljoen wat in die 2011/12 finansiële jaar betaal is.<br><br>R34.5 miljoen van die 2008 toewysing vir oorstromingshulp is tot die einde van Maart 2012 gebruik vir rivierwalbeskermingswerk om die verdere erosie van waardevolle landbougrond te verhinder.'n Bedrag van R21.5 miljoen is gedurende hierdie finansiële jaar uitbetaal. Albei hierdie skemas sal in die 2011/12 finansiële jaar voortgesit word. |
| Voorsien 'n ondersteuningsdiens om die volhoubare benutting van natuurlike landbouhulpbronne te verbeter ten einde die omgewing in die konteks van die klimaatsveranderingfenomeen te bewaar. | Die webapplikasie waardeur besproeiers weekliks van bygewerkte inligting oor die werklike watergebruik van hul gewasse en 7 ander groeiparameters voorsien word, is uitgebrei om alle vrugtegewasse in die gebied wat deur die satelliet gedek word, in te sluit. Die Fruitlookprojek het op 1 Oktober 2011 begin, en sal voortduur tot die einde van die besproeiingseisoen op 30 April 2012.<br><br>Ondersteuning is deur 141 inisiatiewe aan droëland graan- en rooibosteeboere voorsien om van konvensionele boerdery na bewaringsboerderypraktyke oor te skakel ten einde grondvrugbaarheid te verhoog en vog in die grond te behou. |
| Verhoed die fragmentering van landbougrond deur die relevante outoriteite van kommentaar te voorsien oor die toepaslike wetgewing oor aanbevole grondgebruik. | 932 aansoeke vir die onderverdeling en/of hersonering van landbougrond is geëvalueer en kommentaar is aan die betrokke outoriteite voorsien. |

## INLIGTING OOR VOORAFBEPAALDE DOELSTELLINGS
## vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

<table>
<tr><th>Hoofdiens</th><th>Relevante Inligting</th></tr>
<tr><td>Bevorder voedselsekerheid en volhoubare landbou-ondernemings vir optimale landbou-produksie deur grondhervormingsinisiatiewe en –projekte (Omvattende Landbou-onders-teuningsproram (OLOP) / Grond-herbedeling vir Landbou-ontwikkeling (GHLO)) en die Voorligtingherlewingsprogram te ondersteun.</td><td>BOO het 105 plaasassesserings gefasiliteer wat tot verskeie strukture vir die goedkeuring van befondsing bygedra, en meestal grondhervormingsbegunstigdes bevoordeel het. Daarbenewens het BOO insette vir 80 grondgebruikplanne gelewer, en 128 versoeke vir bystand, waarvan 81 kleinhoeweboere was, is goedgekeur. Verder is 471 moniteringsverslae oor grondhervormingsplase voltooi.<br><br>Die volgende kommoditeite is gedurende die jaar met OLOP- en Ilima/ Letsima-toekennings ondersteun:<br>• Akwakultuur,<br>• Suiwel,<br>• Vrugte,<br>• Graan,<br>• Veebedryf (rooivleis, varkvleis, skape/wol),<br>• Wingerdbou, en<br>• Groentekommoditeitformasies.<br><br>Vir OLOP is 49 projekte ondersteun en 1 691 mense bevoordeel. Deur die Ilima/ Letsima-program is ‘n totaal van 839 projekte befonds, wat huishoudelike voedselsekerheidsprojekte insluit, en 2 858 mense bevoordeel het.<br><br>Gedurende hierdie finansiële jaar is die volgende produksiegebiede gevestig:<br>• 20.3 hektaar tafeldruifwingerd<br>• 42.4 hektaar wyndruifwingerd<br>• 93.3 hektaar vrugteboorde,<br>• 1 703,9 hektaar graan<br>• 151.2 hektaar groenteproduksie<br><br>Deur die Voorligtingherlewingsprogram (VHP) studeer 10 Landboukommod-iteitswerkers, van wie ses (6) deeltyds en vier (4) voltyds. Teen die einde van Maart 2012 het twaalf (12) Landbouadviseurs hul 4-jaar en hoër grade voltooi.</td></tr>
<tr><td>Voorkom en beheer veesiektes, fasiliteer die uitvoer van vee en veeprodukte, bied veeartsenykundige diagnostiese dienste en verseker die veiligheid van vleis en vleisprodukte deur die implementering van die Wet op Vleisveiligheid (Wet 40 van 2000), die Wet op Dieresiektes (Wet 35 van 1984) en ander relevante wetgewing.</td><td>Die uitbraak van Voëlgriep onder volstruise is onder beheer gebring deur die toets en slag van meer as 45 000 volstruise.<br><br>Die uitbraak van Afrika-perdesiekte in Mamre is beheer deur die invoer van streng bewegingsbeheer en die inenting van alle kwesbare diere binne en rondom die gebied.<br><br>Die uitbraak van Slenkdalkoors is beheer deur dienste wat deur voorligtingsbeamptes aan vee voorsien is . Beamptes het meer as 8 500 diere wat aan kleinhoewe-veeboere behoort, teen die siekte ingeënt.<br><br>433 gereelde slagpalebesoeke is aan slaggeriewe gebring om te verseker dat die verbruiker veilige vleis ontvang, deur higiëniese beginsels en prosedures by slagpale te monitor en te oudit.<br><br>In ‘n poging om die gaping in dienslewering wat deur die onttrekking deur die DLBV van uitvoersertifiseringsfunksies –wat erge ongerief vir die Program veroorsaak het – te oorbrug, is die diens gehandhaaf deur die Departement self.</td></tr>
<tr><td>Voorsien snypunttegnologie aan kommersiële en kleinhoeweboere en ander belanghebbendes deur ‘n kliëntgefokusde en probleemgedrewe portefeulje vir navorsing- en tegnologie-ontwikkeling wat deur die Instituut vir Diereproduksie, Plantproduksie en Hulpbronbenutting uitgevoer word.</td><td>Hierdie diensleweringsagenda het die uitvoering van probleemoplossings- en nywerheidgefokusde navorsingsprojekte ingesluit wat met die verskillende nywerhede by verskeie forums en kontaksessies bespreek is. Agt-en-twintig nuwe projekte is goedgekeur, 72 bestaande projekte is uitgevoer, en 15 projekte is afgehandel.</td></tr>
</table>

## INLIGTING OOR VOORAFBEPAALDE DOELSTELLINGS
## vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

| Hoofdiens | Relevante Inligting |
|---|---|
| Versprei en kommunikeer toepaslike nuwe en aangepaste tegnologie en wetenskaplike inligting in die vorm van gebruikersvriendelike inligtingspakkette, wetenskaplike en populêre publikasies, teikengroep-gefokusde inligtingsdae en uitstallings, "loop en praat" op die plaas, en radiopraatjies. | Inligting wat uit navorsing gespruit het, is in 'n omvattende portefeulje vir die oordrag van tegnologie aan ons kliënte versprei, wat gewissel het van een-op-een-sessies, loop-en-praat-sessies, radiopraatjies (41), voordragte (205), geleenthede vir die oordrag van tegnologie (14), tot die heel wetenskaplike vorms van tegnologie-oordrag, met inbegrip van referate en plakkate by kongresse (90), semi-wetenskaplike (15) en wetenskaplike (28) referate. |
| Voorsien dienste vir die ondersteuning van navorsing en infrastruktuur aan die drie vernaamste navorsingsinstansies, ander departementele programme en ander eksterne navorsingsinstansies vanaf sewe navorsingsplase. | Sewe navorsingsplase is in stand gehou en strategies opgegradeer om die navorsingspogings van die drie navorsingsinstansies te ondersteun (bv. LNR) en bedryfsmedewerkers. |
| Voorsien 'n volle reeks van landbou-ekonomiese dienste deur sektor- en plaasvlak-navorsing, model- en databasis-ontwikkeling en instandhouding, monitering van tendense en die voorsiening van advies en opleiding op die gebied van bemarking en agri-besigheid, makro- en mikro-produksie en hulpbron-ekonomie. | Die aktiwiteite wat onder LE uitgevoer is, het verskeie verslae (196) voortgebring, wat wissel van wetenskaplike, semi-wetenskaplike, populêre tot ad-hoc verslae.<br><br>Die dienste van sub-programme:Agri-besigheid se ondersteuning en ontwikkeling het ongeveer 1 273 kliënte bereik. Dit sluit die fasilitering van toegang tot finansiële ondersteuning, die verspreiding van markinligting, ondersteuning vir Agri-SEB, koöperasies, en finansiële rekordhouding in. Die webgebaseerde Mikro-Combud-Program is uitgerol en 49 begrotings is ontwikkel (35 nuwes en 14 gevestigdes). Dit het tot 43 ekonomiese studies gelei. Om in staat te wees om uitvoere te verhoog en swart kleinhoewe- en kommersiële boere in agri-waardekettings te integreer, is ongeveer 58 agri-besighede ondersteun om toegang tot markte te kry, en vier (4) internasionale promosies ondersteun om nuwe markte in Afrika en China te open. Om tot hierdie aktiwiteite by te dra, is 61 markinligtingsverslae geproduseer. Wat beleggingsfasilitering betref, het die beleggingseenheid van Agri-besigheid gedurende die jaar beleggings ter waarde van R82 miljoen in verskeie projekte gedoen.<br><br>Die subprogram: Makro-ekonomiese Ondersteuning het databasisse en verwante programmatuur in stand gehou en bygewerk. Gevolglik is 34 databasisse in stand gehou. Dit het dit moontlik gemaak om gedurende hierdie jaar op ongeveer 174 versoeke vir inligting te respondeer. Die navorsing wat onder die subprogram uitgevoer is, het die volgende ingesluit: ontleding van sektore en multi-sektore, armoede, inkomste, ontledings van ongelykheid en werkloosheid en ook hulpbron-ekonomie met spesiale klem op hernubare energie, water-ekonomie, biodiversiteit en bewaringsekonomie. Dit het tot 43 verslae gelei. Nywerheidsprojeksies en -scenario's onder die BVLB-samewerking is tydens die grondlyn-vrystelling aangebied wat in Augustus 2011 in Somerset-Wes gehou is. |

## INLIGTING OOR VOORAFBEPAALDE DOELSTELLINGS vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

| Hoofdiens | Relevante Inligting |
|---|---|
| Voorsien formele en nie-formele landbou-onderrig ten einde 'n vaardige en bekwame werkerskorps te ontwikkel om geleenthede vir ekonomiese groei vir volhoubare ontwikkeling vir voornemende produsente (oorlewings-, kleinhoewe-, en kommersiële boere) en adviseurs, tegnici, en plaaswerkers te vermeerder, deur geakkrediteerde opleidingsprogramme op die vlak van Hoër Onderwys, (HOO; NKR 5-7) en Verdere Onderwys en Opleiding (VOO; NKR1-4) aan te bied. | Tersiêre onderwys het 4 formele opleidingsprogramme naamlik B.Agric; Diploma en Hoër Sertifikaat in Landbou, sowel as die Perdemeester-sertifikaat en Preliminêre Perdry-onderrig aan 454 studente. Hiervan het 16 hul studies om verskeie redes gestaak. Sewe (7) geakkrediteerde en 5 nie-geakkrediteerde kort kursusse is aan 167 deelnemers gebied – 128 studente het in hierdie programme geslaag.<br><br>Beurse is aan 14 nuwe studente en 33 bestaande studente wat akademies gepresteer het, toegeken.<br><br>'n Totaal van 1 940 landboukundige begunstigdes is in kort kursusse opgelei, waarvan 'n groot gedeelte die OPLO/GHLO/PGVS-groep verteenwoordig het, met inbegrip van boere (kommersiële, oorlewings- en kleinboere), plaashulpe, en begunstigdes van landelike en buitestedelike landbougemeenskappe.<br><br>'n Totale aanvanklike registrasie van 100 leerders op verskeie leerlingskap-programme op NKR-vlakke 1-4 is aan die begin van die akademiese jaar aangeteken. 'n Slaagsyfer van 79% is behaal, en bekwaamheidsertifikate is deur die Agri-SETA uitgereik. Die rede vir die positiewe afwyking kan direk toegeskryf word aan die aanvraag na leerlingskap-inskrywings wat van elke VOO-gedesentraliseerde sentrum ontvang is.<br><br>Wat bemarkings- en loopbaanbewustheidsinisiatiewe betref, het die Subprogram VOO verskeie landbou-loopbaanuitstallings en samekomste, sowel as 17 skoolbesoeke binne die onderskeie streke bygewoon.<br><br>In terme van toegang tot hoër leerprogramme is twaalf (12) leerders tot die Hoër Onderwysstroom, 2 leerders tot die B.Agric-program , 9 leerders tot die Hoër Sertifikaat-program, en 1 leerder tot die Perdestudiesprogram toegelaat.<br><br>Wat gehalteversekering betref, het die Subprogram: VOO twee kort vaardigheidsprogramme intern geassesseer, en ook 3 leerlingskap-programme vir eksterne assessering en moderering deur die Agri-SETA gehalteversekeringsliggaam voorgelê, sodat die vereiste bekwaamheidsertifikate aan die einde van die leerlingskapprogram aan die suksesvolle leerders uitgereik kan word.<br><br>Beduidende beleggings in infrastruktuur is onderneem, naamlik algemene instandhouding en herstelwerk. |

## INLIGTING OOR VOORAFBEPAALDE DOELSTELLINGS
## vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

| Hoofdiens | Relevante Inligting |
|---|---|
| Bevorder volhoubare landbou-ontwikkeling in histories benadeelde gemeenskappe met die klem op alle kategorieë van boere, jeugdiges, vroue, werklose landelike en buitestedelike landbougemeenskappe en plaaswerkers | BOO het 83 demonstrasies en 29 boeredae gelewer, en 3 352 boere, van wie 1 522 kleinhoewe-boere was, met advies bedien om die kapasiteit van alle kategorieë van boere uit te bou.<br><br>Daarbenewens is 810 huishoudings deur die reistasprogram bereik, en 51 gemeenskaplike tuine gevestig. BOO het 'n "Voedselpeul"-konsep ingevoer om die reistasprogram te ondersteun. Die "Food Pod" stel huishoudings in staat om hul eie kos met gebruikmaking van kratte te produseer, en sonder om van munisipale water afhanklik te wees. Agt-en-veertig (48) huishoudings het tydens die Wêreldvoedseldag 2011 by die "Food Pod"-konsep gebaat.<br><br>'n Totaal van 71 begunstigdes van die Dysselsdorp-CRDP is in verskeie kursusse opgelei. 'n Totaal van 32 lede van die Raad van Belanghebbendes het opleiding ontvang en daar is nog 3 kursusse vir later geskeduleer.<br><br>LO het bygedra deur twee bykomstige nodules vir landelike ontwikkeling te aktiveer, waardeur die totale aantal aktiewe nodules in die Provinsie op agt (8) te staan gebring is.<br><br>Tot op datum is 221 projekte deur die gekoördineerde ontwikkelingsbenadering gelys, met inbegrip van bydraes van al drie regeringsfere, met 'n totaal van R301.171 miljoen.<br><br>Deur die finansiële jaar is 'n totaal van 416 tydelike poste geskep, en 798 opleidingsgeleenthede voorsien.<br><br>Meer as 2 000 plaaswerkers is ontwikkel, en met gebruikmaking van verskeie intervensies in vennootskappe bygestaan. |
| Hersien, bevorder en implementeer die Mensekapitaal-Ontwikkelingstrategie vir die landbousektor in die Wes-Kaap, in 'n poging om meer indiwidue as deel van die breër transformasie na die landbousektor te lok, en om beter sinergie en samewerking tussen opleidingsdiensleweraars en bedryfsliggame te fasiliteer. | Ekonomiese ontwikkeling in die landelike landbou-areas sal slegs plaasvind indien die landelike mense met die verlangde en nodige kennis- en vaardigheidsbasis toegerus word.<br><br>Die Mensekapitaal-Ontwikkelingstrategie (MKOS) van die Departement is spesifiek daarop gefokus om beroepe te identifiseer wat skaars en kritieke vaardighede vereis, en speel 'n belangrike rol in die transformasie van die landbousektor deur vaardigheidsontwikkeling.<br><br>Die Departement het voortgegaan om vaardigheidsontwikkeling te fasiliteer, en om die omvattende MKOS te implementeer wat onder meer die volgende behels het:<br>• Bemagtiging van minstens 4 000 plaaswerkers deur die program vir plaaswerkerontwikkeling,<br>• Opleiding van nuwe Voorligtingsbeamptes, en die vaardigheidsontwikkeling van 46 reeds opgeleide beamptes,<br>• Voorsiening van tersiêre onderwysprogramme aan 454 gematrikuleerde studente, en vaardigheidsopleiding aan 1 940 boere en plaashulpe en 100 studente in VOO-leerlingskappe,<br>• Plasing van 24 inwonende studente om ervaring in die werkomgewing op te doen,<br>• Beurse aan 25 eksterne beurshouers om in areas met 'n tekort aan skaars en kritieke vaardighede te studeer,<br>• Ondersteuning aan 6 jong mense om nagraadse kwalifikasies deur die Program vir Jong Beroepslui (PJB) te bekom,<br>• Ondersteun 10 kandidaat ingenieurstegnici om praktiese opleiding en/of ervaring te bekom,<br>• Ondersteun 2 jong mense om aan die Agrifutura-projek met die Universiteit van Stellenbosch deel te neem,<br>• Bemarking van landbou as 'n potensiële loopbaan aan meer as 4 000 leerders by skole, en<br>• Implementering van die GrondSorg-program om jong mense aan te spoor om na ons natuurlike hulpbronne om te sien, deur leerders reg deur die Provinsie te teiken. |

## INLIGTING OOR VOORAFBEPAALDE DOELSTELLINGS
## vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

| Hoofdiens | Relevante Inligting |
|---|---|
| Fasiliteer verbeterde sinergie en samewerking tussen diensverskaffers en nywerheidsliggame deur onder meer die Forum vir die Provinsiale Landbou-Onderwys en Opleiding (PLOO). | Die uitrol van die MKOS en die daaropvolgende vestiging van die Provinsiale Landbou-Onderwys en Opleidingsforum (PLOO) het 'n baie nuttige platform vir uitgebreide in-koop en deelname deur belanghebbendes geskep om sinergie, betrokkenheid en samewerking in die ontwikkeling van mensekapitaal in die sektor te te bevorder. Twee vergaderings is gehou, met uitgebreide besprekings van landbou as 'n potensiële loopbaan vir die jeug, bemarking van landbou en bevordering van 'n positiewe beeld onder die jeug, en die opleiding van onderwysers in landbou. 'n Baie suksesvolle ope dag vir die jeug is in Mei 2011 by die Elsenburg Landbouopleidinginstituut gehou, waarby al die belanghebbendes van, en deelnemers aan die PLOO-forum betrokke was. |
| Kweek sterk skakeling en volhoubare opleidingsvennootskappe met plaaslike, nasionale en internasionale opleidingsinstansies en tersiêre inrigtings om vaardigheidsontwikkeling in die landbousektor te bevorder en te ondersteun | Die samewerkingsprogram van die Wes-Kaap en Boergondië is in 2011/12 voortgesit. Die program het sy tiende bestaansjaar in die Wes-Kaap met 'n glansfunksie by die Elsenburg Landbouopleidingsinstituut gevier. 'n Boek met 'n versameling foto's van deelnemers aan hierdie program wat na hul opleiding uitgestyg het, is vrygestel. Die samewerkingsooreenkoms is formeel vir nog vyf jaar uitgebrei.<br><br>Binne die raamwerk is 8 leerders in wingerdbou en wynkunde, 7 leerders in vaatbestuur en -instandhouding, en 4 leerders in die maak van kaas opgelei. Daarbenewens is 8 landbouvoorligtingsbeamptes van die Departement in projekbestuur en kleinplaas-produksie in Boergondië, Frankryk opgelei.<br><br>Ook het die rugbyspan van die Elsenburg Landbouopleidingsinstituut die CFPPA vir 'n kort toer in Boergondië, Frankryk besoek. In ruil daarvoor het die Elsenburg Landbouopleidingsinstituut as gasheer vir 8 Franse studente opgetree. |

### PROBLEME ONDERVIND EN KORREKTIEWE MAATSTAWWE GENEEM

BOO het 105 plaasassesserings uitgevoer wat insette vir verskeie goedkeuringstrukture vir befondsing gelewer het, met inbegrip van die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming (DLOGH) se Provinsiale Toekenningskomitee (PTK), wat nou as die Provinsiale Grondverkrygingsbeheerkomitee (PGVBK) bekend staan. Die PTK, saam met die DLOGH se Uitvoerende Bestuurder as voorsitter en goedgekeurde ondertekenaar, was vir die doel van grondhervorming die provinsie se besluitnemingstruktuur oor grondverkryging. Die PGVBK word as 'n meer tegniese komitee gesien wat grondverkrygings by die Nasionale Grondhervormingsbeheerkomitee (NGHBK) aanbeveel. Dit impliseer dat besluite oor grondverkrygings, met as doel grondhervorming in die Provinsie, op nasionale vlak geneem sal word. Die rolle en verantwoordelikhede van die verskeie belanghebbendes op die PGVBK-vlak is derhalwe van kritieke belang in terme van insette op die aanbevelingsfase van sulke verkrygings, omdat die Departement uiteindelik die mandaat sal kry om grondhervormingsplase wat in die provinsie gekoop is, te ondersteun.

Die uitgebreide mandaat en organisatoriese veranderings binne die DLOGH en die vrystelling van die Groenskrif oor Grondhervorming was nie duidelik genoeg m.b.t. samewerkingstrukture en implementering van die grondhervormingsprogramme wat in die Provinsie verlang word nie. Die ondersteuningsrol wat hierdie Departement vir die DLOGH speel, moet nog duidelik gemaak word.

Party van die probleme wat deur die subprogram ervaar is:Voorligting- en Adviesdienste, is die nie-bywoning van opleidingskursusse deur begunstigdes terwyl hulle aangedui het dat hulle die opleiding desperaat benodig. Die gevolg was vrugtelose en verkwistende uitgawes weens nie-bywoning. Korter periodes vir opleidingskursusse sowel as na-uurse of naweek-opleiding is onder die maatreëls wat in plek geplaas word om die nie-bywoning deur begunstigdes die hoof te bied.

Verder is daar 'n tekort aan ervare voorligtingsbeamptes, en die hoë omkeer van voorligtingsbeamptes beïnvloed die advies wat aan boere gegee word. BOO sal die studiegroep-benadering en die institusionalisering van samewerking van voorligtingsbeamptes met bedryfsdeskundiges inlei, en 'n interne ondersteuningspan vestig om voorligtingsbeamptes by te staan en te lei.

Die makrostruktuur-goedkeuring is deur die finalisering van die mikrostruktuur gevolg, en is op die einde van die finansiële jaar toegespits. Weens die beskikbaarheid van fondse word 'n aantal beamptes tans via die Voorligtingherlewingsprogram (VHP) op kontrak in diens geneem. Aangesien dit 'n voorwaardelike toekenning is, is die lewensduur van hierdie aanstellings nie seker nie, en word daar dus verwag dat pogings met die Provinsiale en Nasionale Tesourie en die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DLBV) bespreek sal word om hierdie befondsing in die Mediumtermynbestedingsraamwerk (MTBR) as 'n Billike Aandeel vas te maak.

Weens konfliksituasies tussen begunstigdes binne die voorheen befondsde projekte, is die teiken vir die rehabilitasie van projekte nie gehaal nie. Die herbeplanning van hierdie projekte was moeilik weens 'n stryery onder lede oor leierskapskwessies. Die Departement het altyd op strukture van die burgerlike samelewing staatgemaak (en sal hiermee voortgaan) om 'n oplossing te fasiliteer voordat befondsing aan projekte vrygestel word.

Die hoë eise aan tegniese inligting om meer volhoubare oplossings met laer insette en op 'n hulpbronsensitiewe wyse te produseer, het toenemende druk vanaf die populêre media op ons navorsingspan geplaas. In hierdie verband was pogings tot gekoördineerde tegnologie-oordrag in samewerking met ons navorsingsvennote van onskatbare waarde.

Beperkte kapasiteit binne LE, weens probleme met die werwing en behoud van geskikte gekwalifiseerde kandidate, het 'n impak op dienslewering gehad. LE het ook beperkte befondsde posisies, maar het aanvraag van dienste en bemarking en agri-besighede ervaar, veral onder produksie-ekonomie. Die situasie is deur die lang werwingsproses vererger wat gedurende die jaar ervaar is, aangesien die periode tussen advertensies en diensaanvaardings byna twaalf maande geduur het. Ondanks hierdie uitdagings is die klowe egter oorbrug waar verhoudings met verskeie instansies aangegaan is om op projekte saam te werk.

Die gebrek aan bereidwilligheid om met mekaar saam te werk (kleinboer en kommersiële boer) is as 'n bedreiging vir die volhoubaarheid van die Marktoegangprogram gesien, maar deur netwerkplatforms en kapasiteitbou-inisiatiewe is daar reeds 'n aanduiding van kollektiewe inisiatiewe wat deur hierdie groepe boere onderneem is.

Gedurende hierdie jaar het 'n internasionale nie-regeringsorganisasie, Human Rights Watch, 'n negatiewe verslag uitgebring oor die toestand van plaaswerkers in die Wes-Kaap. Dit het ernstige implikasies (wat kan voortduur) vir marktoegang gehad, veral in oorsese markte. Die vernaamste bedrywe soos vrugte en wyn was by etiese inisiatiewe betrokke, met die laasgenoemde se geïntegreerde seël wat teen die einde van 2012 vrygestel sal word. Hierdie inisiatiewe word onder die Marktoegangswerkgroep van PSD11 ondersteun. Selfs al was 'n bygewerkte Agri-SEB-telkaart vir kommentaar vrygestel, het gebrek aan bindende wetgewing die pogings gedwarsboom wat deur die Departement aangewend is om Agri-SEB te bevorder.

**INLIGTING OOR VOORAFBEPAALDE DOELSTELLINGS**
**vir die jaar geëindig 31 Maart 2012**

Die hoofuitdaging wat LO ervaar het, was die feit dat dit baie afhanklik van ander staatsdepartemente is om binne die toegelate tyd dienste te lewer en befondsing beskikbaar te maak. LO het 'n baie klein begroting gehad, wat hoofsaaklik gebruik is om 'n katalisatorrol te speel ten einde die impak te maksimaliseer en die aksies van die verskillende departemente by mekaar in te skakel. Die grootte van die begroting het bepaald die vorderingstempo gestrem in terme van die fasebenadering wat vir implementering in die landelike wyke gebruik is.

LO het hoofsaaklik die aksies en besteding van die drie regeringsfere in geselekteerde landelike ontwikkelingsnodules gekoördineer. LO het gepoog om doeltreffende ondersteuning deur die nasionale en provinsiale regering vir Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne (GOP'e) in landelike wyke te verkry. Die ontwikkeling van 'n dokument vir 'n gestandaardiseerde implementeringsraamwerk wat die aksies van alle regeringsfere in elke wyk bevat, het 'n holistiese en gekoördineerde benadering tot implementering gebring ten einde die impak van regeringsdienste in die geselekteerde landelike wyke te maksimaliseer. Hierdie benadering het dienslewering verbeter en 'n beter begrip geskep van hoe regering in landelike wyke werk.

LO was gedurende die 2011/12 finansiële jaar aktief by die volgende nasionale uitkomste en provinsiale strategiese doelwitte betrokke:Landelike ontwikkeling in sy breedste konteks (Nasionale Uitkomste 7 en PSD11); Maak werk van armoedeverligting (Nasionale Uitkomstes 4 en 7 en PSD9); Vaardigheidsontwikkeling in die 12 landelike nodules (Nasionale Uitkomste 5); Ekonomiese groei en ontwikkeling (PSD1), en Ekonomiese groei en ontwikkeling in landelike gebiede (PSD11).

Die Werkgroep: Landelike Ontwikkeling wat onder PSD11 gevestig is, het die opdrag gefinaliseer en het eenmaal elke kwartaal vergader. Die werkgroep is as 'n platform gebruik om vordering in die aktiewe landelike ontwikkelingsnodules te rapporteer, en om koördinering en kommunikasie tussen regeringsfere en provinsiale departemente op 'n senior bestuursvlak te verbeter.

Twee interdepartementele loodskomitees is gedurende die 2011/12 finansiële jaar gevestig, met die gevolg dat al agt die aktiewe landelike nodules nou oor hierdie struktuur beskik. Hierdie komitees fokus op die implementering van afgesproke projekte op 'n gekoördineerde wyse in die landelike ontwikkelingsnodules.

Gesien die institusionalisering van die gemeenskap se organisatoriese strukture in 'n Gemeenskapsraad van Belanghebbendes wat alle belanghebbers in die gemeenskap verteenwoordig, het die Program vyf sulke rade gedurende die finansiële jaar gevestig. Behalwe vir die nuutgevestigde Theewaterskloof en Mosselbaai het alle nodules nou hierdie struktuur in plek.

Die Program:LO is ook van insette tot die ontwikkeling van strategiese planne vir die werkgroepe binne PSD6 en 8 voorsien.

Vir die subprogram: Plaaswerkerontwikkeling om op toepaslike wyse werk van die behoeftes van plaaswerkers te maak, is dit noodsaaklik om betroubare kliënte-inligting te hê. Vandaar dat die subprogram die skep van 'n databasis van plaaswerkers in die Provinsie binne die Overberg Distriksmunisipaliteit geïnisieer het. Hierdie projek is aanvanklik in 'n vennootskap

met die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling begin, wat ongelukkig aan die einde van November 2011 onttrek het. Die Departement het egter besluit om met die opname voort te gaan, en daarna het die subprogram gedurende Februarie 2012 'n private organisasie aangestel om die voltooiing van die opname in die Overberggebied te ondersoek.
Dit het tot 'n vertraging in die voltooiing van die opname gelei.

Die laaste viremente na die aanpassingsberamings van 2011/12 was om die volgende redes:

1. Program 2: Oorbesteding van R44 000 op goedere en dienste.
2. Program 3: Oorbesteding van R5.03 miljoen weens die vinniger as verwagte vordering met sekere projekte.
3. Program 8: Oorbesteding van R720 000 weens die vinniger as verwagte vordering met sekere nodale projekte.

Die bostaande is opgemaak deur besparings op Program 1 (R2.141 miljoen), Program 4 (R222 000), Program 5 (R801 000), Program 6 (R573 000) en Program 7 (R2 057 miljoen).

Die Departement het suksesvol aansoek gedoen vir R364 000 om in 2010/11 oor te rol. Hierdie bedrag is tot die Departement se 2012/13-begroting bygevoeg.

Die globale finansiële krisis in die vernaamste tradisionele markte het klem gelê op die identifisering. Ontwikkeling en optimalisering van nuwe markte. Dit het aansienlike intervensies vereis om nywerhede tot diversifisering in nuwe markte by te staan, en vandaar dat LE by 'n aantal markontwikkelingsinisiatiewe in nuwe internasionale markte betrokke geraak het. Dit het ook 'n aanvraag vir meer markinligting in hierdie markte tot gevolg gehad. Die huidige finansiële toestand van boere, met 'n afname in netto plaasinkomstes, het getoon dat meer aandag aan beplanning gegee moet word om met besluitneming en hoogtepuntbepaling te help.

Die Slimpen het het 'n waardevolle instrument gebly om die projek vir die vaslê van inligtingsdata in reële tyd te verseker en toegang tot besluitneming deur bestuur te ondersteun. Oriëntering van voorligtingsbeamptes om die hardeware in die veld te benut, was die primêre fokus gedurende 2011/12. Die gehalte en volledigheid van die inligting wat gelaai is, is as 'n area gemerk om vir die volgende finansiële jaar op te fokus en te verbeter.

Die Landbou-inligtingbestuurstelsel (LIBS) is in sy finale ontwikkelingstadium by Casidra, aangesien 'n groot hoeveelheid werk by die samestelling daarvan betrokke was. Hierdie hulpmiddel sal diegene wat tot die Departement se programme bydra om 'n plaas- of projekgesentreerde databasis van populasies te voorsien, in staat stel om verslagherwinning- en projekbestuurfunksies te rapporteer. Die finalisering van die datavelde was 'n sleutelfokuspunt. Ondanks die vordering en kennelike voordele van die elektroniese stelsels, is daar steeds uitdagings weens die afstande tussen kantoorliggings en die instandhouding van die radionetwerk. Die situasie geniet egter aandag.

Die behoefte om landbounavorsing in die Wes-Kaap te koördineer, het tot die vestiging van die Navorsing en Ontwikkeling-werkgroep van PSD11 gelei. Hierdie groep sal as die Wes-Kaapse Landbounavorsingsforum (WKLNF) funksioneer. Lede van die WKLNF verteenwoordig die DLBV, die DA, statutêre organisasies (PPECB), LNR, nywerheidsorganisasies en tersiêre instansies. Drie vergaderings van die WKLNF is in 2011/12 gehou.

## 2.6 Oorsig van die organisatoriese omgewing vir 2011/12

Die departementele makrostruktuur is goedgekeur en die Departement is met die afparing- en plasingproses besig. Die goedkeuring van die struktuur sal die rapporteringslyne van al die programme verander, en afhangende van befondsing sal dit geïmplementeer word. Etlike programme het die spesifieke veranderings uitgelig wat die departementele makrostruktuur teweeg sal bring.

- BOO's se rapporteringslyn sal verander, en dit behoort samewerking met sleutelprogramme wat aan die voorpunt van dienslewering is, gunstig te beïnvloed.
- Weens die beskikbaarheid van fondse word 'n aantal beamptes via die Voorligtingherlewingprogram (VHP) op kontrak in BOO aangestel. Synde 'n voorwaardelike toekenning is die blywendheid van hierdie aanstellings nie verseker nie, en daarom word in die vooruitsig gestel dat pogings met die Provinsiale en Nasionale Tesourie en die Nasionale Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DLBV) aangewend sal word om befondsing as Billike Aandeel in die Mediumtermyn Bestedingsraamwerk (MTBR) te verseker.
- TNOD se nuwe mikrostruktuur is gefinaliseer en die mees kritieke poste sal vanaf 1 April 2012 befonds word.

Afparing en plasing teen die nuwe mikrostruktuur is ook gefinaliseer.

Daar was geen gevalle van stelseldefekte nie.

Geen groot gevalle van korrupsie is ontdek of ondersoek nie.

Dit het deur die herstruktureringsproses duidelik geword dat die VHP-kontrakaanstellings, sowel as die permanente aanstellings, nodig is om BOO se verlangde werk te doen. Die hersiene struktuur maak ook voorsiening vir senior tegniese spesialiste binne BOO. Dit sal gefokusde pogings moontlik maak om voorligting deur mentorskap en gestruktureerde afrigting van minder ervare beamptes te verbeter.

Die aanstelling van bykomstige opleidingsadviseurs het tot groter bereidwilligheid gelei om te respondeer aan kliënte m.b.t. boere-opleiding. Om die nodige vaardige beamptes te hê om vaardigheidsoudits op plase uit te voer, bied 'n stewige aanduiding van die opleiding- en ontwikkelingsbehoeftes van ons boere, waarop die opleidingskursusse wat aan hulle gebied behoort te word, geskoei is.

Veeartsenydienste is erg gestrem as gevolg van die gebrek aan genoeg gesondheidstegnici en staatsveeartse.Weens die beweging van personeel na ander sektore gedurende hierdie finansiële jaar, het VD 'n beduidende verlies in terme van ervare personeel gely, en 'n meer omvattende program vir die behoud van personeel word verken.

Ondanks die implementering van die BSB vir ingenieurs en ingenieurstegnici, kon nuwe aanstellings nie in VHB gemaak word nie weens die gebrek aan gepaste kandidate wat vir die geadverteerde poste aansoek gedoen het. Die internskap-program wat geïmplementeer is om meer mense uit die aangewysde groepe na die landbou te lok, weens die gebrek aan skaars vaardighede in die geteikende groepe van ingenieurs en tegnici, en om ons billikheidstatus en dienslewering aan kliënte te verbeter, het die kontrakaanstelling in SHB

van tien kandidaat-ingenieurstegnici en twee inwonende studente tot gevolg gehad. Al tien die kandidaat ingenieurstegnici is in die distrikte uitgeplaas om hulle te bemagtig om onafhanklik te werk. Een is ongelukkig oorlede en 'n ander het aan die einde van Maart 2012 bedank. Die suksesvolle werwing van ervare afgestudeerde en professionele ingenieurs bly 'n voortdurende uitdaging.

Die vakaturekoers van TNOD het gedurende 2011/12 laag gebly. Ernstige uitdagings met die vul van kritieke poste het vanaf 2010/11 voortgeduur, aangesien die KDS nie m.b.t. die tydlyne en prosesse kon presteer nie. Dit het dienslewering ernstig aan bande gelê, en ook daartoe gelei dat personeellede die oortyd-perk van 30% en uitbreiding van kontrakposte totdat die permanente poste gevul is, oorskry het.Verder het die verandering in verantwoordelike personeellede en bestuurstrukture by die korporatiewe dienssentrum ook by talle geleenthede tot onderbroke dienslewering gelei. Gedurende die laaste deel van 2011/12 is werk gemaak van die uitdagings met die vul van kritieke poste in die institute en op sommige plase, en uitstekende vordering is met die finalisering van aanstellings in etlike poste gemaak.

Teen die agtergrond van hierdie uitdagings is die vakante pos van Adjunk Direkteur: Infrastruktuur-ondersteuningsdienste slegs op 1 April 2011 gevul, nadat die proses etlike maande geneem het om af te handel. Daar moet op gelet word dat die aangestelde persoon, die vorige Hoof-Plaasbestuurder by die Langgewens navorsingsplaas, 'n gestremde in 'n rolstoel is, en die eerste gestremde persoon wat op hierdie vlak in die Program aangestel is.

Die vul van vakatures met die voorvereiste van SARNWP-registrasie vir navorsers en tegnici wat tot die openbare sektor toetree, het tot gevolg gehad dat die minimum of geen kandidate vir aanstelling gekwalifiseer het nie. Na etlike samesprekings met die SARNWP, is 'n nuwe kategorie (Gesertifiseerde natuurwetenskaplike vlak B) vir tegnici goedgekeur wat nie die nodige wetenskaplike akademiese agtergrond het nie, en dit sal die uitdaging dadelik verlig. Dit moet egter in gedagte gehou word dat aansoekers om posisies in die openbare sektor steeds vir hierdie kategorie sal moet registreer voordat aansoek om poste gedoen kan word.

Dit bly 'n voortdurende stryd om gepaste kandidate vir party van die kritieke posisies in LE te vind.Hierdie is 'n algemene bekommernis m.b.t. die loopbaanpad vir die beroep binne die openbare sektor, aangesien dit nie in die BSB-raamwerk ingesluit was nie. Hierdie situasie is vererger deur Resolusie 3 van 2002, wat die afgradering van party vlakke tot gevolg gehad het. Al het LE daarin geslaag om teen die einde van die finansiële jaar drie nuwe ampsbekleërs te werf, het dieselfde aantal egter terselfdertyd bedank.

Party van die aktiwiteite binne LE is uitsluitlik van die internet afhanklik, en die groot probleme wat gedurende hierdie jaar ervaar is, het die moraal van party van die personeel geaffekteer, alhoewel dit 'n algemene probleem vir almal was. Een van die ekonome wat vir marktoegangskakels verantwoordelik was, het bedank, en dit het 'n groot gaping gelaat wat met die Marktoegangsprogram skakel, maar die samewerking met Casidra en ander instansies het tot 'n mate van stabiliteit aanleiding gegee. LE het ook een van die beamptes verloor wat die ontwikkeling van koöperasies voorgestaan het.

GLO sukkel steeds om hoogs vaardige personeel te werf en te behou, veral op die terreine van skaars en kritieke vaardighede. Groot klem word geplaas op die professionele en persoonlike ontwikkeling van huidige personeellede.

Die meerderheid studente word in koshuise op kampusse gehuisves. Oor die algemeen is studente tevrede met die omstandighede en bestuur van huisvestinggeriewe. 'n Toenemende behoefte aan bykomstige geriewe (d.w.s. 'n kafeteria, en vir studie- en ontspanningsdoeleindes) word ervaar soos die aantal studente wat op die kampus woon toeneem. Hierdie behoeftes sal in die kampusbeplanning vir die medium- en langtermyn ingereken word. 'n Groot opgradering van die wynkelder is in sy finale voltooiingstadium. Verskeie ander infrastruktuur-opgraderingsprojekte vorder tans goed.

Die vakante pos van die lektor in wingerdbou is op kontrak gevul. Die pos van fakulteitsbestuurder Voorligting is gevul, en die onderhoude vir die Vrugtekundevoorman en -lektor is afgehandel. Gedurende die verslagperiode het twee VOO-lektore en die Leerlingskapkoördineerder bedank.

Vakante befondsde poste is geadverteer, en daar word verwag dat al die vakante poste gedurende die eerste kwartaal van 2012/13 gevul sal word. Daar moet op gelet word dat die lektorspos:Landbou-ingenieurswese weens die gespesialiseerde aard van die sleutelprestasieareas en die ongeskiktheid van die kandidate wat aansoek gedoen het, nie gevul kon word nie. Alternatiewe werwingsmetodes, veral vir hierdie pos, sal verken moet word.

Lektore het verskillende seminare en kongresse op hul deskundigheidsgebied bygewoon, en die res van die lektorepersoneel is gestuur om assessor-opleiding te ondergaan. Insgelyks is drie lektore nou besig om vir 'n meestersgraad in opvoedkunde te studeer, terwyl een lektor haar doktorsgraad verwerf het.

Die subprogram: VOO het 'n werkswinkel oor die hersiening van interne operasionele beleidsraamwerke gehou, sowel as die in lyn bring van leerlingskap-kurrikulums. Albei hierdie werkswinkels het suksesvol afgeloop, en VOO is besig om die opleidingsmateriaal te standaardiseer en die beleidsbepalings vaartbelyn te maak.

LO het twee landelike ontwikkelingskoördineerders vir die streek aangestel wat gedurende die laaste kwartaal van die 2011/12 finansiële jaar diens aanvaar het. Hulle sal op die implementering van aksies en projekte fokus wat in die implimenteringsraamwerkdokument van elke landelike node en die fasilitering van die verhouding tussen die gemeenskapstrukture en die staatsdepartemente geïdentifiseer is.

Vanaf 1 April 2011 het die subprogram: Plaaswerkerontwikkeling (wat voorheen deel van die BOO was) na Program 8, LO verskuif. Integrasie het glad verloop aangesien daar groot sinergie tussen die vernaamste fokusareas van landelike ontwikkeling en plaaswerkerontwikkeling bestaan.

## 2.7 Sleutel-beleidsontwikkelings en wetgewende veranderings

In die afgelope kwartaal het die DLOGH bevestig dat die PTK deur die PLACC vervang is. Die PIK, met die DLOGH se Uitvoerende Bestuurder as voorsitter en goedgekeurde ondertekenaar, was die provinsiale besluitnemingstruktuur oor grondhervormings, met grondhervorming as doel. Die PLACC word as 'n meer tegniese komitee voorgestel, wat grondverkrygings by die NLACC aanbeveel. Dit impliseer dat besluite oor grondverkrygings met die oog op grondhervorming in die provinsie, op nasionale vlak geneem sal word.

BOO het die vergadering van die Nasionale Assesseringpaneel (NAP) op 7 en 8 Junie 2011 in Kaapstad bygewoon, waar die KAVGOLA se prestasie vir 2010/11 beoordeel is. Op 21 Junie 2011 het die Program ook 'n nasionale werkswinkel oor die nuwe rapporteringsformaat vir voorwaardelike toekennings bygewoon. Dit het die belangrikheid van die insluiting van die Provinsie se bydrae tot die Nasionale Uitkomstes onderstreep.

Skakeling met munisipaliteite oor verskeie kwessies (d.w.s. huishoudelike voedselsekerheid en meentgrond) is gevoer en insette oor die ontwikkeling van GOP's is by verskeie geleenthede gelewer.

DAFF het 'n Brasiliaanse model, naamlik die Zero Hongerprogram, aangeneem om toegang deur die kleinhoeweboere tot regeringsmarkte te verhoog. Dit sal meer koördinering tussen Departemente vereis om te verseker dat boere toegang tot hierdie mark verkry.

Die nuwe vereistes vir volstruisplaas-registrasies en -ouditering wat tans geïmplementeer word, sal die werklas van dieregesondheidsbeamptes eksponensieel verhoog. Die huidige personeeldiensstaat is nie voldoende om in hierdie eise te voorsien nie.

'n Finale besluit m.b.t. die navorsingsmandaat van die Departement teenoor die visseryemandaat van die DLBV is nog nie geneem nie. Hierdie besluit sou 'n groot impak op ons toekomstige kapasiteit en die gevolglike uitbreiding van ons akwakultuur-program kon hê, met die daarmee gepaardgaande begrotingsdruk.

Die DLOGH het 'n aantal werkswinkels vir sy programme oor die land heen aangebied. Daar is egter geen duidelike pad vorentoe oor die status van billikheidskemas wat as belangrik gesien word om Agri-SWB te bereik nie.

Die sewende weergawe van die Suid-Afrikaanse organiese beleid is met verskeie provinsies bespreek, en daar word gehoop dat dit 'n positiewe impak op die organiese bedryf sal hê, wat in 'n meer gevorderde stadium kon gewees het, indien vordering met die wetgewing gemaak was. Suid-Afrika Is ver agter sommige Afrikalande wat later met die organiese beweging begin het.

Die groenskrif oor Grondhervorming is gedurende hierdie jaar vir kommentaar vrygestel. Hierdie konsep-wetgewing sal 'n impak op grondhervorming en landbou-transformasie hê.

'n Wildplaas-beleidvergadering het onder leierskap van die Departement plaasgevind, en die behoeftes van wildprodusente, sowel as die deskundigheid wat in die Departement beskikbaar is, is vasgestel.

Die afkondiging van die Agri-SEB kodes was 'n langverwagte aksie deur die landbousektor, aangesien sommige boere en bedrywe die generiese telkaart gebruik het om hul prestasie te meet, wat moeilik was aangesien landbou 'n unieke sektor is. Voor die Agri-SEB sektorkodes is daar ook 'n nuwe raamwerk vir 'n voorkeur-verkrygingsbeleid gepubliseer, en daar is gemeen dat dit Klein, Mikro-, en Medium-ondernemings (KMMO's) begunstig het. Die uitdaging is egter om te verseker dat ander invloedryke beleidsrigtings in lyn is.

Die nasionale groeipaadjie het groot klem op landbou-prosessering geplaas. En 'n eenheid is by die DLBV gevestig. Die bykomstige kapasiteit by die Departement is nie in plek nie, wat

betrokkenheid en terugvoering moeilik gemaak het.

Wat handelsooreenkomste betref, kan Geografiese Aanduidings (GA's) 'n sleutelrol in onderhandelings met die EU speel. Gevolglik kan dit vir Suid-Afrika nodig wees om sy houding teenoor GA's te evalueer. 'n Lys vanaf die EU is voorgelê, en daar word van Suid-Afrika verwag om sy eie lys saam te stel.

'n Versameling nasionale norms en standaarde en 'n finansieringsmodel vir Landboukundige Opleidingsinstansies is formeel deur ITCAFF aanvaar. Dit het implikasies vir die beheermodel van die Elsenburg Landbou-opleidingsinstituut, personeel en personeelkwalifikasies. 'n Akademiese konsepplan is opgestel om te verseker dat al die personeel die nodige landbou- en opvoedkunde-kwalifikasies bekom.

Die Elsenburg Landbou-opleidingsinstituut moet werk daarvan maak om 'n sentrum van uitnemendheid in landbou-onderrig en opleiding te word, en dit het implikasies vir die fasiliteite. In dié verband is 'n stewige hoeveelheid werk oor infrastruktuur gedoen.

Die Hoër Onderwys Gehalteversekeringskomitee het in Maart 2012 'n terreinbesoek gedoen om die gehalte van opleiding wat by hierdie inrigting gebied word, te assesseer. Die resultaat word steeds afgewag.

Die aanbodassessering van leerlingskapprogramme (NKR vlak 1-4) vir die periode geëindig 2013/14 is deur die ETQA van Agri-SETA afgehandel.

Die aanbod van geakkrediteerde vaardigheidgebaseerde kort kursusse en leerlingskappe sal deur die herstrukturering van die Sektor Onderwys en Opleidinggesag (SETA's) geaffekteer word, veral met betrekking tot die toekomstige befondsing van hierdie programme. Verder sal die Wet op Hoër Onderwys en Opleiding (soos gewysig), wat nou die mandaat oor beide VOO en HOO het, 'n direkte impak hê op onder meer hoedat die onderwysstrome moet funksioneer, die akkreditering daarvan, en die programgoedkeuringstatus.

Die vestiging van die Landelike Ontwikkelingswerkgroep onder Provinsiale Strategiese Doelstelling (PSD)11 het 'n platform vir verbeterde koördinering en kommunikasie op senior bestuursvlak geskep. Die samestelling van die Interdepartementele Loodskomitees op die vlak van 'n landelike ontwikkelingsnode het die koördinering op 'n implementeringsvlak verhoog, en die impak van regeringsdienste gemaksimaliseer.

Vanaf 1 April 2011 het die subprogram: Plaaswerkerontwikkeling (wat voorheen deel van die BOO was) na LO verskuif. Een van die uitkomste van die Nasionale Plaaswerkerspitsberaad was om 'n Plaaswerker Ontwikkelingseenheid of -Program op 'n nasionale vlak en in al nege provinsies te vestig. Die Departement is steeds die enigste departement met 'n toegewysde sub-program vir plaaswerkers.

## 2.8 Departementele Inkomste

Soos hieronder gesien kan word, vorder hier die Departement geen vorm van belastinginkomste in nie. Met die uitsondering van die inkomste wat vir Tersiêre Onderwys van betalende studente ontvang is, is alle ander inkomste toevallig, of oorskiet van hetsy navorsing of opleiding. Die een uitsondering is 'n bedrag van R17.078 miljoen, wat van die DLBV ontvang is om die koste van die uitslag van volstruise tydens die uitbraak van voëlgriep in die Oudtshoorn distrik te dek. Die Provinsie het ook dieselfde bedrag tydens die aanpassingskattingproses geïn, waarteen die uitgawe afgepaar is. Die bedrag is as inkomste ontvang, en aan die einde van die jaar in die Provinsiale Inkomstefonds inbetaal. Die Departement het wel 'n geïmplementeerde inkomstebeleid.

| Departementele Inkomste | Werklik 2008/09 R'000 | Werklik 2009/10 R'000 | Werklik 2010/11 R'000 | Teiken 2011/12 R'000 | Werklik 2011/12 R'000 | % Afwyking van teiken |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Belastinginkomste** | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| **Belastinginkomste** | **26 830** | **24 111** | **26 615** | **25 010** | **49 837** | **99** |
| Verkoop van goedere en dienste, rente, dividende en verhuur van grond, oordragte ontvang | 26 830 | 24 111 | 26 615 | 25 010 | 49 837 | 99 |
| **Verkoop van kapitaalbates** | **333** | **12** | **63** | **20** | **0** | **(100)** |
| Masjinerie en Toerusting | 333 | 12 | 63 | 20 | 0 | (100) |
| **Finansiële transaksies (Verhaling van lenings en voorskotte)** | **119** | **132** | **706** | **0** | **(161)** | **(100)** |
| **TOTALE DEPARTEMENTELE ONTVANGSTE** | **27 282** | **24 255** | **27 384** | **25 030** | **49 676** | **98** |

## 2.9 Departementele besteding

Nadat 99.5% van die beskikbare begroting bestee is, en viremente ten bedrae van R5.794 miljoen (1.12%) bewerkstellig is, is die Departement tevrede dat besteding meestal in lyn met beplanning was en dat dienslewering dus soos beplan uitgevoer is.

| Programme | Begroot vir 2011/12 R'000 | Hernuwings en Aanpassings R'000 | Viremente R'000 | Totaal begroot R'000 | Werklike Besteding R'000 | Variansie R'000 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Administrasie | 72 593 | 2 371 | (2 141) | 72 823 | 70 190 | 2 633 |
| Volhoubare Hulpbronbestuur | 39 520 | (3 000) | 44 | 36 564 | 36 564 | 0 |
| Boere-ondersteuning en -ontwikkeling | 186 457 | (1 472) | 5 030 | 190 015 | 190 015 | 0 |
| Veeartsenydienste | 47 995 | 21 625 | (222) | 69 398 | 69 398 | 0 |
| Tegnologiese, Navorsings- en Ontwikkelingsdienste | 77 641 | 776 | (801) | 77 616 | 77 616 | 0 |
| Landbou-ekonomie | 13 448 | (1 000) | (573) | 11 875 | 11 875 | 0 |
| Gestruktureerde landbou-opleiding | 48 234 | (1 291) | (2 057) | 44 886 | 44 886 | 0 |
| Landelike Ontwikkeling | 15 830 | (2 535) | 720 | 14 015 | 14 015 | 0 |
| **Totaal** | **501 718** | **15 474** | **0** | **517 192** | **514 559** | **2 633** |

Om die funksies en verantwoordelikhede soos vervat in die Aandeelhouers se Ooreenkoms vir die 2011/12 finansiële jaar uit te voer.

## 2.10 Oordragbetalings

| Naam van Instansie/ Begunstigdes | Doel | Bedrag Oorgedra R'000 | Geraamde Besteding R'000 |
|---|---|---|---|
| Casidra (Edms) Bpk | Om die funksies en verantwoordelikhede soos vervat in die Aandeelhouers se Ooreenkoms vir die 2011/12 finansiële jaar uit te voer. | 13 145 | 13 145 |
| Casidra (Edms) Bpk: | Bykomstige befondsing om die funksies en pligte uit te voer soos in die Aandeelhouers se Ooreenkoms vir die 2011/12 finansiële jaar bevat | 1 591 | 1 591 |
| Casidra (Edms) Bpk:Agri-Mega-Expo's | Befondsing van drie Landbou-Expo's | 1 259 | 1 259 |
| Casidra (Edms) Bpk:LO | Implementering van landelike ontw. projekte – 1ste deel | 2 700 | 2 700 |
| Casidra (Edms) Bpk:LO | Implementering van landelike ontw. projekte – 2de deel | 1 500 | 1 500 |
| Casidra (Edms) Bpk:LO | Implementering van landelike ontw. projekte – 3de deel | 300 | 16 |
| Casidra (Edms) Bpk:Groentebedryf | Om 'n samewerkingsverhouding tussen die bedryf en die Wes-Kaap te vestig – eerste deel | 6 480 | 6 480 |
| Casidra (Edms) Bpk:Groentebedryf | Om 'n samewerkingsverhouding tussen die bedryf en die Wes-Kaap te vestig – tweede deel | 4 860 | 0 |
| Casidra (Edms) Bpk:Groentebedryf | Om 'n samewerkingsverhouding tussen die bedryf en die Wes-Kaap te vestig – derde deel | 4 860 | 0 |
| Casidra (Edms) Bpk:Groentebedryf | Om 'n samewerkingsverhouding tussen die bedryf en die Wes-Kaap te vestig – vierde deel | 2 139 | 0 |
| Agri-Megagroep:Vee (Skape en Wol) | Om 'n samewerkingsverhouding tussen die bedryf en die Wes-Kaap te vestig – eerste deel | 3 240 | 3 240 |

## INLIGTING OOR VOORAFBEPAALDE DOELSTELLINGS
## vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

| Naam van Instansie/ Begunstigdes | Doel | Bedrag Oorgedra R'000 | Geraamde Besteding R'000 |
|---|---|---|---|
| Agri-Megagroep:Vee (Skape en Wol) | Om 'n samewerkingsverhouding tussen die bedryf en die Wes-Kaap te vestig – tweede deel | 1 215 | 0 |
| Agri-Megagroep:Graanbedryf | Om 'n samewerkingsverhouding tussen die bedryf en die Wes-Kaap te vestig – eerste deel | 5 355 | 5 355 |
| Agri-Megagroep:Graanbedryf | Om 'n samewerkingsverhouding tussen die bedryf en die Wes-Kaap te vestig – tweede deel | 1 575 | 0 |
| Casidra (Edms) Bpk:Beesvleis, Volstruis, Vark, en Waterkultuur | Om 'n samewerkingsverhouding tussen die bedryf en die Wes-Kaap te vestig – eerste deel | 7 830 | 1 688 |
| Casidra (Edms) Bpk:Beesvleis, Volstruis, Vark, Pluimvee en Waterkultuur | Om 'n samewerkingsverhouding tussen die bedryf en die Wes-Kaap te vestig – tweede deel | 2 318 | 0 |
| Casidra (Edms) Bpk:Beesvleis, Volstruis, Vark, Pluimvee en Waterkultuur | Om 'n samewerkingsverhouding tussen die bedryf en die Wes-Kaap te vestig – derde deel | 2 520 | 0 |
| Casidra (Edms) Bpk:Beesvleis, Volstruis, Vark, Pluimvee en Waterkultuur | Om 'n samewerkingsverhouding tussen die bedryf en die Wes-Kaap te vestig – Vierde deel | 2 300 | 0 |
| Agri-Megagroep:Suiwelkommoditeit | Die vestiging van nuwe kommersiële boere in die suiwelgemeenskap in Suid-Afrika en veral die Wes-Kaap – eerste deel | 6 156 | 6 156 |
| Agri-Megagroep:Suiwelkommoditeit | Die vestiging van nuwe kommersiële boere in die suiwelgemeenskap in Suid-Afrika en veral die Wes-Kaap – tweede deel | 5 130 | 3 600 |
| Casidra (Edms) Bpk:Wingerdbou - Wyndruifbedryf | Om 'n samewerkingsverhouding tussen die bedryf en die Wes-Kaap te vestig | 1 845 | 823 |
| Casidra (Edms) Bpk:Huishoudelike Program vir Voedselproduksie | Om huishoudelike voedselsekerheid vir die kwesbares in die Wes-Kaap uit te lig(Gemeenskaps- en Huishoudelike Projekte) – eerste deel | 5 588 | 4 281 |
| Casidra (Edms) Bpk:Huishoudelike Program vir Voedselproduksie | Om huishoudelike voedselsekerheid vir die kwesbares in die Wes-Kaap uit te lig (Gemeenskaps- en Huishoudelike Projekte) – tweede deel | 3 700 | 0 |
| Casidra (Edms) Bpk:Wingerdbou - Wyndruifbedryf | Om 'n samewerkingsverhouding tussen die bedryf en die Wes-Kaap te vestig | 4 954 | 2 828 |
| Casidra (Edms) Bpk:AgriReap: Koup | Implementering van die Jacolise Botes Program vir Plaaswerknemerbystand in die KOUP – Distriksboerevereniging (AgriReap:Koup). | 100 | 7 |
| Casidra (Edms) Bpk:Landelike Ontwikkelingsprojekte | Om 'n implementeringstrategie vir 'n sakesentrum en verwante ekonomiese aktiwiteite saam te stel | 165 | 165 |
| Pêrel projek vir Gemeenskapsontwikkeling | Die opheffing en ontwikkeling van boerderygemeenskappe – eerste deel | 70 | 26 |
| Pêrel projek vir Gemeenskapsontwikkeling | Die opheffing en ontwikkeling van boerderygemeenskappe – tweede deel | 70 | 0 |
| Kaap die Goeie Hoop Landbougenootskap (H/A AGRI-EXPO) | Opleiding van kaasmakers as deel van die ooreenkoms tussen die Wes-Kaap en Boergondië | 146 | 146 |
| Arbeidsbedienings Trust | Om die spirituele lewe van landelike gemeenskappe in die Eden-distrik te ondersteun – eerste deel | 97 | 97 |
| Arbeidsbedienings Trust | Om die spirituele lewe van landelike gemeenskappe in die Eden-distrik te ondersteun – tweede deel | 97 | 97 |
| Sagtevrugteprodusentetrust | Om vrugteboorde vir die vrugtebedryf en ander nuwe boere te vestig – eerste deel | 3 000 | 3 000 |
| Sagtevrugteprodusentetrust | Om vrugteboorde vir die vrugtebedryf en ander nuwe boere te vestig – tweede deel | 3 338 | 3 338 |

## INLIGTING OOR VOORAFBEPAALDE DOELSTELLINGS
## vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

| Naam van Instansie/ Begunstigdes | Doel | Bedrag Oorgedra R'000 | Geraamde Besteding R'000 |
|---|---|---|---|
| Sagtevrugteprodusentetrust | Om vrugteboorde vir die vrugtebedryf en ander nuwe boere te vestig – derde deel | 5 185 | 5 185 |
| Sagtevrugteprodusentetrust | Om vrugteboorde vir die vrugtebedryf en ander nuwe boere te vestig – vierde deel | 2 926 | 0 |
| Stellenbosch AIDS Action (@Heart) | 'n MIV/VIGS program vir welstandbevordering wat maatskaplike en gesondheidsuitdagings op plase die hoof bied – eerste deel | 81 | 81 |
| Stellenbosch AIDS Action (@Heart) | 'n MIV/VIGS program vir welstandbevordering wat maatskaplike en gesondheidsuitdagings op plase die hoof bied – tweede deel | 81 | 53 |
| Casidra (Edms) Bpk:Opleiding | Implementering van opleidingsprojekte – eerste deel | 2 000 | 1 446 |
| Casidra (Edms) Bpk:Opleiding | Implementering van opleidingsprojekte – tweede deel | 490 | 0 |
| Casidra (Edms) Bpk | Ooreenkoms tussen CASIDRA (EDMS) BPK vir die bedryfsbestuur van die Rade van Deelhebbers | 1 000 | 2 |
| Kleure-akademie | Implementering van volhoubare lewensmiddel-programme – eerste deel | 100 | 100 |
| Kleure-akademie | Implementering van volhoubare lewensmiddel-programme – tweede deel | 100 | 10 |
| Casidra (Edms) Bpk:Van Rensburg Familietrust | Implementering van die Van Rensburg Familietrust-projek (om 'n besigheidsonderneming vir die bestuiwing van boorde en heuningproduksie te vestig) | 435 | 239 |
| Casidra (Edms) Bpk:Mankopan Boerderyonderneming | Befondsing vir die boor van drie ekstra boorgate om die boerdery sonder waterbeperkings uit te brei | 45 | 12 |
| Casidra (Edms) Bpk:Wyndruifbedryf | Die vestiging en vernuwing van hektare om die wynproduksie te verhoog | 6 700 | 0 |
| Casidra (Edms) Bpk:Marktoegangprojek | Voorsien voortgesette ondersteuning van bestaande 2011/12-projekte om plaaslike en internasionale bemarking te fasiliteer – eerste deel | 1 700 | 628 |
| Casidra (Edms) Bpk:Marktoegangprojek | Voorsien voortgesette ondersteuning van bestaande 2011/12-projekte om plaaslike en internasionale bemarking te fasiliteer – tweede deel | 500 | 0 |
| Anna Stigting | Bystand vir benadeelde skole en gemeenskappe | 200 | 6 |
| Universiteit van Stellenbosch | Befondsing van die Agrifutura-projek om strategiese inligting en insigte aan landboubesluitnemers in die Openbare, Private en Nie-regerings- organisasies te bied | 100 | 100 |
| Goedgedacht Trust (2011/12) | Help hulle met die LOOP Prenteverhaalprojek (om probleme van plaaswerkers en hul kinders deur die Path out of Poverty-program die hoof te bied) | 250 | 250 |
| African Farmers Association of South Africa (AFASA) | Die skep van 'n volhoubare verenigde liggaam van swart boere met die kapasiteit om beleid ten gunste van swart boere te bevorder. | 250 | 250 |
| Casidra (Edms) Bpk:Dieregesondheid (2011/2012) | Help kleinhoewe-veeboere en voorsien hulle van genoeg steun om verbeterde primêre produksie en diere-gesondheidsorg tot 'n vlak te bring waar toegang tot, en deelname aan die kommersiële markte moontlik is | 1 000 | 0 |
| Klein Karoo Agri Besigheidsentrum | Werkskeppingsprojek vir werklose inwoners en 'n program teen dwelmmisbruik vir landelike gemeenskappe | 250 | 23 |
| Universiteit van Pretoria deur Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BVLB) | Om kapasiteitbou en die verspreiding van navorsingsresultate gedurende 2011/12 te befonds | 300 | 262 |

## INLIGTING OOR VOORAFBEPAALDE DOELSTELLINGS
## vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

| Naam van Instansie/ Begunstigdes | Doel | Bedrag Oorgedra R'000 | Geraamde Besteding R'000 |
|---|---|---|---|
| Casidra (Edms) Bpk:Tegniese Bystandseenheid | Koördinering van die departementele en eksterne deskundige insette oor besigheidsplanne, om die volhoubaarheid van boerdery-ondernemings deur doeltreffende beplanning en assessering te verbeter | 3 500 | 0 |
| Casidra (Edms) Bpk:Ebenhaeser Besproeiingsplotteprojek | Konstruksie van 'n hoëdruk interne stelsel vir die verspreiding en toebedeling van besproeiing, wat boere sal help om hul produksie tot 'n kommersiële vlak te verhoog | 7 020 | 0 |
| Kaap die Goeie Hoop Dierebeskermingsvereniging (DBV) | Om gesonde diere, gesonde voedsel van diere-oorsprong, en gesonde verbruikers in die Wes-Kaap te verseker | 500 | 0 |
| Agri-Megagroep | Om met die befondsing van die Bien Donne Agri-Kaap Week 19-21 April en Agri-Mega Week 13-15 September te help | 2 932 | 2 932 |
| Casidra (Edms) Bpk:A&BP Heuningbesigheidprojek | Om 250 byekorwe, 'n 1.3 Hyundai bakkie, en twee stelle beskermende klere te koop | 374 | 0 |
| Casidra (Edms) Bpk:Bittersoet Heuningbesigheidprojek | Om 400 byekorwe, 'n 1.3 Hyundai bakkie, en twee stelle beskermende klere te koop | 502 | 0 |
| Huishoudings | Betaling vir uitslag van volstruise | 15 114 | 15 114 |
| Huishoudings | Personeelbeurse en verlof | 3 329 | 3 329 |
| Munisipaliteite | Voertuiglisensies | 53 | 53 |
| Regeringsmotorvervoer | Uitbreiding van vloot | 992 | 992 |

Casidra (Edms) Bpk is die hoof-implementeringsagent van die Omvattende Landbou-ondersteuningsprogram (OLOP) en Ilima/Letsima-toekennings vir projekte wat op die volgende kommoditeite betrekking het: Groente, beesvleis, volstruise, varke, akwakultuur, wingerdbou, wyn, en alle ander kommoditeite wat nie deur die Agri-Megagroep en Hortgro (Sagtevrugteprodusentetrust) geïmplementeer word nie. Die Agri-Megagroep is verantwoordelik vir die implementering van die skaap-, wol-, suiwel-, en graanbedrywe. Hortgro aanvaar verantwoordelikheid vir die implementering van projekte binne tuinbou – met sagtevrugte as die belangrikste kommoditeit. Die verlangde beskrywing oor die res van die instansies waarheen oordrag plaasgevind het, word onder doel genoem.

Alle oordragte is in terme van Aktes van Ooreenkoms gedoen, behalwe vir die bedrag van R13.145 miljoen (bedrag aan die top van die tabel), wat gedoen is in terme van die Aandeelhouers-ooreenkoms met Casidra (Edms) Bpk. Later in die jaar is dit met R1.591 miljoen vermeerder (tweede van bo).

Alle oordragte wat by die aktes van ooreenkoms ingeskakel is, het ook verslagdoenvoorskrifte, met inbegrip van besteding, vir ondersoek deur die Departement. In die geval van Casidra (Edms) Bpk word 'n finansiële verslag maandeliks gedoen. In die geval van Casidra, die Agri-Megagroep en Hortgro word 'n kwartaallikse beskrywingsverslag ook voorgelê, met inbegrip van vordering met besteding. In alle ander gevalle sal die akte van ooreenkoms verslagdoening binne die praktiese maatstawwe van daardie spesifieke projek bepaal.

In alle gevalle waar volledige besteding nie plaasgevind het nie word verwag dat daar voor 31 Maart 2013 volledig bestee sal word.

## 2.11 Openbare entiteite

Artikel 38(1)(j) van die WBOF word nagekom aangesien die bevestiging van deursigtige finansiële stelsels en ander wetlike verpligtings deel van die voorwaardes is van elke memorandum van ooreenkoms wat aangegaan word.

Casidra het 'n beduidende bydrae gelewer tot die strategiese doelstellings van die Departement gedurende die 2011/12 finansiële jaar, met inbegrip van die versekering dat kleinhoeweboere suksesvol is en dat grondhervormingsprojekte volhoubaar is.

Casidra was vir R81.374 miljoen van toekenningsbefondsing verantwoordelik, en het 35 landbouondernemings en -programme geïmplementeer en ook drie provinsiale regeringsplase namens die Departement bestuur.

As gevolg van die kommoditeitsbenadering wat deur die Departement gevolg is, het die behoefte aan tegniese bystand vir die samestelling en evaluering van tegniese insette tot besigheidsplanne toegeneem, en die nuwe Eenheid vir Tegniese Bystand wat in 2010 ingestel is, het applikante met deskundigheid van buite bygestaan.

## 2.12 Voorwaardelike toekennings en geoormerkte fondse

| Voorwaardelike Toekenning | Totale Toekenning R'000 | Totale Oordragte R'000 |
|---|---|---|
| Omvattende Landbou-ondersteuningsprogram | 82 346 | 59 842 |
| Ilima\Letsema | 48 000 | 48 000 |
| GrondSorg | 3 466 | 0 |
| **TOTAAL** | **133 812** | **107 842** |

Met die GrondSorg-, OLOP- en Ilima/Letsama-toekennings is daar aan al die doelstellings voldoen.

VHB het 'n GrondSorg toekenning van R3.466 miljoen vir die implementering van projekte ontvang wat daarop ingestel is om die volhoubarheid van grond- en waterbestuur in sowel landelike as stedelike gebiede te herstel. Dit behels die geïntegreerde volhoubare bestuur van natuurlike hulpbronne, waar die primêre oorsake van die afname in natuurlike hulpbronne erken, en die hoof gebied word.

Die volle GrondSorg-toekenning van 3.466 miljoen is aan 30 goedgekeurde projekte bestee.

Program 3 het 'n totaal van R126.746 vir voorwaardelike toekennings ontvang. Die besteding per toekenning kan soos volg onderverdeel word:

1. Omvattende Landbou-ondersteuningsprogram:
- Implementeer infrastruktuurprojekte wat R58.551 bedra, en
- Befondsing vir befondsing van die Voorligtingherlewingsprogram ten bedrae van R20.195 miljoen.

2. Ilima\Letsema:
- Implementering van Ilima/Letsema-projekte ten bedrae van R48 miljoen.

Soos hierbo aangetoon is, is die beskikbare bedrae volledig bestee, en is hulle inderwaarheid met bykomstige billike aandeel-befondsing verhoog. Die Departement het drie implementeringsagente benut, waarvan Casidra wat steeds die vernaamste is, R69.431 ontvang het, en ook as die sekretariaat vir die dierebedryf, groentebedryf en voedselsekerheidprojekte opgetree het. Hulle is ook vir die implementering van sekere strategiese projekte namens die Departement verantwoordelik. Hortgro het R14.449 miljoen vir die vrugtekommoditeit ontvang, en Agri-Mega, wat die suiwel-, graan-, skaap en wol-bedrywe verteenwoordig, R22.671 miljoen. Die program het aan die WVI voldoen deur sy volledige toegewysde begroting soos bedoel binne die beperkings van die Wet, asook binne die raamwerk van OPLO en Ilima/Letsema bestee. Agt gemeenskapsprojekte in die Wes-Kaap is op hierdie wyse ondersteun ten einde nuwe boere binne hul geledere te vestig.

GLO het ‘n bedrag van R3.6 miljoen se OPLO-befondsing ontvang om die implementering van die nasionaal aanvaarde stelsel van Norme en Standaarde vir Landbou-opleidingsinstansies te inisieer.

Die volle bedrag van R3.6 miljoen is aan die vyf pilare bestee (infrastruktuurontwikkeling, leerprogramme en gehalteversekering, opleiding en personeel, versterking van beheer, en die kurrikulumhersiening en -verskaffing van IKT).

Die totale bedrag van R133.812 miljoen vir al drie die toekennings is in vier kwartaallikse dele, soos gepubliseer, ontvang.

Al die bogenoemde toekennings is in die geakkrediteerde bankrekening van die Provinsiale Tesourie gedeponeer.

OPLO, Ilima Letsema, en GrondSorg se kwartaalverslae is betyds ingedien soos deur die Wet op die Verdeling van Inkomste (WVI) bepaal.

## 2.13 Kapitaalbelegging-, instandhouding- en batebestuurplan

### 2.13.1 Kapitaalbelegging

Daar sal oor voltooide bouprojekte deur die Departement van Vervoer en Openbare Werke (Begrotingspos 10) gerapporteer word aangesien die begroting en alle prosesse by hulle berus.

### 2.13.2 Batebestuur

Die Departement gebruik volgens voorskrif LOGIS as ‘n bateregister. Hierdie stelsel voldoen aan die minimumvereistes vir die rekordhouding van bates, en dit dien as ‘n beperking vir ‘n batebestuurinstrument, veral waar die bateregister aansienlik is, soos in die geval van hierdie Departement waar meer as 34 000 lynitems gehou word. Dit kan nie in al die behoeftes van veranderende biologiese bates voorsien nie.

‘n Maandelikse rekonsiliasie tussen LOGIS en BRS verseker ‘n bygewerkte bateregister.

Die tweede IBBP (Infrastruktuur Batesbestuurplan) in terme van WRVBB is voltooi en sal vir die volgende vyf jaar die basis vorm vir die huisvesting, instandhouding en kapitaalbehoeftes van

die Departement. Die agteruitgang van die infrastruktuur, riolering en waterhulpbronne by die Departement se Hoofkantoor by Elsenburg is 'n bron van groot kommer.

Die laboratoriums en ander navorsingsgeboue is ontoereikend vir die navorsingswerk wat benodig word, en aansienlike opgradering moet gedoen word om aan die standaarde vir die Wet op Gesondheid en Veiligheid en ander ISO-standaarde te voldoen.'n Plan om die Departement se verouderde navorsingsinfrastruktuurgeriewe volledig te herontwerp, is op dreef en vorm deel van die IBBP.

Die Departement het eweneens 'n behoefte aan 'n Kampusplan vir sy Kollege-infrastruktuur en -geriewe. Dit is ook in die IBBP opgeneem.

Probleme met watervoorsiening by die Hoofkantoor het gedurende die jaar voortgeduur, en het die dringende behoefte aan 'n hulpbronmeesterplan vir Elsenburg onderstreep. Hierdie plan is deel van die IBBP.

Die toestand van roerende bates wissel van baie goed tot swak. Eerstens is daar voertuie (sedans en een-ton-vragmotors) wat meestal in 'n goeie toestand onderhou word, maar die busse en groter vragmotors is reeds verby die normale vervangdatum. Hierdie toestand is egter verbeter deurdat een bus gedurende die jaar vervang is. Vergeleke met vorige jare is die stand van trekkers en ander implemente op die navorsingsplase met 'n paar nuwe vervangings verbeter. Die normale lewensduur van die trekkers is agt jaar. Ons oorskry dit steeds, maar het op die vorige jaar se gemiddeld verbeter. Die toestand van duur hoë-tegnologie-toerusting soos planters, dorsmasjiene en besproeiingstoerusting wissel van gemiddeld tot swak, met party wat onherstelbaar is terwyl vervanging nie bekostig kan word nie. Hier was ook welkome verbetering met die verkryging van twee tweedehandse stropers in 'n goeie toestand.

Wat rekenaartoerusting betref, probeer die Departement om 'n lewensiklus van nie meer as vier jaar te handhaaf, en hierin word daar wel geslaag. Ander infrastruktuur (netwerk en bedieners) is in 'n redelike toestand.

Die telefoonstelsel is aan die einde van sy tegnologiese en ekonomiese lewensduur, en moet so gou as moontlik vervang of opgegradeer en uitgebrei word, aangesien instandhouding hemelhoog is en instrumente wat onherstelbaar is nie vervang kan word nie. Gerekenariseerde kommunikasie (VOIP) word steeds getoets, en is by drie buitekantore geïmplementeer om 'n bekostigbare oplossing te probeer vind.

Geen groot kapitaal projekte word vanjaar onderneem nie.

Tenderprosedures word in nakoming van die voorskrifte van die WBOF, WVVBR, NTS'e, PTI's en RB-stelsel uitgevoer.

Daar is geen planne om enige huidige geriewe te sluit of af te gradeer nie.

### 2.13.3 Instandhouding

Die Departement hou tans nie by sy eie instandhoudingskedule m.b.t. vaste bates en infrastruktuur nie, en is volledig van die provinsiale Departement van Vervoer en Openbare Werke vir sy instandhoudingsbehoeftes afhanklik aangesien hulle saam in die Provinsie gesentraliseer is.

'n Steeds groeiende lys van instandhoudingsbehoeftes oorskry R13.679 miljoen, en 'n bedrag van ongeveer R11.335 miljoen is deur die bogenoemde Departement op hul begroting bestee.

### 2.14 Programprestasie

### Program 2: VOLHOUBARE HULPBRON BESTUUR

### Doel:

Die doel van hierdie Program is om oplossings en metodologieë vir volhoubare hulpbron bestuur te bied deur die voorsiening van landbouingenieurs- en GrondSorg-dienste, proaktiewe kommunikasie, fasilitering en implementering van projekte, sowel as die oordra van tegnologie aan ons kliënte en vennote. Die program is ook vir die implementering en bestuur van ramphulpskemas verantwoordelik.

Die program se doel skakel direk met die NU 10: Omgewingshulpbronne en Natuurlike Hulpbronne wat goed beskerm en voortdurend verbeter word, en PSD7: Om volhoubaarheid te beklemtoon en die doeltreffendheid van hulpbrongebruik te optimaliseer.

### Strategiese doelstellings:

1. Voorsien belanghebbendes van ingenieursdienste om die landbouproduksie van boere te verhoog, terwyl dit terselfdertyd die volhoubare gebruik van ons natuurlike landbou-hulpbronne optimaliseer.
2. Bevorder en ondersteun die bewaring van natuurlike landbouhulpbronne om die gevolge van klimaatsverandering te versag en die bewaring van die natuurlike hulpbronne in die Provinsie te beskerm.
3. Lewer kommentaar op die onderverdeling en hersonering van landbougrond ten einde die fragmentering van landbougrond te verhoed en behoorlike grondgebruikpraktyke te verseker

### Subprogram 2.1: Ingenieursdienste

### Diensleweringsdoelstellings en Aanwysers

| SUBPROGRAM 2.1: INGENIEURSDIENSTE | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Prestasiemeting-aanwyser | | Werklike uitset 2010/11 | Werklike prestasie teen Teiken | | Afwyking van Teiken (%) |
| | | | Teiken 2011/12 | Behaal 2011/12 | |
| **Nasionale dwarslynige aanwysers:** | | | | | |
| 1.1 | Ingenieursondersoeke en adviesverslae voorberei | 247 | 170 | 226 | 33 |
| 1.2 | Ingenieursontwerpe met spesifikasies saamgestel | 115 | 93 | 91 | (2) |
| 1.3 | Finale sertifikate vir ingenieurskonstruksie uitgereik | 133 | 52 | 92 | 77 |
| 1.4 | Kliënte wat van ad hoc ingenieursadvies tydens amptelike betrokkenheid voorsien is | 221 | 200 | 214 | 7 |

## INLIGTING OOR VOORAFBEPAALDE DOELSTELLINGS
## vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

| Prestasiemeting-aanwyser | | Werklike uitset 2010/11 | Werklike prestasie teen Teiken | | Afwyking van Teiken (%) |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | Teiken 2011/12 | Behaal 2011/12 | |
| **Wes-Kaap-spesifieke aanwysers:** | | | | | |
| **Water en besproeiing** | | | | | |
| 1.5 | Aantal ondersteuningsinisiatiewe (ondersoekverslae, ontwerpe en voltooiingsertifikate) aan Program gelewer:BOO (OPLO/GKHP) | 89 | 80 | 61 | (24) |
| 1.6 | Aantal inisiatiewe (ondersoekverslae, ontwerpe en voltooiingsertifikate) aan ander deelhebbers gelewer: | 61 | 75 | 66 | (12) |
| 1.7 | Aantal kliënte wat van ad hoc ingenieursadvies of opleiding voorsien is | 132 | 90 | 162 | 80 |
| **Meganisering-, Beplanning- en Bewaringslandbou** | | | | | |
| 1.8 | Aantal ondersteuningsinisiatiewe (ondersoekverslae, ontwerpe en voltooiingsertifikate) aan Program gelewer:BOO (OPLO/GKHP) | 5 | 5 | 32 | 540 |
| 1.9 | Aantal inisiatiewe (ondersoekverslae, ontwerpe en voltooiingsertifikate) aan ander deelhebbers en demonstrasieblokke gelewer, wat daargestel is om bewaringslandbou te bevorder | 239 | 60 | 109 | 82 |
| 1.10 | Aantal kliënte wat van ad hoc ingenieursadvies of opleiding voorsien is | 24 | 30 | 13 | (57) |
| **Waardetoevoeging op Plaas** | | | | | |
| 1.11 | Aantal ondersteuningsaksies (ondersoekverslae, ontwerpe en voltooiingsertifikate) aan Program gelewer:BOO (OPLO/GKHP) | 2 | 4 | 1 | (75) |
| 1.12 | Aantal inisiatiewe (ondersoekverslae, ontwerpe en voltooiingsertifikate) aan ander deelhebbers gelewer: | 4 | 8 | 3 | (63) |
| 1.13 | Aantal kliënte wat van ad hoc ingenieursadvies of opleiding voorsien is | 10 | 30 | 3 | (90) |
| **Plaasstrukture en Dierehanteringgeriewe** | | | | | |
| 1.14 | Aantal ondersteuningsinisiatiewe (ondersoekverslae, ontwerpe en voltooiingsertifikate) aan Program gelewer:BOO (OPLO/GKHP) | 31 | 25 | 36 | 44 |
| 1.15 | Aantal inisiatiewe (ondersoekverslae, ontwerpe en voltooiingsertifikate) aan ander deelhebbers gelewer: | 29 | 30 | 51 | 70 |
| 1.16 | Aantal kliënte wat van ad hoc ingenieursadvies of opleiding voorsien is | 29 | 40 | 24 | (40) |
| **Riviererosiebeskerming** | | | | | |
| 1.17 | Aantal, inisiatiewe (ondersoekverslae, ontwerpe en voltooiingsertifikate) vir strukture vir die voorkoming van rivierwalerosie | 35 | 30 | 45 | 50 |
| 1.18 | Aantal kliënte wat van ad hoc ingenieursadvies of opleiding voorsien is | 28 | 8 | 14 | 75 |

**INLIGTING OOR VOORAFBEPAALDE DOELSTELLINGS**
**vir die jaar geëindig 31 Maart 2012**

## Redes vir variansies wat 15% oorskry:

| Aanwyser nr. | Rede vir Variansie |
|---|---|
| 1.1 en 1.3 | Die toenames word toegeskryf aan eie inisiatiewe wat onderneem is en 'n toename in versoeke en navrae vanaf kliënte m.b.t. water en besproeiing, en beskerming teen riviererosie. |
| 1.7, 1.8, 1.9, 1.10, 1.14, 1.15, 1.17 en 1.18 | Die toenames onder water en besproeiing, meganisering en bewaringsboerdery, plaasstrukture en dierehuisvesting, en riviererosiebeskerming word toegeskryf aan 'n toename in versoeke en navrae wat van kliënte ontvang is. |
| 1.5 | Die afname in uitsette onder op-die-plaas waardetoevoeging en hierdie aanduiders word aan die kleiner aantal versoeke en navrae vanaf kliënte toegeskryf. |
| 1.11, 1.12, 1.13 en 1.16 | Die meerderheid van dienste wat voorsien is, is in reaksie op versoeke van ons kliënte en word deur aanvraag gedryf wat dikwels op die heersende ekonomiese situasie gebaseer is. VHB het geen beheer oor hierdie aanvraag nie. |

## Bydrae tot departementele uitkomstes

*Ondersteun die Provinsiale Landbousektor om minstens sy uitvoerposisie vir die volgende 5 jaar te handhaaf deur die toegevoegde waarde vanaf R14.014 miljard in 2009 te laat groei.*

Toepaslike ingenieursdienste is deur 127 ondersteuningsinisiatiewe soos ondersoekverslae, ontwerpe en voltooiingsertifikate aan landboukliënte gebied. 162 kliënte is van ad hoc ingenieursdienste of opleiding voorsien om die doeltreffendheid van hul watergebruik te verhoog ten einde hulle in staat te stel om die uitvoerposisie te verbeter, en terselfdertyd die doenbaarheid en volhoubaarheid van hul boerderyondernemings te verhoog.

*Verseker dat minstens 60% van alle landbougrondhervormingsprojekte in die Provinsie oor die volgende 5 jaar suksesvol is.*

Toepaslike ingenieursdienste is deur 130 ondersteuningsinisiatiewe aan 86 grondhervormings-begunstigdes voorsien, ten einde die doenbaarheid en volhoubaarheid van hul boerdery-ondernemings te verhoog.

*Werk met boere en nywerhede saam om die sektor te ondersteun ten einde landbouproduksie (primêre provinsiale kommoditeite) met minstens 10% oor die volgende 10 jaar te verhoog.*

Besproeiingsboere is van relevante inligting voorsien om hulle te help om die natuurlike hulpbronne wat vir hulle beskikbaar is deur die Fruitlookprojek en ander inisiatiewe soos opleiding en kapasiteitbou optimaal te benut, ten einde produksie te verhoog terwyl dieselfde watertoebedeling gebruik word. Boere is verder bygestaan met inisiatiewe vir 141 meganisering- en bewaringboerderye, 4 op-die-plaas waardetoevoegings, 87 plaasstrukture en veehanterings, en 45 rivierwal-erosiebeskermings.

*Optimaliseer die volhoubare benutting van ons natuurlike hulpbronne deur middel van bewaringsmetodes om landbouproduksie te verhoog.*

Relevante inligting is aan 162 besproeiiers gebied om hulle te help om hul watergebruik doeltreffend te verhoog ten einde groter oeste met minder water te produseer, en het relevante inligting aan droëland graan- en rooibosteeboere voorsien deur 141 inisiatiewe om van konvensionele boerdery na bewaringsboerderypraktyke oor te skakel ten einde grondvrugbaarheid te verhoog en vog in die grond te behou.

## Sub-program 2.2: GrondSorg

## Diensleweringsdoelstellings en Aanwysers

| Sub-program 2.2: GRONDSORG | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Prestasiemeting-aanwyser | | Werklike uitset 2010/11 | Werklike prestasie teen Teiken | | Afwyking van Teiken (%) |
| | | | Teiken 2011/12 | Behaal 2011/12 | |
| **Nasionale dwarslynige aanwysers:** | | | | | |
| 2.1 | Aantal bewustheidsveldtogte met GrondSorg gevoer | 10 | 6 | 7 | 17 |
| 2.2 | Aantal kapasiteitbou-oefeninge met GrondSorg | 6 | 6 | 6 | 0 |
| 2.3 | Aantal plaasgrond-hektaar deur bewaringsmaatreëls verbeter | 1 167 | 1 200 | 2 110 | 76 |
| 2.4 | Aantal begunstigdes wat volhoubare produksietegnologieë en -praktyke toepas | 1 870 | 0 | 0 | 0 |
| **Wes-Kaap-spesifieke aanduiders:** | | | | | |
| 2.5 | Aantal plaasplanne wat vir volhoubare boerderymetodes bygewerk is | 581 | 250 | 314 | 26 |
| 2.6 | Aantal beplanningsinisiatiewe vir hele gebied | 10 | 10 | 10 | 0 |
| 2.7 | Aantal beskermingswerke | 29 | 150 | 43 | (71) |
| 2.8 | Aantal dreineringswerke | 36 | 50 | 30 | (40) |
| 2.9 | Aantal veldbenuttingswerke | 515 | 100 | 236 | 136 |
| 2.10 | Aantal UOWP-persoondae | 27 504 | 25 000 | 25 040 | 0 |
| 2.11 | Aantal jeugdiges wat Junior GrondSorg-inisiatiewe bywoon | 11 230 | 3 000 | 6 338 | 111 |

## Redes vir variansies wat 15% oorskry:

| Aanwyser nr. | Rede vir Variansie |
|---|---|
| 2.1 | Weens die insluiting van bewaringsboerdery as deel van die veldtogte was daar een (1) meer bewustheidsveldtog onderneem as wat beplan was. |
| 2.3 | Die beskikbaarheid van vloedramphulp het die opruim van 'n veel groter area van indringerplante moontlik gemaak as waarvoor beplan was. Bome wat tydens die oorstromings in die Bergrivier geval het, is verwyder om beskadiging van infrastruktuur en boerderygrond te verhoed. |
| 2.5 | Die verifiëring van vloedskade weens die 2011 oorstromings het die geleentheid gebied om meer plaasplanne by te werk as waarvoor beplan was. |
| 2.7 and 2.8 | Die herstel van skade aan ons rivierwalle na die 2008-oorstromings het 'n hoër prioriteit behaal, en minder tyd kon aan hierdie werk bestee word. |
| 2.9 | Benewens die beplande projekte vir die jaar is hulpfondse vir droogterampe gebruik om waterskemas vir huishoudelike en vee-water te voorsien. |
| 2.11 | Hierdie aantal sluit ook meer as 3 200 jeugdiges in wat 'n marionetvertoning bygewoon het waartydens die GrondSorg-beginsels aan hulle oorgedra is, benewens ouer jeugdiges wat die GrondSorg-kampe bygewoon het. |

## Bydrae tot departementele uitkomstes

*Optimaliseer die volhoubare benutting van ons natuurlike hulpbronne deur middel van bewaringsmetodes om landbouproduksie te verhoog.*

Relevante inligting is deur sewe bewustheid- en ses kapasiteitbou-inisiatiewe, die bywerk van 314 plaasplanne, 10 beplanning-, 43 beskerming- en 30 dreineringswerke, en 236

veldbenuttingsprojekte aan boere voorsien, ten einde die volhoubare benutting van ons natuurlike hulpbronne te optimaliseer.

### Subprogram 2.3: Grondgebruikbestuur

### Diensleweringsdoelstellings en Aanwysers

| SUBPROGRAM 2.3: GRONDGEBRUIKBESTUUR | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Prestasiemeting-aanwyser | | Werklike uitset 2010/11 | Werklike prestasie teen Teiken | | Afwyking van Teiken (%) |
| | | | Teiken 2011/12 | Behaal 2011/12 | |
| Nasionale dwarslynige aanwysers: | | | | | |
| 3.1 | Aantal hektaar wat vir volhoubare boerderydoeleindes beplan is | 0 | 1 200 | 2110 | 76 |
| 3.2 | Aantal aanbevelings wat oor onderverdeling, hersonering of verandering van landbougrondgebruik gemaak is. | 984 | 800 | 932 | 17 |

### Redes vir variansies wat 15% oorskry:

| Aanwyser nr. | Rede vir Variansie |
|---|---|
| 3.1 | Die beskikbaarheid van vloedramphulp het die opruim van 'n veel groter area van indringerplante moontlik gemaak as waarvoor beplan was. Bome wat tydens die oorstromings in die Bergrivier geval het, is verwyder om beskadiging van infrastruktuur en boerderygrond te verhoed. |
| 3.2 | Diens wat verlang word is aanvraaggedrewe en alhoewel daar weens die ekonomiese afswaai verwag is dat dit minder as die vorige jaar sou wees, het die werklike aanvraag na aan die 2010/11-syfer gebly. |

### Bydrae tot departementele uitkomstes

*Optimaliseer die volhoubare benutting van ons natuurlike hulpbronne deur middel van bewaringsmetodes om landbouproduksie te verhoog.*

Ons het daartoe bygedra om die versnippering en verlies van landbougrond te verhoed deur 932 aansoeke om onderverdeling en/of hersonering van landbougrond deur die relevante owerhede te evalueer, en kommentaar daarop te lewer.

### Program 3: ONDERSTEUNING EN ONTWIKKELING VAN BOERE

### Doel:

- Om 'n volhoubare ondersteuningsmeganisme vir nuwe en gevestigde boere te verseker (met inbegrip van grondhervormingsbegunstigdes en plaaswerkers);
- Om die impak van intervensies soos deur die Program gelewer, te meet;
- Om beleggings vanaf die private sektor en kommoditeitsgroeperings te hefboom;
- Om gehalte en standaarde van diens en advies aan boere te verseker;
- Om te verseker dat ons munisipaliteite en ander staatsdepartemente met die implementering van voedseltuine vir gemeenskappe en huishoudings help.
- Om die Departement met projekimplementering en staatsplaasbestuur (Casidra (Edms) Bpk) te ondersteun.

## INLIGTING OOR VOORAFBEPAALDE DOELSTELLINGS
## vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

### Strategiese doelstellings:

- Ondersteun volhoubare en landelike hervormingsprojekte deur beplannings- en nedersettingsondersteuningsdienste te voorsien;
- Ondersteun boere om produksie vir markte te verhoog; en
- Fasiliteer toegang tot bekostigbare en diverse voedsel.

### Subprogram 3.1: Boerenedersetting

### Diensleweringsdoelstellings en Aanwysers

| Subprogram 3.1: BOERENEDERSETTING | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Prestasiemeting-aanwyser | | Werklike uitset 2010/11 | Werklike prestasie teen Teiken | | Afwyking van Teiken (%) |
| | | | Teiken 2011/12 | Behaal 2011/12 | |
| **Nasionale dwarslynige aanwysers:** | | | | | |
| 1.1 | Aantal verslae oor plaasassesserings gefasiliteer | 62 | 103 | 105 | 2 |
| 1.2 | Aantal grondgebruikplanne gefasiliteer | 38 | 72 | 80 | 11 |
| 1.3 | Aantal aansoeke goedgekeur | 8 | 72 | 128 | 78 |
| 1.4 | Aantal projekprestasieverslae saamgestel | 156 | 288 | 471 | 64 |
| **Wes-Kaap-spesifieke aanduiders:** | | | | | |
| 1.5 | Aantal plase van kleinhoewe-boere wat ondersteun is om tot suksesvolle grondhervorming by te dra | 0 | 50 | 81 | 62 |

### Redes vir variansies wat 15% oorskry:

| Aanwyser nr. | Rede vir Variansie |
|---|---|
| 1.3 | Die kommoditeitsbenadering is vanjaar verder versterk aangesien komitees vir die toewysing van kommoditeite betyds vanaf vroeg in 2011 gevorm en operasioneel was om die invloei van versoeke van boere te akkommodeer. Die BOO se pogings om die gehalte van inligting te verbeter wat plaasversoeke vergesel, het ook vinniger evaluering en goedkeuring gefasiliteer. |
| 1.4 | BOO het vanjaar ‘n voorlopige opname oor grondhervormingsplase in die provinsie gedoen, wat klem op die moniteringsproses op sodanige plase geplaas het. Dit het ‘n vestendige invloei van prestasieverslae tot gevolg gehad wat die verwagtings oortref het. |
| 1.5 | Die kommoditeitsbenadering is vanjaar verder versterk aangesien komitees vir die toewysing van kommoditeite betyds vanaf vroeg in 2011 gevorm en operasioneel was om die invloei van versoeke van boere te akkommodeer. Die BOO se pogings om die gehalte van inligting te verbeter wat plaasversoeke vergesel, het ook vinniger evaluering en goedkeuring gefasiliteer. Kommoditeitsprojek-toewysingskomitees is voldoende georiënteer op die aanpassing tussen die toewysing van fondse en Uitset 4 van Nasionale Uitkomste 7. |

### Bydrae tot departementele uitkomstes

*Verseker dat minstens 60% van alle landbougrondhervormingsprojekte in die Provinsie oor die volgende 5 jaar suksesvol is:*

BOO het 105 plaasassesserings gefasiliteer wat ook tot die plaasassessering en verkryging bygedra wat deur die DLOGH gedryf is. Tegniese landbouinsette is op 80 grondgebruikplanne gedoen om omvattende beplanning tot volhoubaarheid van die landbou-ondernemings te verseker. 128 plaasversoeke vir ondersteuning/befondsing is goedgekeur waarvan 81 kleinboerplase was, en 471 moniteringsverslae oor grondhervormingsplase is voltooi.

## Subprogram 3.2: Voorligtings- en Adviesdienste

## Diensleweringsdoelstellings en Aanwysers

| Subprogram 3.2: VOORLIGTINGS- EN ADVIESDIENSTE | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Prestasiemeting-aanwyser | | Werklike uitset 2010/11 | Werklike prestasie teen Teiken | | Afwyking van Teiken (%) |
| | | | Teiken 2011/12 | Behaal 2011/12 | |
| **National transversal indicators:** | | | | | |
| 2.1 | Aantal landboudemonstrasies gefasiliteer | 65 | 60 | 83 | 28 |
| 2.2 | Aantal boeredae gehou | 27 | 30 | 29 | (3) |
| 2.3 | Aantal funksionele kommoditeitsgroepe ondersteun | 7 | 7 | 7 | 0 |
| 2.4 | Aantal geakkrediteerde opleidingskursusse gekoördineer | 1 | 6 | 1 | (83) |
| 2.5 | Aantal boere wat geakkrediteerde opleidingskursusse bygewoon het | 15 | 36 | 5 | (86) |
| 2.6 | Aantal nie-geakkrediteerde opleidingskursusse gekoördineer | 98 | 60 | 95 | 58 |
| 2.7 | Aantal boere wat nie-geakkrediteerde opleidingskursusse bygewoon het | 1 904 | 900 | 1400 | 56 |
| 2.8 | Aantal boere wat met advies ondersteun is | 1 192 | 4 200 | 3 352 | (20) |
| **Wes-Kaap-spesifieke aanduiders:** | | | | | |
| 2.9 | Aantal projekte met mentorskap ondersteun | 11 | 28 | 38 | 36 |
| 2.10 | Aantal plase van kleinhoewe-boere wat met advies ondersteun is om tot suksesvolle grondhervorming by te dra | 0 | 2 940 | 1 522 | (48) |
| 2.11 | Aantal vaardigheidsoudits op projekte uitgevoer | 102 | 60 | 54 | (10) |

## Redes vir variansies wat 15% oorskry:

| Aanwyser nr. | Rede vir Variansie |
|---|---|
| 2.1 | Die reaksie deur boere op relevante demonstrasies en boeredae was baie goed weens die boere se behoefte aan meer praktiese en tyddoeltreffende intervensies vir vaardigheidsontwikkelings. Dit was vir die hoë aanvraag na, en lewering van demonstrasies verantwoordelik.Demonstrasies word op die plaaslike vlak in die gemeenskappe aangebied, vandaar die groot aanvraag daarna. |
| 2.4 en 2.5 | Weens die reeks vereistes vir geakkrediteerde opleiding en die lae onderwysvlak van sommige van ons kliënte is daar 'n baie lae aanvraag vir geakkrediteerde onderrigkursusse. Die aanvraag na praktiese opleiding vir vaardigheidsontwikkeling het die gebruik van opleiers genoodsaak wat dikwels nie-geakkrediteerde, maar relevante opleiding bied. Boere was meer ontvanklik hiervoor, wat tot beter bywoning aanleiding gegee het. |
| 2.6 en 2.7 | Die besluit om vaardigheidsoudits met die goedkeuring van projekte, en die latere uitrol van die opleidingsplan te doen, het 'n oorprestasie m.b.t. nie- akkreditering tot gevolg gehad. Boere was meer ontvanklik vir hierdie tipe opleiding, wat tot beter kursusbywoning aanleiding gegee het. |
| 2.8 | Weens die aantal inligtingsessies oor akkurate rapportering en die invoer van die Slimpen-tegnologie wat deur voorligtingsbeamptes gefasiliteer is, het BOO verbeterde rapportering en rekordhouding ervaar m.b.t. adviesdienste wat gelewer is. Weens tegniese probleme met die Slimpen-tegnologie in die eerste kwartaal en onbeplande vakatures deur die jaar, was dit nie moontlik om die teiken vir plaasbesoeke te bereik nie. Nogtans is baie boere van advies bedien, hetsy deur selfoontegnologie, inligtingsdae of kantoorbesoeke. Die tweede deel van die derde kwartaal was die periode waartydens 'n aansienlike aantal voorligtingspersoneel eksamens geskryf het, en dus was daar minder tyd aan besoeke toegestaan. |
| 2.9 | Deur die kommoditeitbenadering is die aanstelling van mentors vir alle goedgekeurde projekte verpligtend gemaak. Projekte wat in die vorige finansiële jaar goedgekeur was, is ook hersien en mentors is aangestel wat die oorprestasie tot gevolg gehad het. |
| 2.10 | Hierdie teiken van kleinhoeweboere het dit moeilik gemaak om die aantal en behoefte aan boere in hierdie kategorie in die Provinsie vir die eerste jaar te bepaal. Hierdie werklike teiken van 1 552 kleinhoeweboere wat ondersteun is, is 'n baie goeie grondlyn vanwaar in die nuwe finansiële jaar gewerk kan word. |

### Bydrae tot departementele uitkomstes

*Verseker dat minstens 60% van alle landbougrondhervormingsprojekte in die Provinsie oor die volgende 5 jaar suksesvol is.*

3 352 boere is gedurende perseelbesoeke aan plase deur voorligtingsbeamptes geadviseer om die sukseskoers van 60% te verseker. Verder het die voorligting- en advies-subprogram 83 demonstrasies en 29 boeredae aangebied.

*Ondersteun die sektor (boere en nywerhede) ten einde landbouproduksie (primêre provinsiale kommoditeite) met minstens 10% oor die volgende 10 jaar te verhoog.*

Die sleutelfokus van die gemeenskapstrukture het gewerk om die produksie en toegang tot markte te verhoog. Die doel is om die bevordering van kleinhoeweboere tot kommersiële status te ondersteun, wat dan weer in lyn kom met Uitkomste 1 van Nasionale Uitkomste 7.

Die kommoditeitbenadering het tot 'n verbetering in die beplanning van projekte bygedra, wat dan weer mentorskap aan boere na die projekgoedkeuringsproses tot gevolg gehad het. Agt-en-dertig (38) mentors is gedurende hierdie finansiële jaar aangestel om die produksietoename te versterk.

### Subprogram 3.3: Voedselsekerheid

### Diensleweringsdoelstellings en Aanwysers

| Subprogram 3.3: VOEDSELSEKERHEID | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Prestasiemeting-aanwyser | | Werklike uitset 2010/11 | Werklike prestasie teen Teiken | | Afwyking van Teiken (%) |
| | | | Teiken 2011/12 | Behaal 2011/12 | |
| **Nasionale dwarslynige aanwysers:** | | | | | |
| 3.1 | Aantal nuut-bevestigde huishoudings sonder voedselsekerheid | 618 | 720 | 748 | 6 |
| 3.2 | Aantal voedselsekerheid-intervensies geïmplementeer | 2 | 1 | 1 | 0 |
| 3.3 | Aantal huishoudings sonder voedselsekerheid wat by die intervensies baat | 784 | 720 | 810 | 13 |
| 3.4 | Aantal voedselsekerheid-statusverslae opgestel | 4 | 4 | 4 | 0 |
| 3.5 | Aantal sekuriteitsbewustheid-veldtogte gehou | 3 | 1 | 1 | 0 |
| **Wes-Kaap-spesifieke aanduiders:** | | | | | |
| 3.6 | Aantal voedselsekerheidsprojekte wat gemeenskappe ondersteun | 45 | 48 | 51 | 6 |
| 3.7 | Aantal deelnemers aan voedselsekerheidsprojekte in gemeenskappe | 364 | 480 | 1091 | 127 |
| 3.8 | Aantal projekte gerehabiliteer | 21 | 48 | 23 | (52) |
| 3.9 | Aantal voedselsekerheidsprojekte gemonitor en geëvalueer | 123 | 370 | 364 | (2) |

**INLIGTING OOR VOORAFBEPAALDE DOELSTELLINGS**
**vir die jaar geëindig 31 Maart 2012**

## Redes vir variansies wat 15% oorskry:

| Aanwyser nr. | Rede vir Variansie |
|---|---|
| 3.7 | Dit is hoofsaaklik weens die aard van ondersteunde projekte, met gemeenskapswerkers wat saam wil werk en onwillig is om groepgroottes te verlaag. |
| 3.8 | Beplanning van voorheen-befondsde projekte neem meer tyd, en word benadeel deur konfliksituasies wat bestaan. Dus is baie tyd aan die fasilitering van groepe bestee voordat fondse vrygestel is, vandaar dat die wetlike teiken nie verwesenlik is nie. |

## Bydrae tot departementele uitkomstes

*Optimaliseer die volhoubare benutting van ons natuurlike hulpbronne deur middel van bewaringsmetodes om landbouproduksie te verhoog.*

Die subprogram: Voedselsekerheid se oorkoepelende program is deur die "foodpods"-konsep versterk. Hierdie boerderymetode laat huishoudings toe om voedsel met gebruikmaking van kratte te produseer en dus water te bespaar.

*Verhoog landbou-ekonomiese geleenthede in geselekteerde landelike areas gebaseer op sosio-ekonomiese behoeftes oor 'n tydperk van 10 jaar*

As 'n bydrae tot die verwesenliking van Millenniumontwikkeling Doelwit 1, Nasionale Uitkomste 7, en PSD8, het die Departement die Wêreldvoedseldag op 14 Oktober 2011 in Doringbaai herdenk. As deel van die viering het die Departement 48 huishoudings met gebruikmaking van die "foodpods"-konsep van voedselproduksiepakkette voorsien, deur hulle in staat te stel om hul eie voedsel met gebruikmaking van kratte te produseer. Daarbenewens is kwalifiserende huishoudings ook met inheemse hoenders ondersteun om toegang tot diereproteïene te verhoog. Daarbenewens is 'n totaal van 51 gemeenskapprojekte oor die Provinsie heen gelewer, waarby 'n totaal van 1 091 begunstigdes gebaat het. Hierdie projekte is in vennootskap met lede van die Provinsiale Taakspan vir Voedselsekerheid en plaaslike munisipaliteite gelewer.

Die subprogram: Voedselsekerheid het die Wêreldvoedseldag-opname gedoen om vordering te assesseer wat met die projekte gemaak is wat sedert 2007 befonds is. Die opname het bevind dat uit die 240 huishoudings wat as deel van die Wêreld Voedseldag-vierings ondersteun is, 149 (62%) steeds produktief is. Dit is heel positief gegee die komplekse aard van voedselonsekerheid in gemeenskappe.

## Subprogram 3.4: Casidra (Edms) Bpk

### Diensleweringsdoelstellings en Aanwysers

| Subprogram 3.4: CASIDRA (EDMS) BPK | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Prestasiemeting-aanwyser | | Werklike uitset 2010/11 | Werklike prestasie teen Teiken | | Afwyking van Teiken (%) |
| | | | Teiken 2011/12 | Behaal 2011/12 | |
| **Wes-Kaap-spesifieke aanduiders:** | | | | | |
| 4.1 | Aantal landbouprojekte gefasiliteer | 55 | 36 | 35 | (3) |
| 4.2 | Die dag-tot-dag bestuur van provinsiale staatsplase met die oog op die vermyding van verliese. | 3 | 3 | 3 | 0 |
| 4.3 | Handhawing van 'n enkele rapporteringstelsel | 0 | 1 | 1 | 0 |

### Redes vir variansies wat 15% oorskry:

Geen

### Bydrae tot departementele uitkomstes

*Verseker dat minstens 60% van alle landbougrondhervormingsprojekte in die Provinsie oor die volgende 5 jaar suksesvol is.*

35 projekte wat deur die Departementele Projektoewysingkomitee (DPTK) goedgekeur is, is grondhervormingsprojekte, en dra dus tot die sukses van minstens 60% van alle landbougrondhervormingsprojekte in die Provinsie by.

*Werk met boere en nywerhede saam om die sektor te ondersteun ten einde landbouproduksie (primêre provinsiale kommoditeite) met minstens 10% oor die volgende 10 jaar te verhoog.*

Casidra het met boere en nywerhede saamgewerk: (vrugte, beesvleis, suiwel, wol, graan, wingerdbou, wyn- en tafeldruiwe, groente, akwakultuur en varkboerdery) om landbouproduksie te verhoog deur infrastruktuur op 35 projekte te lewer wat deur hierdie nywerhede goedgekeur is.

*Beskerm, verbeter en bevorder die gebruik van ons natuurlike hulpbronne op 'n volhoubare wyse (binne die beperkings van klimaatverandering) ten einde voedselsekerheid te verseker.*

Infrastruktuur vir die benutting van water sowel as die voorkoming van erosie is op etlike projekte geïmplementeer in gebiede waar water skaars is. Dit sal daartoe bydra om ons natuurlike hulpbronne op 'n volhoubare wyse te beskerm, verbeter en bevorder, en om voedselsekerheid te verseker.

*Verhoog landbou-ekonomiese geleenthede in geselekteerde landelike areas gebaseer op sosio-ekonomiese behoeftes oor 'n tydperk van 10 jaar.*

Infrastruktuur is vir verskeie gemeenskap-, skool-, kerk-, en huishoudelike projekte (648) gelewer, wat tot die sosio-ekonomiese ontwikkeling van hierdie gemeenskappe, veral in twee landelike nodules, sal bydra.

## PROGRAM 4: VEEARTSENYKUNDIGE DIENSTE

### Doel:

Die doel van die Program is om gesonde diere, gesonde voedsel van diere afkomstig, en gesonde verbruikers in die Wes-Kaap te verseker. Die Program bevorder internasionale handel deur die uitvoer van diere en diereprodukte te fasiliteer, en verseker die veiligheid van vleis en vleisprodukte deur die implementering van die Wet op Vleisveiligheid (Wet 40 van 2000), die Wet op Dieresiektes (Wet 35 van 1984) en ander relevante wetgewing. Ondersteuning word ook gebied om verbeterde primêre produksie vir kleinhoeweboere te verseker.

Die Departement se kliënte verwag van hierdie Program om veeartsenydienste van hoë gehalte te lewer deur dieresiektes te verhoed en te beheer, higiënebestuurpraktyke aan slagpale te voorsien en te bevorder, en internasionale marktoegang vir diereprodukte deur uitvoerbeheer en -sertifisering te fasiliteer. Die program voer sy mandaat deur die vier subprogramme, nl. Dieregesondheid, Uitvoerbeheer, Veeartsenykundige Openbare Gesondheid, en Laboratoriumdienste uit.

Alhoewel dit hoegenaamd nie in die Prestasie-aanduiders (Dwarslynig of Provinsiaal) van die subprogram: Dieregesondheid weerspieël word nie, is die hoofmotief die toepassing van die Wet op Dieresiektes. (Wet 35 van 1984). Hierdie regulatoriese funksie is deur die DLBV aan die provinsies opgedra. Doeltreffende dieresiektebeheer is van nasionale belang (vir voedselsekerheid en -sekuriteit en landelike opheffing) sowel as openbare gesondheidskwessies (baie ernstige dieresiektes kan van diere na mense oorgaan, bv. hondsdolheid, miltsiekte, en voëlgriep).

### Strategiese doelstellings:

Strategiese doelstelling van die subprogram: Dieregesondheid is om dieresiektes te verhoed en beheer.

Strategiese doelstelling van die subprogram: Uitvoerbeheer is om sanitêre en fitosanitêre beheermaatreëls met inbegrip van risiko-assesserings en uitvoersertifisering te voorsien, ten einde die uitvoer van produkte met 'n diere-oorsprong te bevorder en te fasiliteer.

Strategiese doelstelling van die subprogram: Veeartsenykundige Openbare Gesondheid is om die veiligheid van vleis en vleisprodukte te verseker deur die implementering van die Wet op Vleisveiligheid (Wet 40 van 2000), die Wet op Dieresiektes (Wet 35 van 1984) en ander relevante wetgewing.

Strategiese doelstelling van die subprogram: Veeartsenykundige Laboratoriumdienste moet doeltreffende en toepaslike veeartsenykundige diagnostiese diens ter ondersteuning van die drie bostaande strategiese doelstellings voorsien.

## Subprogram 4.1: Dieregesondheid

## Diensleweringsdoelstellings en Aanwysers

| Subprogram 4.1: DIEREGESONDHEID | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Prestasiemeting-aanwyser | | Werklike uitset 2010/11 | Werklike prestasie teen Teiken | | Afwyking van Teiken (%) |
| | | | Teiken 2011/12 | Behaal 2011/12 | |
| **Nasionale dwarslynige aanwysers:** | | | | | |
| 1.1 | Aantal diere teen antraks geënt | 4 153 | 5 500 | 5 047 | (8) |
| 1.2 | Aantal diere teen hondsdolheid geënt | 86 544 | 35 000 | 64 966 | 86 |
| 1.3 | Aantal beeste teen brusellose geënt | 1 584 | 750 | 1 268 | 69 |
| 1.4 | Aantal hoenders teen New Castle-siekte geënt | 7 269 | 4 000 | 1 911 | (52) |
| 1.5 | Aantal primêre sessies vir dieregesondsorg (PDGS) gehou | 4 628 | 2 000 | 5 045 | 152 |
| 1.6 | Aantal diere gedurende PDGS-sessies behandel | 77 214 | 11 000 | 95 880 | 772 |
| 1.7 | Aantal permitte vir die beweging van diere uitgereik | 6 252 | 9 500 | 12 514 | 32 |
| 1.8 | Aantal inligtingsdae vir dieregesondheid gehou | 45 | 60 | 25 | (58) |
| 1.9 | Aantal diere met huid-TB getoets | 66 243 | 70 000 | 46 111 | (34) |
| 1.10 | Aantal CA-steekproewe versamel | 0 | 0 | 0 | 0 |
| 1.11 | Aantal diere ondersoek | 932 114 | 700 000 | 1 561 943 | 123 |
| 1.12 | Aantal steekproewe wat vir siektewaarneming geneem is | 57 632 | 40 000 | 160 117 | 300 |
| **Wes-Kaap-spesifieke aanwysers:** | | | | | |
| 1.13 | Aantal skape vir skaapskurfte behandel | 63 013 | 10 000 | 179 964 | 1 700 |
| 1.14 | Aantal beeste vir eksterne parasietbeheer gedip | 610 | 2 200 | 762 | (65) |
| 1.15 | Aantal steekproewe vir beesbrusellose-toetsing geneem | 84 835 | 20 000 | 58 861 | 194 |

## Redes vir variansies wat 15% oorskry:

| Aanwyser nr. | Rede vir Variansie |
|---|---|
| 1.1 – 1.9 en 1.11 - 1.15 | Alle dieregesondheidsaanwysers is deur die skielike uitbraak van voëlgriep (VG) geaffekteer wat in Oudtshoorn plaasgevind het. |

## Bydrae tot Departementele uitkomstes

*Ondersteun die Provinsiale Landbousektor om minstens sy uitvoerposisie vir die volgende 5 jaar te handhaaf deur die toegevoegde waarde vanaf R14.014 miljard in 2009 te laat groei.*

Deur steekproewe [1. 9, 1.10, 1.12, 1.13, 1.14 en 1.15] te neem, het die Program tot die handhawing van die uitvoerposisie bygedra.

*Werk met boere en nywerhede saam om die sektor te ondersteun ten einde landbouproduksie (primêre provinsiale kommoditeite) met minstens 10% oor die volgende 10 jaar te verhoog.*

Deur diere teen miltsiekte , brusellose, hondsdolheid en Newcastlesiekte in te ent, (1.1, 1.2, 1.3, en 1.4) het die program tot die verhoging van landbouproduksie gelei.

*Verseker dat minstens 60% van alle landbougrondhervormingsprojekte in die Provinsie oor die volgende 5 jaar suksesvol is.*

Primêre dieregesondheidsessies en diere-inspeksies (1.5, 1.6, en 1.8) het bygedra om 60% suksesvolle landbougrondhervormingsprojekte te verseker.

## Subprogram 4.2: UITVOERBEHEER

### Diensleweringsdoelstellings en Aanwysers

| Subprogram 4.2: UITVOERBEHEER | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Prestasiemeting-aanwyser | | Werklike uitset 2010/11 | Werklike prestasie teen Teiken | | Afwyking van Teiken (%) |
| | | | Teiken 2011/12 | Behaal 2011/12 | |
| **Nasionale dwarslynige aanwysers:** | | | | | |
| 2.1 | Aantal veeartsenykundige uitvoersertifikate uitgereik | 1 154 | 200 | 228 | 14 |
| 2.2 | Aantal uitvoerinstansies geregistreer | 92 | 117 | 113 | (3) |
| 2.3 | Aantal steekproewe vir residu-monitering by uitvoerfasiliteite | 300 | 484 | 119 | (75) |
| **Wes-Kaap-spesifieke aanwysers:** | | | | | |
| 2.4 | Doen jaarlikse Voedselveiligheid- en Uitvoersertifiseringsoudits by uitvoerinstansies vir die aanbeveling van registrasiehernuwing | 61 | 46 | 70 | 52 |
| 2.5 | Doen kwartaallikse Voedselveiligheidsoudits by EU-goedgekeurde uitvoeraanlegte om voortdurende monitering en nakoming van die vereistes van die invoerland en internasionale standaarde te verseker | 14 | 16 | 9 | (44) |
| 2.6 | Skep 'n databasis en hou dit in stand vir uitvoerstatistiek vir produkte met 'n diere-oorsprong op 'n amptelike uitvoerpermit | 1 | 1 | 1 | 0 |
| 2.7 | Evaluering en ouditering van nuwe toepassings vir uitvoeraanbevelings waar van toepassing | 12 | 4 | 20 | 400 |

### Redes vir variansies wat 15% oorskry:

| Aanwyser nr. | Rede vir Variansie |
|---|---|
| 2.3 | Uitbraak van BKS in Noord-KZN en voëlgriep in die Wes-Kaap het veroorsaak dat die uitvoer van onbehandelde diereprodukte van die betrokke spesies onttrek is. |
| 2.4 | Hernuwingsoudits is uitgevoer om die verval van die uitvoersertifikate te verhoed, ten einde die voortgesette ekonomiese en handelsaktiwiteite van ons deelhebbers te ondersteun. |
| 2.5 | Kwartaallikse oudits is uitgevoer aangesien personeel afgewend is om op die bostaande aanwyser 2.4 te respondeer. |
| 2.7 | Hierdie diens is op die direkte eis van die kliënte gebaseer. |

### Bydrae tot Departementele uitkomstes

*Ondersteun die Provinsiale Landbousektor om minstens sy uitvoerposisie vir die volgende 5 jaar te handhaaf deur die toegevoegde waarde vanaf R14.014 miljard in 2009 te laat groei.*

Die uitreik van sertifikate, oudit van diensstate, en evaluering van diensstate (2.1, 2.2, 2.3, en 2.7) het bygedra tot die handhawing van die Provinsie se uitvoerposisie vir veral vee en vleisprodukte.

## Subprogram 4.3: Veeartsenykundige Openbare Gesondheid

## Diensleweringsdoelstellings en Aanwysers

| Subprogram 4.3: VEEARTSENYKUNDIGE OPENBARE GESONDHEID | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Prestasiemeting-aanwyser | | Werklike uitsette 2010/11 | Werklike prestasie teen Teiken | | Afwyking van Teiken (%) |
| | | | Teiken 2011/12 | Behaal 2011/12 | |
| **Nasionale dwarslynige aanwysers:** | | | | | |
| 3.1 | Aantal slagpale geïnspekteer | 76 | 70 | 216 | 209 |
| 3.2 | Aantal diere-neweprodukfasiliteite geïnspekteer | 8 | 9 | 7 | (22) |
| 3.3 | Aantal openbare bewustheid-veldtogte gehou | 8 | 3 | 9 | 200 |
| 3.4 | Aantal ondersoeke na onwettige slagtery gehou | 23 | 12 | 48 | 300 |
| 3.5 | Aantal kontaksessies gehou | 163 | 50 | 192 | 284 |
| **Wes Kaap-spesifieke aanwysers:** | | | | | |
| 3.6 | Gereelde slagpalebesoeke vir monitering en oudits | 295 | 300 | 386 | 29 |
| 3.7 | Aantal slagpaleplanne goedgekeur | 8 | 5 | 8 | 60 |
| 3.8 | HAS-evaluerings uitgevoer | 61 | 75 | 57 | (24) |
| 3.9 | Aantal steekproewe vir die nasionale bakteriologiese moniteringsprogram ingesamel. | 0 | 120 | 0 | (100) |
| 3.10 | Ouditering van slagpale vir die uitvoer van huide en velle | 26 | 30 | 23 | (23) |
| 3.11 | Ouditering van intermediêre store vir die uitvoer van huide en velle | 7 | 9 | 6 | (33) |
| 3.12 | Sertifiseer uitvoeraansoeke | 162 | 100 | 694 | 594 |
| 3.13 | Versameling van BSE-steekproewe | 612 | 736 | 564 | (23) |
| 3.14 | Aantal steekproewe vir die nasionale program vir residu-monitering versamel | 119 | 750 | 242 | (68) |
| 3.15 | Aantal pamflette versprei | 3 666 | 1 000 | 3 642 | 264 |
| 3.16 | Aantal plakkate versprei en in stand gehou | 67 | 100 | 25 | (75) |

## INLIGTING OOR VOORAFBEPAALDE DOELSTELLINGS
## vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

### Redes vir variansies wat 15% oorskry:

| Aanwyser nr. | Rede vir Variansie |
|---|---|
| 3.1 | Hierdie is 'n aanvraaggedrewe aanwyser. Doeltreffende opvolg van slagpale wat nie geslaag het nie sal meer besoeke noodsaak. |
| 3.2 | Hierdie is 'n aanvraaggedrewe aanwyser. |
| 3.3, 3.4, 3.5 en 3.7 | Hierdie is 'n aanvraaggedrewe aanwyser. |
| 3.6 | Doeltreffende opvolg van slagpale wat nie geslaag het nie lei tot meer besoeke. |
| 3.8 | Beamptes ervaar beduidende druk weens toename in uitvoerfunksies om die teiken van HAS-oudits vol te hou. |
| 3.9 en 3.14 | Uitset korrek, gebaseer op laer-syfer-rooster wat van die DLBV ontvang is. |
| 3.10 en 3.11 | Registrasies van huide en velle van slagpale verval reg deur die jaar, en moet dienooreenkomstig gedoen word. |
| 3.12 | Hierdie massiewe bykomstige werklas het die staking van hierdie diens deur DLBV-beamptes tot gevolg gehad. |
| 3.13 | Steekproefneming wat deur die aantal beeste bepaal word wat ouer as 30 maande is, en op 'n Dinsdag by slagpale geslag is wat binne bereik van 'n beampte is. |
| 3.15 | Beamptes is gedurende die finansiële jaar by meer werkswinkels betrek, en meer pamflette is versprei as wat verwag was. |
| 3.16 | Nie alle bewustheidsfunksies het tot verhoogde plakkaatverspreiding gelei nie. |

### Bydrae tot Departementele uitkomstes

*Ondersteun die Provinsiale Landbousektor om minstens sy uitvoerposisie vir die volgende 5 jaar te handhaaf deur die toegevoegde waarde vanaf R14.014 miljard in 2009 te laat groei.*

'n Bydrae tot die handhawing van ons uitvoerposisie deur sertifisering, inspeksie van slagpale, en lewering van neweprodukte [3.1, 3.2, 3.3, 3.12 en 3.13] is deur die Program gemaak.

*Werk met boere en nywerhede saam om die sektor te ondersteun ten einde landbouproduksie (primêre provinsiale kommoditeite) met minstens 10% oor die volgende 10 jaar te verhoog.*

Die Program: VD dra deur sertifisering, inspeksie van slagpale, en lewering van neweprodukte [3.1, 3.2, 3.3, 3.12 en 3.13) tot 'n toename in landbouproduksie by.

## Subprogram 4.4: Veeartsenykundige Laboratoriumdienste

## Diensleweringsdoelstellings en Aanwysers

| Subprogram 4.4: VEEARTSENYKUNDIGE LABORATORIUMDIENSTE | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Prestasiemeting-aanwyser | | Werklike uitsette 2010/11 | Werklike prestasie teen Teiken | | Afwyking van Teiken (%) |
| | | | Teiken 2011/12 | Behaal 2011/12 | |
| **Nasionale dwarslynige aanwysers:** | | | | | |
| 4.1 | Aantal voedselveiligheid-steekproewe getoets | 3 117 | 2 700 | 4 470 | 66 |
| 4.2 | Aantal proewe vir die monitering van slagpalehigiëne getoets | 299 | 300 | 152 | (49) |
| 4.3 | Aantal proewe vir Beheerde/ Aanmeldbare Siektes getoets | 121 109 | 100 000 | 109 856 | 10 |
| 4.4 | Aantal interne laboratorium-ouditverslae | 20 | 10 | 25 | 150 |
| 4.5 | Aantal eksterne gehaltebeheerverslae | 52 | 30 | 88 | 193 |
| 4.6 | Aantal proewe vir nie-beheerde/ nie-aanmeldbare siektes getoets | 29 468 | 14 000 | 30 168 | 115 |
| 4.7 | Aantal epidemiologiese studies uitgevoer | 0 | 0 | 0 | 0 |
| 4.8 | Aantal lykskouing-steekproewe geprosesseer | 889 | 800 | 1 363 | 70 |
| 4.9 | Totale aantal toetse uitgevoer | 171 568 | 150 000 | 177 954 | 19 |
| **Wes-Kaap-spesifieke aanwysers:** | | | | | |
| 4.10 | Totale aantal diagnostiese toetse uitgevoer | 0 | 150 000 | 177 954 | 19 |
| 4.11 | % van die SBP's vir metode en toerusting voltooi | 0 | 98 | 95 | (3) |
| 4.12 | Interne oudits van toetse uitgevoer | 0 | 10 | 25 | 150 |
| 4.13 | Interlaboratorium-toetsbondels | 0 | 30 | 88 | 193 |
| 4.14 | Steekproewe van ingevoerde produkte en vanaf uitvoerslagpale | 3 069 | 1 000 | 4 431 | 343 |
| 4.15 | Mikrobiologie-steekproewe om plaaslike mark-slagpale te moniteer | 3 208 | 1 500 | 4 522 | 201 |

## Redes vir variansies wat 15% oorskry:

| Aanwyser nr. | Rede vir Variansie |
|---|---|
| 4.1, 4.2, 4.3,4.6, 4.8, 4.9, 4.10, 4.14 en 4.15 | Die laboratorium is meestal afhanklik van buitebronne en -kliënte vir steekproewe waaroor die laboratorium geen beheer het nie. Meer of minder steekproewe is ontvang as wat verwag is. |
| 4.4 | Die oorspronklike interne ouditskedule van die laboratorium wat gebruik is om die jaarlikse en kwartaallikse teikens te stel, is hersien nadat die syfer voorgelê is, en die nuwe skedule laat meer interne oudits toe om die omvang van goedkeuring deur die DLBV te dek. |
| 4.5 en 4.13 | Sedert die teikens aangekondig is, is daar deur die meeste veeartsenykundige laboratoriums besluit dat 'n minimum van tussenlaboratorium-vergelykings per gekontroleerde siekte per jaar getref sal word, en dit het die aantal verslae vermeerder wat gedurende die verslagjaar geproduseer sal word. Die afdeling vir voedselveiligheid is sedertdien ook deur die DLBV goedgekeur, en dra ook tot hierdie aanwyser by wat tot die geproduseerde verslae gelei het. |
| 4.11 | Hierdie is nie 'n kumulatiewe syfer nie. Die teiken behoort as 95% aangedui te word. |
| 4.12 | Die oorspronklike interne ouditskedule van die laboratorium wat gebruik is om die jaarlikse en kwartaallikse teikens te stel, is hersien nadat die syfers voorgelê is, en die nuwe skedule laat meer oudits toe om die omvang van goedkeuring deur die DLBV te dek. |

**Bydrae tot Departementele uitkomstes**

*Ondersteun die Provinsiale Landbousektor om minstens sy uitvoerposisie vir die volgende 5 jaar te handhaaf deur die toegevoegde waarde vanaf R14.014 miljard in 2009 te laat groei.*

Handhawing van ons uitvoerposisie deur proewe vir aanmeldbare / nie-aanmeldbare siektes (4.4 en 4.6) te versamel, uitvoer van epidemiologiese studies, en doen van toetse (4.7 en 4.9).

*Werk met boere en nywerhede saam om die sektor te ondersteun ten einde landbouproduksie (primêre provinsiale kommoditeite) met minstens 10% oor die volgende 10 jaar te verhoog.*

Handhawing van toenemende landbouproduksie deur proewe vir aanmeldbare / nie-aanmeldbare siektes (4.4 en 4.6) te versamel, uitvoer van epidemiologiese studies, en doen van toetse (4.7 en 4.9).

**Program 5: TEGNOLOGIESE, NAVORSINGS- EN ONTWIKKELINGSDIENSTE**

**Doel:**

Die doel van die Program is om navorsing te doen, toepaslike landboukundige snypunt-tegnologie vir boere en ander gebruikers van natuurlike hulpbronne te ontwikkel en aan te pas, en tegniese ondersteuningsprogramme vir boere te ontwikkel en te kommunikeer ten einde meer bestaande en nuwe geleenthede vir boere en gemeenskappe te skep.

**Strategiese doelstellings:**

Strategiese doelstelling van die subprogram: Navorsing en sy drie institute, naamlik institute vir diereproduksie, plantproduksie en navorsingsbenutting, is om navorsing uit te voer en om nuwe snypunt-tegnologie te ontwikkel waardeur die toename in landbouproduksie, en volhoubaarheid en mededingendheid van ons boere, verseker sal word.

Navorsingsdienste word op ‘n gedesentraliseerde wyse vanaf ons sewe navorsingsplase in ses distrikte gelewer. Die belanghebbendes van hierdie subprogram sluit die volgende in: ander navorsingsinstansies (nasionaal sowel as internasionaal), die LNR en sy navorsingsinstitute, tersiêre instansies, nywerheid- en kommoditeit-organisasies (met inbegrip van hul navorsingskomitees, agri-besighede, voorligtingsbeamptes, dosente, tegniese deskundiges van buite die departement, tegniese konsultante, interdepartementele netwerke en werkgroepe, boere (alle kategorieë), en die publiek.

Strategiese doelstelling van die subprogram: Inligtingsdienste moet as die afvoerbuis dien om die navorsingsrand in ‘n inligtingsrand te omskep. Inligting oor nuwe en aangepaste tegnologie is in die vorm van gebruikersvriendelike, kliëntgefokusde en probleemoplossende inligtingspakkette verpak vir verspreiding onder ons interne kliënte (voorligtingsbeamptes en dosente) en ons eksterne belanghebbendes (die LNR en sy navorsingsinstitute), tersiêre instansies, nywerheid- en kommoditeit-organisasies (met inbegrip van hul navorsingskomitees), agri-besighede, tegniese deskundiges en konsultante, interdepartementele netwerke en werkgroepe, boere (alle kategorieë), en die publiek. Verder word geleenthede vir die oordrag van tegnologie en loop-en-praat-geleenthede op ‘n gereelde basis georganiseer om die navorsingsboodskap aan genoemde belanghebbendes te bring.

**INLIGTING OOR VOORAFBEPAALDE DOELSTELLINGS**
**vir die jaar geëindig 31 Maart 2012**

Strategiese doelstelling van die subprogram: Infrastruktuur-ondersteuningsdienste moet plaas- en navorsingsondersteuning aan ons navorsingspogings, sowel as ons eksterne navorsingsvennote verskaf. Hierdie subprogram is verder verantwoordelik vir die plaas-infrastruktuur en instandhoudingsbehoeftes van die ander programme van die Departement. Die belanghebbendes van die subprogram sluit die drie navorsingsinstansies, ander departementele programme, eksterne navorsingsorganisasies (LNR en sy institute), tersiêre instansies, nywerheidsorganisasies en agri-besighede in.

### Subprogram 5.1 Navorsing

### Diensleweringsdoelstellings en Aanwysers

| Subprogram 5.1 NAVORSING | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Prestasiemeting-aanwyser | | Werklike uitsette 2010/11 | Werklike prestasie teen Teiken | | Afwyking van Teiken (%) |
| | | | Teiken 2011/12 | Behaal 2011/12 | |
| **Nasionale dwarslynige aanwysers:** | | | | | |
| 1.1 | Aantal navorsingsprojekplanne goedgekeur wat met spesifieke beperkings van kommoditeiteproduksie werk | 7 | 3 | 28 | 833 |
| 1.2 | Aantal navorsingsprojekte geïmplementeer wat met spesifieke beperkings van kommoditeiteproduksie werk | 81 | 74 | 72 | (3) |
| 1.3 | Aantal navorsingsprojekte voltooi wat met spesifieke beperkings van kommoditeiteproduksie werk | 28 | 5 | 15 | 200 |
| 1.4 | Aantal tegnologieë ontwikkel | 4 | 1 | 4 | 300 |
| 1.5 | Aantal demonstrasieproewe uitgevoer | 2 | 2 | 2 | 0 |
| 1.6 | Aantal wetenskaplike/ semi-wetenskaplike artikels gepubliseer | 39 wetenskaplike<br><br>20 semi-wetenskaplike<br><br>55 kongresreferate | 30 wetenskaplike<br><br>20 semi-wetenskaplike<br><br>25 kongresreferate | 28<br><br>15<br><br>90 | (7)<br><br>(25)<br><br>260 |
| **Wes-Kaap-spesifieke aanwysers:** | | | | | |
| 1.7 | Aantal navorsingskomiteevergaderings om projekte te evalueer | 3 | 4 | 5 | 25 |
| 1.8 | Aantal vergaderings met bedryfsorganisasies om navorsingsbehoeftes te bepaal | 47 | 8 | 52 | 550 |
| 1.9 | Aantal klimaatveranderingsprojekte uitgevoer | 6 | 5 | 5 | 0 |
| 1.10 | Aantal nuwe akwakultuur-navorsingsprojekte | 0 | 2 | 1 | (50) |
| 1.11 | Konsolideer navorsing- en ontwikkelingsprojekte | 1 | 1 | 1 | 0 |
| 1.12 | Stel klimaatsveranderingplan vir landbou saam | 0 | 1 | 0 | (100) |
| 1.13 | Aantal PLNF-vergaderings om navorsing te koördineer | 0 | 3 | 3 | 0 |
| 1.14 | Stel strategiese navorsingsdokument saam wat samewerkende navorsingsgeleenthede in die Wes-Kaap uitlig. | 0 | 1 | 0 | (100) |

## Redes vir variansies wat 15% oorskry:

| Aanwyser nr. | Rede vir Variansie |
|---|---|
| 1.1, 1.3 en 1.7 | Alhoewel finansiële en mense-kapasiteit beperk was, was die nuwe projekte wat goedgekeur is hoofsaaklik studenteprojekte wat as deel van studieleierskap vir die Departement uitgevoer is. Daarom is 'n bykomstige komiteevergadering gehou om die groot aantal nuwe projekte te akkommodeer wat bespreek en goedgekeur moes word. As deel van die konsolidering van projekte en die herbelyning van bedryfsbehoeftes, is die teiken vir voltooide projekte oorskry. Dit is ook waarom finansiële en mensehulpbronne beskikbaar gestel is om met nuwe projekte te begin (sien hierbo). |
| 1.4 | Tegnologieë word slegs beskikbaar gestel nadat hulle op plaas- en operasionele vlak uitgetoets is, en kan nie per kwartaal of per jaar beplan word nie. |
| 1.6 | Alhoewel daar onderprestasie m.b.t. die aantal semi-wetenskaplike publikasies was, was die uitset m.b.t. die aantal gelewerde kongresreferate uiters hoog weens die kapasiteit wat vir laasgenoemde gebruik is, en die bywoning van kongresse (nasionaal en internasionaal). Hierdie kongresse is aangekondig nadat die aanvanklike teikens gestel is. |
| 1.8 | Vergaderings met bedryfsorganisasies is op uitnodiging bygewoon, en dit is nie altyd maklik om die aantal vooruit korrek te voorspel nie. Slegs sommige bedrywe het voorafbepaalde datums en skedulering vir hul navorsingsprioriteitvergaderings, terwyl ander bedrywe vergader soos die behoefte ontstaan. Verder het die Departement se toenemende rol as 'n navorsingsgroep waarmee rekening gehou moet word tot meer intensiewe betrokkenheid in meer bedryfsvergaderings en werkswinkels as tevore gelei. |
| 1.10 | Slegs een akwakultuur-navorser is tans in diens, en weens die gebrek aan senior-toesig en 'n studieleier is slegs een nuwe projek goedgekeur. |
| 1.12 | Die hoofredes vir gebrek aan lewering m.b.t. die klimaatveranderingplan vir agri-kultuur was: kapasiteit- en begrotingsbeperkings vir die verkry van 'n diensverskaffer om die plan saam te stel; b) 'n gefokusde poging van die Departement, sy programme en die belanghebbendes is nodig om die raamwerk vir die plan te bepaal (wat dit betref, behoort die werkgroepe van PSD11, wat in die laaste deel van 2011/12 tot stand gekom het 'n hoofrol te speel), en c) die onlangse herindeling van PSD7 en sy werkgroepe kan 'n spesifieke impak op die plan vir landbou hê. Daar behoort kennis geneem te word dat hierdie plan as 'n strategiese uitkomste in die departementele strategiese plan aangewys is en dat dit binne drie jaar voltooi behoort te word. |
| 1.14 | Hierdie dokument is as 'n uitkomste van die WCARF beplan.Alhoewel die insette van die lede in die laaste gedeelte van 2011 aangevra is, het stadige response en die feit dat party lede nog nie gerespondeer het nie, dit nodig gemaak om die sperdatum uit te stel, en hierdie dokument sal eers in 2012/13 voltooi word. |

## Bydrae tot Departementele uitkomstes

Die Subprogram Navorsing het sy mandaat in lyn met die Nasionale Landbounavorsing- en Ontwikkelingstrategie (2002), Nasionale Uitkomstes, PSD's, en departementele strategiese doelwitte uitgevoer.

Die welslae van die landbousektor in die Wes-Kaap is in 'n kombinasie van kritieke sukses-faktore gevestig wat ook as sleutel strategiese doelstellings van die Departement geïdentifiseer is. Die belangrikste hiervan is 'n volhoubare uitvoerposisie, 'n toename in landbouproduksie, en die optimalisering en oorwoë benutting van ons natuurlike hulpbronne. Landbounavorsing en -ontwikkeling is die sleutel tot hierdie suksesfaktore.

*Ondersteun die Provinsiale Landbousektor om minstens sy uitvoerposisie vir die volgende 5 jaar te handhaaf deur die toegevoegde waarde vanaf R14.014 miljard in 2009 te laat groei.*

'n Florerende uitvoersektor is slegs volhoubaar indien primêre produksie deur gesonde tegnologieontwikkeling en wêreldklas-landboupraktyke ondersteun word. Die navorsingsportefeulje van die Departement is in lyn gebring met die behoeftes van sowel die kommersiële as die kleinhoeweboere. Die skerp toename in die betrokkenheid by, en samewerking met bedryfsorganisasies was 'n duidelike aanduiding van die behoefte aan die

ontwikkeling van snypunt-tegnologie, veral dié met lae insette en hoë uitsette, en klimaat-slim betrokkenheid.

*Werk met boere en nywerhede saam om die sektor te ondersteun ten einde landbouproduksie (primêre provinsiale kommoditeite) met minstens 10% oor die volgende 10 jaar te verhoog.*

Die navorsingsportefeulje (met 72 navorsingprojekte in veeproduksie, plantproduksie en hulpbronbenutting) en sy agenda van tegnologie-oordrag het die volhoubaarheid van ons sektor ondersteun. Verder het ons analitiese en diagnostiese dienste, sowel as ons tegniese advies, aanleiding tot meer ingeligte besluitneming in terme van die keuse van boerderyoperasies en hulpbron-benutting op die plaas gegee.

*Optimaliseer die volhoubare benutting van ons natuurlike hulpbronne deur middel van bewaringsmetodes om landbouproduksie te verhoog.*

Die drang na klimaat-slim landbou het tot tegnologie-ontwikkeling aanleiding gegee, byvoorbeeld in bewaringslandbou en die oorwoë gebruik van kunsmis. Verder het die deskundigheid m.b.t. wisselbou in die Swartland en die Suid-Kaap oplossings vir volhoubare en verhoogde produksie verseker.

### Subprogram 5.2: Inligtingsdienste

### Diensleweringsdoelstellings en Aanwysers

| Subprogram 5.2: INLIGTINGSDIENSTE | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Prestasie-meting-aanwyser | | Werklike uitsette 2010/11 | Werklike prestasie teen Teiken | | Afwyking van Teiken (%) |
| | | | Teiken 2011/12 | Behaal 2011/12 | |
| **Nasionale dwarslynige aanwysers:** | | | | | |
| 2.1 | Aantal inligtingpakkette ontwikkel | 15 | 5 | 17 | 240 |
| 2.2 | Aantal tegnologieoordragvoorvalle uitgevoer | 11 | 3 | 14 | 367 |
| 2.3 | Aantal aanbiedings by tegnologieoordragvoorvalle gemaak | 206 | 60 | 205 | 242 |
| 2.4 | Aantal populêre artikels gepubliseer | 90 | 30 | 126 | 320 |
| **Wes-Kaap-spesifieke aanwysers:** | | | | | |
| 2.5 | Aantal webwerf-inligtingsdokumente bygewerk | 8 | 8 | 3 | (63) |
| 2.6 | Aantal verslae oor die stand van landbou opgestel en versprei | 23 | 12 | 19 | 58 |
| 2.7 | Aantal klimaatverslae versprei | 46 | 8 | 38 | 375 |
| 2.8 | Aantal wetenskaplike radiopraatjies | 38 | 15 | 41 | 173 |
| 2.9 | Aantal skooldae vir leerders om landbou en navorsing te ervaar | 3 | 2 | 3 | 50 |

## Redes vir variansies wat 15% oorskry:

| Aanwyser nr. | Rede vir Variansie |
|---|---|
| 2.1, 2.2, 2.3, 2.4 en 2.8 | Die groot aantal inligtingspakkette was hoofsaaklik weens die nuusbriewe van die nuwe Wes-Kaap Bewaringslandbouvereniging (WKBL). Verder het die drie weidingkursusse (weens die aanvraag van beginner- en kommersiële boere) drie meer inligtingspakkette wat vir bywoners saamgestel is. Die leidende rol wat die Departement in navorsing in die openbare sektor speel, tesame met die deskundigheid, het tot verskeie uitnodigings gelei om lesings by boeredae aan te bied en populêre artikels oor tersaaklike onderwerpe te skryf. Daar moet op gelet word dat die meeste van die gelewerde aanbiedings ook in 'n populêre formaat geskryf was om in die geleentheidsboekie gepubliseer te word wat as inligtingspakkette vir die bywoners gegee is. Radiopraatjies is aangebied soos die behoefte vir tydige inligting ontstaan het. Verder is radiopraatjies by gebeurtenisse ingeskakel, en die groot aantal geleenthede wat vir tegnologie-oordrag aangebied is, het die uitsette in hierdie verband verhoog. |
| 2.5 | Webwerf-dokumente word opgelaai soos hulle beskikbaar raak, en kan nie akkuraat beplan word nie. |
| 2.6 en 2.7 | Verslae oor klimaat en landboutoestande is versprei soos hulle beskikbaar geraak het, en was 'n direkte uitkomste van die heersende klimaatstoestande en dokumente wat van die DLBV vir verspreiding ontvang is. |
| 2.9 | Twee ope skooldae is beplan, maar om logistieke redes was drie dae benodig om die beplande program op 'n gekoördineerde wyse te lewer en om die genooide skole te akkommodeer. |

## Bydrae tot Departementele uitkomstes

*Ondersteun die sektor (boere en nywerhede) ten einde landbouproduksie (primêre provinsiale kommoditeite) met minstens 10% oor die volgende 10 jaar te verhoog; en Optimaliseer die volhoubare benutting van ons natuurlike hulpbronne deur middel van bewaringsmetodes om landbouproduksie te verhoog.*

Die agenda vir oordrag van tegnologie en verspreiding van inligting is aangedryf deur die navorsingsprotefeulje in die dissiplines van veeproduksie, plantproduksie en hulpbronbenutting. Die bestuur van inligting en kennis dryf volhoubare produksie aan. Die portefeulje vir tegniese inligtingsdienste het die meeste van sy teikens oortref, en dit bied 'n duidelike aanduiding van die voorneme van navorsers om inligting oor ons kliënte verby die plaashek te "stoot". Aan die ander kant het die "trek" van inligting vanaf die kliënte die fokus op produksie-uitdagings gehou, en beklemtoon dat mededinging op die ontwikkeling van nuwe landboutegnologie berus, en op die implementering van resultate op plaasvlak.

## Subprogram 5.3: Infrastruktuur Ondersteuningsdienste

## Diensleweringsdoelstellings en Aanwysers

| Subprogram 5.3: INFRASTRUKTUUR ONDERSTEUNINGSDIENSTE | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Prestasiemeting-aanwyser | | Werklike uitset 2010/11 | Werklike prestasie teen Teiken | | Afwyking van Teiken (%) |
| | | | Teiken 2011/12 | Behaal 2011/12 | |
| **Nasionale dwarslynige aanwysers:** | | | | | |
| 3.1 | Hoeveelheid navorsingsinfrastruktuur voosien | 7 | 7 | 7 | 0 |
| 3.2 | Hoeveelheid navorsingsinfrastruktuur in stand gehou | 7 | 7 | 7 | 0 |
| **Wes-Kaap-spesifieke aanwysers:** | | | | | |
| 3.3 | Aantal tegniese werkkomiteevergaderings op navorsingsplase | 14 | 14 | 15 | 7 |

**Redes vir variansies wat 15% oorskry:**

Geen

**Bydrae tot Departementele uitkomstes**

Ten einde die uitsette en uitkomstes van die navorsingsprotefeulje te verseker, was 'n navorsingsomgewing in die vorm van sewe navorsingsplase wat behoorlik in stand gehou is, van kritieke belang. Die subprogram het indirek tot die departementele strategiese doelstellings bygedra, en het ook die navorsing van verskeie institute van die LNR en ander rolspelers in die bedryf ondersteun.

**Program 6: LANDBOU-EKONOMIE**

**Doel:**

Die doel van hierdie program is om tydige en relevante landbou-ekonomiese ondersteuning te bied ten einde interne en eksterne kliënte te ondersteun en sodoende volhoubare landbou- en landelike ontwikkeling te verseker.

**Strategiese doelstellings:**

Om mededingendheid van die landbousektor te verhoog deur landboubesigheid te ondersteun, met inbegrip van entrepreneursontwikkeling, bemarkingsdienste, waardetoevoeging, en produksie- en hulpbron-ekonomie.

Om doeltreffende besluitneming in die landbou- en agri-besigheid-sektor te bevorder deur die voorsiening van makro-ekonomiese en statistiese inligting oor die prestasie van die landbousektor.

**Subprogram 6.1: Ontwikkeling en Ondersteuning vir Agri-besigheid**

**Diensleweringsdoelstellings en Aanwysers**

| **Subprogram 6.1: ONTWIKKELING EN ONDERSTEUNING VIR AGRI-BESIGHEID** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Prestasiemeting-aanwyser** | | **Werklike uitset** | **Werklike prestasie teen Teiken** | | **Afwyking van Teiken (%)** |
| | | | **Teiken 2010/11** | **Behaal 2011/12** | |
| **Nasionale dwarslynige aanwysers:** | | | | | |
| 1.1 | Aantal Agri-besighede ondersteun vir toegang tot markte | 49 | 35 | 58 | 66 |
| 1.2 | Aantal kliënte met landbou-ekonomiese advies ondersteun | 639 | 100 | 1 273 | 1 173 |
| 1.3 | Aantal begrotings vir nuwe ondernemings ondersteun | 31 | 30 | 35 | 17 |
| 1.4 | Aantal begrotings vir ondernemings bygewerk | 12 | 10 | 14 | 40 |
| 1.5 | Aantal landbou-ekonomiese studies uitgevoer | 74 | 10 | 43 | 330 |
| **Wes-Kaap-spesifieke aanwysers:** | | | | | |
| 1.6 | Aantal bemarkingsinligting- uitsette versprei | 17 | 15 | 61 | 307 |
| 1.7 | Waarde van investering van verbonde projekte | 0 | R50 miljoen | R82 miljoen | 64 |

**INLIGTING OOR VOORAFBEPAALDE DOELSTELLINGS**
**vir die jaar geëindig 31 Maart 2012**

## Redes vir variansies wat 15% oorskry:

| Aanwyser nr. | Rede vir Variansie |
|---|---|
| 1.1 | Oorprestasie weens die marktoeganginterveNsies gedurende die jaar. Hierdie is opbrengs op beleggings op die afgelope jaar se intervensies. Dit is ook 'n gevolg van sekere markontwikkelings wat deur LE gefasiliteer is, wat nooit bedoel is om 'n groot aantal agri-besighede te lok nie. |
| 1.2 | Oorprestasie is die gevolg van verskeie markverslae wat geproduseer en versprei is, die werkswinkels wat gehou is, en die plaasbesoeke wat vir adviesdoeleindes gedoen is. |
| 1.3 | Oorprestasie was weens vasberade pogings wat, weens navrae wat ontvang is, op die ondernemingsbegroting geplaas is. Een van die beamptes moes ook aandag aan die versoeke gee, en het derhalwe minder tyd aan die ontwikkeling van Micro Combud bestee aangesien daar 'n toegewysde hulpbron vir die programontwikkeling was. |
| 1.4 | Die bywerk van begrotings is ook deur aanvraag gedryf, en was derhalwe op navrae gebaseer wat vir sekere begrotings ontvang is. |
| 1.5 | Die studies wat onderneem is, is ook aanvraaggedrewe, en is aangespoor deur 'n aantal aktiwiteite en hoofsaaklik MAFISA-toepassings en marktoegang. Dit is ook 'n gevolg van versoeke van ander programme weens bedankings. |
| 1.6 | Oorprestasie is weens toegewysde hulpbronne op markinligtinguitsette en die nuwe verpakking van inligting vir verskillende teikengroepe. Daarbenewens het die komponent vir die jaar teen volle kapasiteit gewerk, wat nie die gewone situasie binne die LE is nie. |
| 1.7 | Oorprestasie was die gevolg van die geteikende benadering en voortdurende ondersteuning vir projekte, en die behoorlike seleksie van projekte vir die beleggingspyplyn. |

## Bydrae tot Departementele uitkomstes

*Ondersteun die Provinsiale Landbousektor om minstens sy uitvoerposisie vir die volgende 5 jaar te handhaaf deur die toegevoegde waarde vanaf R14.014 miljard in 2009 te laat groei.*

58 Agri-besighede ondersteun vir toegang tot markte.
61 Bemarkingsinligting-uitsette versprei.

*Verseker dat minstens 60% van alle landbougrondhervormingsprojekte in die Provinsie oor die volgende 5 jaar suksesvol is.*

58 Agri-besighede ondersteun vir toegang tot markte.
43 Landbou-ekonomiese studies uitgevoer.
1 273 Kliënte met landbou-ekonomiese advies ondersteun.

*Werk met boere en nywerhede saam om die sektor te ondersteun ten einde landbouproduksie (primêre provinsiale kommoditeite) met minstens 10% oor die volgende 10 jaar te verhoog*

35 Begrotings vir nuwe ondernemings ontwikkel.
14 Ondernemingsbegrotings bygewerk.
1 273 Kliënte met landbou-ekonomiese advies ondersteun.
43 Verslae ontwikkel.

## Subprogram 6.2: Makro-ekonomie en Statistiek

## Diensleweringsdoelstellings en Aanwysers

| Subprogram 6.2: MAKRO-EKONOMIE EN STATISTIEK | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Prestasiemeting-aanwyser | | Werklike uitset 2010/11 | Werklike prestasie teen Teiken | | Afwyking van Teiken (%) |
| | | | Teiken 2011/12 | Behaal 2011/12 | |
| **Nasionale dwarslynige aanwysers:** | | | | | |
| 2.1 | Aantal versoeke om inligting beantwoord. | 147 | 140 | 174 | 24 |
| 2.2 | Aantal verslae ontwikkel | 24 | 10 | 43 | 330 |
| **Wes-Kaap-spesifieke aanwysers:** | | | | | |
| 2.3 | Aantal opnames uitgevoer | 0 | 1 | 0 | (100) |
| 2.4 | Aantal databasisse van populasies voorsien | 0 | 29 | 34 | 17 |

## Redes vir variansies wat 15% oorskry:

| Aanwyser nr. | Rede vir Variansie |
|---|---|
| 2.1 | Versoeke om inligting is aanvraag-gedrewe en kan nie deur die Departement beïnvloed word nie. |
| 2.2 | Oorprestasie op verslae wat ontwikkel is, was weens 'n aantal verspreidingsaktiwiteite wat gedurende hierdie jaar onderneem is, en die bykomstige kapasiteit wat binne die subprogram ontvang is. |
| 2.3 | Onderprestasie op opnames wat onderneem is, was buite die beheer van LE aangesien hierdie 'n samewerkingsprojek is en die kapasiteit wat benut moes word om hierdie opname by te werk, vir ander dringende aktiwiteite geprioritiseer is. |
| 2.4 | Oorprestasie in databasisse wat van populasies voorsien is, was weens bykomstige kapasiteit binne die komponent. |

## Bydrae tot Departementele uitkomstes

*Optimaliseer die volhoubare benutting van ons natuurlike hulpbronne deur middel van bewaringsmetodes om landbouproduksie te verhoog.*

43 Verslae ontwikkel.

*Verhoog landbou-ekonomiese geleenthede in geselekteerde landelike areas gebaseer op sosio-ekonomiese behoeftes oor 'n tydperk van 10 jaar*

43 Verslae ontwikkel.
34 Databasisse gepopuleer.

## Program 7: GESTRUKTUREERDE LANDBOU-OPLEIDING

## Doel:

Die doel van die Program: Gestruktureerde Landbou-opleiding is om onderwys en opleiding in lyn met die Landbou-onderwys- en -opleidingstrategie (LOO) aan alle deelnemers in die landbousektor in die Wes-Kaap te voorsien, ten einde 'n kundige, welvarende en mededingende sektor te vestig, en om die Departement se Mensekapitaal-ontwikkelingstrategie vir die sektor in die Provinsie te implementeer.

## INLIGTING OOR VOORAFBEPAALDE DOELSTELLINGS vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

### Strategiese doelstelling:

Strategiese doelstelling van die subprogram: Tersiêre onderwys moet formele onderwys op vlakke na graad 12 (NKR-vlakke 5 tot 7) voorsien, aan enigiemand wat kwalifiseer en die begeerte het om formele onderwys te ondergaan. Die subprogram bied die volgende volledige kwalifikasies aan by die hoofkampus van die Kaapse Instituut vir Landbou-opleiding: Elsenburg (KILO): Hoër Sertifikaat in Landbou, Diploma in Landbou, en B.Agric.-graad, sowel as 'n Sertifikaat vir Perdryinstrukteurs.

Strategiese doelstelling van die subprogram:Verdere Onderwys en Opleiding moet nie-formele en formele opleiding binne die bepalings van NKR-vlakke 1 tot 4, en in die vorm van kort vaardigheidskursusse en leerlingskappe aan enigeen wat wil deelneem voorsien, met spesiale nadruk op die jeug, en alle boeregroepe, d.w.s. klein-, bestaans-, en kommersiële boere en plaashulpe. Die subprogram bied vaardigheidgebaseerde kort kursusse en leerlingskap-opleiding (12 maande) op die hoofkampus by Elsenburg, en by die gedesentraliseerde opleidingsentrums by George, Oudtshoorn, Clanwilliam en Bredasdorp.

Strategiese doelstelling van die subprogram: Gehaltesekerheid is om te verseker dat alle opleiding geakkrediteer is en die voorgeskrewe en verwagte gehaltesekerheid en akademiese standaarde lewer. Strategiese vennote op hierdie gebied sal wees die Hoër-Onderwys-Raad, Amalusi, Agri-SETA ETQA en die Universiteit van Stellenbosch.

### Subprogram 7.1: Tersiêre Onderwys

### Diensleweringsdoelstellings en Aanwysers

| Subprogram 7.1: TERSIÊRE ONDERWYS | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Prestasiemeting-aanwyser | | Werklike uitset 2010/11 | Werklike prestasie teen Teiken | | Afwyking van Teiken (%) |
| | | | Teiken 2011/12 | Behaal 2011/12 | |
| **Nasionale dwarslynige aanwysers:** | | | | | |
| 1.1 | Aantal geakkrediteerde kort kursusse aangebied | 6 | 6 | 7 | 17 |
| 1.2 | Aantal studente wat geakkrediteerde kort kursusse voltooi het | 123 | 90 | 167 | 86 |
| 1.3 | Aantal studente wat vir 'n Hoër Onderwys- en Opleidingprogram (HOO) ingeskryf het | 420 | 400 | 454 | 14 |
| 1.4 | Aantal studente wat 'n Hoër Onderwys- en Opleidingprogram (HOO) voltooi het | 115 | 70 | 128 | 83 |
| **Wes-Kaap-spesifieke aanwysers:** | | | | | |
| 1.5 | Aantal beurse toegeken | 30 | 10 nuwe, 40 bestaande | 14<br>33 | 40<br>(18) |
| 1.6 | Implementering van billikheidteikens vir studente | 63 | 100 | 150 | 50 |
| 1.7 | Aantal nie-geakkrediteerde kort kursusse aangebied | 0 | 5 | 5 | 0 |

**INLIGTING OOR VOORAFBEPAALDE DOELSTELLINGS**
**vir die jaar geëindig 31 Maart 2012**

### Redes vir variansies wat 15% oorskry:

| Aanwyser nr. | Rede vir Variansie |
|---|---|
| 1.1 | Versoeke vir kort kursusse word gedurende die jaar ontvang en dit veroorsaak onbeplande aktiwiteite. |
| 1.2 | Versoeke neem vir sekere kursusse toe, en meer sal aangebied word. |
| 1.4 | Meer studente as die norm in die finale jaar, en daarom is die aantal studente wat geslaag het groter. |
| 1.5 | Minder studente wat vir die voortsetting van die beurse gekwalifiseer het, en die beskikbare beurse is toe aan nuwe studente toegeken. |
| 1.6 | Meer studente as die norm in die finale jaar, en daarom is die aantal studente wat geslaag het groter. |

### Bydrae tot Departementele uitkomstes

*Verhoog landbou-ekonomiese geleenthede in geselekteerde landelike areas gebaseer op sosio-ekonomiese behoeftes oor ‘n tydperk van 10 jaar.*

Ekonomiese ontwikkeling in die landelike landbou-areas sal slegs plaasvind indien die landelike mense met die verlangde en nodige kennis- en vaardigheidsbasis toegerus word.

Die subprogram: TO het 4 formele opleidingsprogramme aan 454 studente aangebied, naamlik B.Agric., Diploma en Hoër Landbou-sertifikaat, sowel as die Perdemeester-sertifikaat en Preliminêre Perdry-onderrig. Hiervan het 16 hul studies om verskeie redes gestaak. Sewe (7) geakkrediteerde en 5 nie-geakkrediteerde kort kursusse is aan 167 deelnemers gebied.‘n Totaal van 128 studente het grade in hierdie programme behaal. Gegradueerdes sal die sektor meestal as boere, plaasbestuurders, assistent-plaasbestuurders, toesighouers, landboukundiges en landbou-adviseurs betree.

**INLIGTING OOR VOORAFBEPAALDE DOELSTELLINGS**
**vir die jaar geëindig 31 Maart 2012**

## Subprogram 7.2: Verdere Onderwys en Opleiding

## Diensleweringsdoelstellings en Aanwysers

| Subprogram 7.2: Verdere Onderwys en Opleiding | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Prestasiemeting-aanwyser | | Werklike uitset 2010/11 | Werklike prestasie teen Teiken | | Afwyking van Teiken (%) |
| | | | Teiken 2011/12 | Behaal 2011/12 | |
| **Nasionale dwarslynige aanwysers:** | | | | | |
| 2.1 | Aantal formele vaardigheidsprogramme aangebied | 6 | 4 | 6 | 50 |
| 2.2 | Aantal nie-formele vaardigheidsprogramme aangebied | 35 | 35 | 164 | 368 |
| 2.3 | Aantal plaashulpe wat nie-geakkrediteerde opleiding bygewoon het | 355 | 1 050 | 1 174 | 11 |
| 2.4 | Aantal boere wat nie-geakkrediteerde opleiding bygewoon het | 1 339 | 350 | 766 | 118 |
| 2.5 | Aantal boere wat geakkrediteerde opleidingskursusse voltooi het | 0 | 0 | 0 | 0 |
| 2.6 | Aantal plaashulpe wat geakkrediteerde opleiding bygewoon het | 0 | 0 | 0 | 0 |
| 2.7 | Aantal kandidate wat landbou-opleiding bygewoon het | 0 | 0 | 0 | 0 |
| **Wes-Kaap-spesifieke aanwysers:** | | | | | |
| 2.8 | Aantal leerders wat in Leerlingskappe ingeskryf is | 105 | 80 | 100 | 25 |
| 2.9 | Aantal leerders wat VOO-leerlingskappe met welslae voltooi het | 88 | 50 | 79 | 58 |
| 2.10 | Oorplasing/ EVL van VOO-leerders na HOO | 7 | 8 | 12 | 50 |

**Nota:** Vaardigheidsprogramme skakel in by spesifieke praktiese uitkomstes en kan nie-formele opleidingsprogramme wees, of 'n leerlingskap-opleidingsprogram wat geakkrediteer is en op NKR-vlakke 1 – 4 geregistreer is en by spesifieke eenheidstandaarde inskakel.

## Redes vir variansies wat 15% oorskry:

| Aanwyser nr. | Rede vir Variansie |
|---|---|
| 2.1 | Die toename in formele vaardigheidsprogramme kan aan die verhoogde aanvraag vir leerlingskap-opleidingsprogramme gedurende die verslagperiode toegeskryf word. 'n Totaal van 6 formele vaardigheidsprogramme is aangebied. |
| 2.2 | Die toename in nie-formele vaardigheidsprogramme is meestal weens die toename van begunstigdes van OPLO, en/of landbougroepe wat by landelike ontwikkelingsinisiatiewe en voedselsekerheidsprojekte inskakel. Daar moet ook op gelet word dat die nie-formele vaardigheidsprogramme herhalende vaardigheidsprogramme is, en derhalwe binne 'n sirkelvormige opleidingsiklus per jaar aangebied word. |
| 2.3, 2.4 | Die variansies kan met die verhoogde aantal landbou-begunstigdes en goedgekeurde landbouprojekte inskakel, wat primêr deur OPLO en ander landbougroepe befonds word wat as deel van die CRDSby landelike en buite-stedelike landbougemeenskappe inskakel. Die dubbele rol van die begunstigde-tipe, d.w.s. boer en plaashulp, dra ook tot 'n toename in opleidingsuitsette by. |
| 2.8 | Hoë aanvraag van, en belangstelling in leerlingskap-opleiding wat gedurende hierdie verslagperiode ontvang is; 100 leerders is aanvaar om vir verskeie tipes leerlingskappe op NKR-vlakke 1-4 oor die provinsiale distrikte heen in te skryf, met 6 verskillende leerlingskap-tipes wat aangebied word. |
| 2.9 | Hoë inname van leerlingskap-studente het 'n groter aantal afgestudeerdes tot gevolg gehad – van die 100 geregistreerde studente het 79 die leerlingskap-program met welslae voltooi. |
| 2.10 | 'n Toename in die aantal afgestudeerdes het 'n groter aantal leerders tot gevolg gehad wat vir bevordering tot die tersiêre stroom kon kwalifiseer. |

### Bydrae tot Departementele uitkomstes

*Verhoog landbou-ekonomiese geleenthede in geselekteerde landelike areas gebaseer op sosio-ekonomiese behoeftes oor 'n tydperk van 10 jaar.*

Die subprogram: VOO het 'n beduidende bydrae tot die volhoubaarheid en/of welslae van grondhervormingsprojekte gelewer, deur spesifieke opleidingsintervensies vir CASP/PLAS projek-begunstigdes, sowel as begunstigdes van landelike ontwikkelingsinisiatiewe. Die meerderheid van opleidingsbegunstigdes gedurende hierdie verslagperiode is van grondhervormingsbegunstigdes wat by BOO-befondsde projekte inskakel, hoofsaaklik boere en plaashulpe van oorlewings- en kleinboer groeperings.

Ter ondersteuning van ekonomiese geleenthede binne landelike en buitestedelike landbou-nodale sones, is spesifieke opleidingsintervensies vir lede van Belanghebber-Rade binne gebiede gedoen; d.w.s. die Dysselsdorp-gebied het as 'n loodsprojek gedien en 'n totaal van 71 begunstigdes van die Dysselsdorp-CRDP het opleiding in verskeie vaardigheidsprogramme ontvang. 'n Kernversameling van kern-opleidingsmodules sal vir die ander landelike nodalepunte uitgerol word. Die CRDP-inisiatief van Murraysburg is onderweg, en opleiding vir lede van die Belanghebber-Raad word vir 2012 beplan.

Toegang tot leerlingskap-opleiding, veral vir die landelike jeug en ander belangstellende land-bourolspelers het 'n platvorm vir ekonomiese geleenthede voorsien deur potensiële indiensneming binne die landbousektor en/of plaaslike ekonomie weens nuutverworwe vaardighede.

### Subprogram 7.3. Gehalteversekering

### Diensleweringsdoelstellings en Aanwysers

| Subprogram 7.3. GEHALTEVERSEKERING | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Prestasiemeting-aanwyser | | Werklike uitset 2010/11 | Werklike prestasie teen Teiken | | Afwyking van Teiken (%) |
| | | | Teiken 2011/12 | Behaal 2011/12 | |
| **Wes-Kaap-spesifieke aanwysers:** | | | | | |
| 3.1 | Aantal opleidingsprogramme geëvalueer (bv. Leerlingskap en HOO-programme) | 1 | 2 | 5 | 150 |
| 3.2 | Aantal kort kursusse geëvalueer (HOO en VOO) | 2 | 2 | 4 | 100 |
| 3.3 | Aantal vakke geëvalueer (HOO) | 2 | 1 | 1 | 0 |

### Redes vir variansies wat 15% oorskry:

| Aanwyser nr. | Rede vir Variansie |
|---|---|
| 3.1, 3.2 | Die positiewe afwyking skakel in by die groter aantal leerlingskap-tipes wat gedurende die verslagperiode aangebied is, wat 'n groter aantal BP's (Bewysportefeuljes) tot gevolg gehad het wat aan die Agri-SETA ETQA vir eksterne evaluering en assessering voorgelê is; daarom kon 'n groter aantal modules hetsy intern of ekstern geassesseer word. |

**INLIGTING OOR VOORAFBEPAALDE DOELSTELLINGS**
**vir die jaar geëindig 31 Maart 2012**

**Bydrae tot Departementele uitkomstes**

*Verhoog landbou-ekonomiese geleenthede in geselekteerde landelike areas gebaseer op sosio-ekonomiese behoeftes oor 'n tydperk van 10 jaar*

Opleidingsprogramme en modules word gereeld geëvalueer om te verseker dat die beste gehalte en standaard van opleiding aan kliënte voorsien word, en dat kliënte wat betaal waarde vir hul geld ontvang.

**Program 8: LANDELIKE ONTWIKKELING**

**Doel:**

Die doel van die program is om lewenskragtige, volhoubare landelike gemeenskappe te skep en om die implementering van die nasionale Omvattende Landelike Ontwikkelingsplan in die Wes-Kaap Provinsie te fasiliteer.

Sentraal tot die doel van die Program is verskeie stellings waarby gehou moet word:
- Verbeter die lewenstandaard van mense in landelike gebiede;
- Fasiliteer en verbeter die vlak van koördinering tussen alle provinsiale departemente en plaaslike regeringsgesag;
- Spreek die sosio-ekonomiese behoeftes van landelike gemeenskappe holisties aan;
- Bekom belegging vanuit die private sektor in landelike gebiede, en spoor dit aan ten einde ekonomiese groei te stimuleer;
- Meet die impak van intervensies soos deur die Program gelewer, en
- Skep indiensneming in landelike areas deur verskeie intervensies.

**Strategiese doelstelling:**

Die strategiese doelstelling van die Program:Landelike Ontwikkeling, is:
- Alle provinsiale departemente en plaaslike regeringsgesag lewer dienste op 'n gekoördineerde en samehangende wyse in die geselekteerde landelike nodules deur die vestiging van interdepartementele loodskomitees per landelike node.
- Institusionalisering van gemeenskapsorganisatoriese strukture in geselekteerde landelike nodules om gemeenskappe in terme van die identifisering en implementering van nuwe gemeenskapsprojekte te bemagtig
- Vestiging van ekonomiese projekte, maatskaplike ontwikkelingsprojekte, en infrastruktuurprojekte om ekonomiese groei in die geselekteerde landelike nodules te fasiliteer.
- Vaardigheidsopleiding vir werklose mense in geselekteerde landelike nodules.
- Volhoubare indiensneming vir werklose mense in die geselekteerde landelike nodules
- Verbetering van voedselsekerheid deur intervensies op huishoudelike vlak in die geselekteerde landelike nodules.
- Verbeter die beeld en die sosio-ekonomiese toestande van plaaswerkers deur hulle met lewensvaardighede toe te rus om hul lewensgehalte te verbeter.

## Sub-Program 8.1: Landelike Nodale Ontwikkeling

## Diensleweringsdoelstellings en Aanwysers

| Sub-Program 8.1: LANDELIKE NODALE ONTWIKKELING | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Prestasiemeting-aanwyser | | Werklike uitset 2010/11 | Werklike prestasie teen Teiken | | Afwyking van Teiken (%) |
| | | | Teiken 2011/12 | Behaal 2011/12 | |
| **Wes-Kaap-spesifieke aanwysers:** | | | | | |
| 1.1 | Aktiewe landelike nodules | 0 | 3 | 2 | (33) |
| 1.2 | Aktiewe nodulespesifieke interdepartementele loodskomitees | 0 | 3 | 2 | (33) |
| 1.3 | Aktiewe Raad van Belanghebbers | 0 | 3 | 5 | 67 |
| 1.4 | CRDP nodules implementeringsplanne voltooi | 0 | 3 | 2 | (33) |
| 1.5 | CRDP nodules – drie-jaar gefaseerde implementering voltooi | 0 | 0 | 0 | 0 |
| 1.6 | Indiensneming geskep (werk) in 12 nodules | 0 | 300 | 416 | 39 |
| 1.7 | Mense in 12 landelike nodules opgelei | 0 | 600 | 798 | 33 |
| 1.8 | Koördineer die implementering van koördineringsvergaderings vir landelike ontwikkeling in die Provinsie | 0 | 4 | 4 | 0 |

## Redes vir variansies wat 15% oorskry:

| Aanwyser nr. | Rede vir Variansie |
|---|---|
| 1.1, 1.2 en 1.4 | In een landelike node is moeite met die raad van die munisipaliteit ervaar. |
| 1.6 en 1.7 | Meer projekte is deur die interdepartementele samewerking geïmplementeer as wat verwag was, wat 'n groter aantal in die opleiding wat voorsien is en die werk wat geskep is tot gevolg gehad het. |

## Bydrae tot Departementele uitkomstes

*Verhoog landbou-ekonomiese geleenthede in geselekteerde landelike areas gebaseer op sosio-ekonomiese behoeftes oor 'n tydperk van 10 jaar.*

LO het bygedra deur twee bykomstige nodules vir landelike ontwikkeling te aktiveer, wat die totale nuwe nodules in die Provinsie op agt (8) te staan bring.Die nodules sluit in:

- Oudtshoorn Munisipaliteit (Dysselsdorp);
- Stad Kaapstad (Mamre);
- Matzikama Munisipaliteit (Ebenhaeser);
- Witzenberg Munisipaliteit (Bella Vista);
- Beaufort Wes Munisipaliteit (Murraysburg);
- Bitou Munisipaliteit (New Horizons);
- Theewaterskloof Munisipaliteit (Villiersdorp), en
- Mosselbaai Munisipaliteit (nege landelike gemeenskappe).

Tot op datum is 221 projekte deur die gekoördineerde ontwikkelingsbenadering gelys, met inbegrip van bydraes van al drie regeringsfere, met 'n totaal van R301.171 miljoen se befondsing wat teen die einde van die finansiële jaar vasgelê is. Sonder die nuut-gestigte nodules vir Theewaterskloof en Mosselbaai, is 'n totaal van 416 tydelike poste geskep, wat die totaal sedert die begin van die plan vir die implementering van landelike ontwikkeling

op 1 301 te staan gebring het, terwyl 798 opleidingsgeleenthede voorsien is wat die totaal sedert die aanvang op 1 453 te staan bring.

### Subprogram 8.2: Plaaswerkerontwikkeling

### Diensleweringsdoelstellings en Aanwysers

| Subprogram 8.2: PLAASWERKERONTWIKKELING | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Prestasiemeting-aanwyser | | Werklike uitset 2010/11 | Werklike prestasie teen Teiken | | Afwyking van Teiken (%) |
| | | | Teiken 2011/12 | Behaal 2011/12 | |
| Wes-Kaap-spesifieke aanwysers: | | | | | |
| 2.1 | Aantal plaaswerkers wat met opleiding ondersteun is | 5 363 | 1 800 | 1 666 | (7) |
| 2.2 | Aantal projekte teen misbruik van middele wat ondersteun is | 0 | 2 | 9 | 350 |
| 2.3 | Aantal publikasieprojekte wat ondersteun is | 0 | 2 | 1 | (50) |
| 2.4 | Aantal plaaswerkerkompetisies wat aangebied is | 12 | 13 | 15 | 15 |
| 2.5 | Aantal streke waar plaaswerkeropnames voltooi is | 0 | 2 | 0 | (100) |
| 2.6 | Aantal plaaswerkers wat deur die verwysingstelsel bygestaan is | 161 | 200 | 651 | 226 |
| 2.7 | Aantal vergaderings van plaaswerker-distrikforums wat gekoördineer is | 0 | 18 | 16 | (11) |

### Redes vir variansies wat 15% oorskry:

| Aanwyser nr. | Rede vir Variansie |
|---|---|
| 2.2 | Party van die plaaswerkeropleidingsprojekte waarna in 2.1 verwys is, het ook projekte ingesluit wat op die misbruik van middele ingestel is. |
| 2.3 | Een van die beplande publikasies het nie verskyn nie weens nakomingsaspekte waaraan die goedgekeurde diensverskaffer nie voldoen het nie. Daar is gevolglik besluit om nie die projek te ondersteun nie. |
| 2.5 | Hierdie projek is oorspronklik in vennootskap met die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling onderneem. Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling het egter aan die einde van November 2011 onttrek, en gevolglik het dit 'n vertraging in die uitrol van die projek veroorsaak. Die Departement het besluit dat die subprogram met die opname moet voortgaan, en daarom is 'n private organisasie in Februarie 2012 aangestel. Hierdie proses het veroorsaak dat die subprogram nie in staat was om die twee opnames soos beplan uit te voer nie. |
| 2.6 | Verwysings is nie onder beheer van die subprogram nie, aangesien dit verband hou met verskeie navrae wat van eksterne kliënte en ander departemente ontvang word, en na relevante organisasies verwys word. |

### Bydrae tot Departementele uitkomstes

*Verhoog landbou-ekonomiese geleenthede in geselekteerde landelike areas gebaseer op sosio-ekonomiese behoeftes oor 'n tydperk van 10 jaar*

In terme van plaaswerkerontwikkeling is 'n totaal van 1 666 werkers in samewerking met NRO's en GLO opgelei, 9 projekte teen misbruik van middele ondersteun, 14 streek-plaaswerkerkompetisies en een provinsiale kompetisie suksesvol aangebied, 16 distriksforumvergaderings gekoördineer, en 651 plaaswerkers deur die verwysingstelsel bygestaan.

Die subprogram: Plaaswerkerontwikkeling bly die enigste subprogram in die land wat tot plaaswerkerkwessies toegewy is.

# Deel 3:
## Jaarlikse Finansiële State


| | |
|---|---|
| Verslag van die Ouditkomitee | 86 |
| Verslag van die Rekenpligtige Beampte | 89 |
| Verslag van die Ouditeur-Generaal | 107 |
| Toewysingstaat | 111 |
| Notas tot die Toewysingstaat | 122 |
| Staat van Finansiële Prestasie | 123 |
| Staat van Finansiële Posisie | 124 |
| Staat van Veranderings in Netto Bates | 125 |
| Kontantvloeistaat | 126 |
| Rekeningkundige beleide | 127 |
| Notas tot die Jaarlikse Finansiële State | 134 |
| Openbaarmakingsnotas tot die Jaarlikse Finansiële State | 143 |
| Bylaes | 153 |


**Vrywaring:** Hierdie Finansiële Jaarstate is 'n vertaalde weergawe van die Jaarstate wat goedgekeur en onderteken is. Geen verantwoordelikheid word aanvaar vir enige wanvertolkings gedurende die vertalingsproses nie.

# VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE
## vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

## VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE

Met genoeë lê ons hiermee ons verslag vir die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2012 voor.

### Ouditkomiteelede en bywoning
Ingevolge Kabinetsbesluit 55/2007 word die Departement van Landbou deur die Ekonomiesekluster-ouditkomitee bedien. Die Ouditkomitee bestaan uit die lede in die lys hier onder en behoort in ooreenstemming met sy goedgekeurde opdrag ten minste 4 keer per jaar te vergader. Gedurende die lopende jaar is ses vergaderings gehou.

| Naam van lid | Getal vergaderings bygewoon |
|---|---|
| Mnr. P. Jones (voorsitter tot 31 Desember 2011) | 4 |
| Mnr. Z. Hoosain (voorsitter vanaf 1 Januarie 2012) | 6 |
| Mnr. R. Kingwill | 6 |
| Me. L. Hassan (bedank 11 November 2011) | 3 |
| Mnr. K. Larkin | 4 |
| Mnr. B. van Staaden (aangestel 1 Januarie 2012) | 1 |
| Mnr. M. Burton (aangestel 1 Januarie 2012, bedank 15 Maart 2012) | 1 |

Verskonings is aangebied en aanvaar vir vergaderings wat nie bygewoon is nie. 'n Kworum van lede was by al die vergaderings aanwesig.

### Verantwoordelikheid van die Ouditkomitee
Die Ouditkomitee berig dat hy voldoen het aan sy verpligtinge wat spruit uit artikel 38(1)(a) van die WOFB en Tesourieregulasie 3.1.

Die Ouditkomitee berig ook dat hy toepaslike formele opdragte as sy Ouditkomitee-oktrooi aanvaar het, sy sake in ooreenkomstig hierdie oktrooi gereguleer het en verpligtinge nagekom het soos daarin voorgeskryf.

### Die Doeltreffendheid van Ondernemingswye Risikobestuur (ORB) en Interne Beheer
In ooreenstemming met die WOFB en die King III-verslag oor die vereistes vir korporatiewe regering bied Interne Oudit die Ouditkomitee en die Bestuur die versekering dat die interne kontroles voldoende en effektief is. Dit word bereik deur 'n risikogebaseerde Interne Oudit-plan waarvolgens Interne Oudit die geskiktheid assesseer van kontroles wat die risiko's verminder en die Ouditkomitee die implementering van regstellende optrede moniteer.
Ons het die verslae van die Interne Ouditeure, die Ouditverslag oor die Jaarlikse Finansiële State en die Bestuursverslag van die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika nagegaan. Benewens die kwessies aangeroer in die Ouditeur-generaal se Oudit- en Bestuursverslae en die sake wat hier onder uitgelig word, is geen wesenlike gebreke in die stelsel van interne kontrole opgemerk nie.

- **Areas deur Interne Oudit uitgewys vir verbetering**
  Gedurende die jaar het Interne Oudit sleutelkontrolegebreke in die volgende areas opgemerk:
- Oordragbetalings
- Voorligtings- en Adviesdienste
- Uitvoerbeheer

  Die Bestuur het oor regstellende optrede ooreengekom en dit word deur die Ouditkomitee gemoniteer.

- **Effektiwiteit en doeltreffendheid van risikobestuur**
  Gedurende die jaar is verdere vordering gemaak met die ontplooiing van Ondernemingswye Risikobestuur (ORB) en die lynrigting daarvan ten opsigte van die sleutelrisiko's van die Departement. Die Ouditkomitee sal verdere vordering kwartaalliks moniteer.

**Die kwaliteit van Bestuursverslae deur die jaar asook Kwartaalverslae voorgelê ingevolge die WOFB en die Wet op die Verdeling van Inkomste**
Die Ouditkomitee is tevrede met die inhoud en kwaliteit van kwartaalverslae wat gedurende die jaar onder oorweging deur die Rekenpligtige Beampte van die Departement opgestel en uitgereik is.

**Evaluering van Finansiële State**
Die Ouditkomitee het:
- die geouditeerde Jaarlikse Finansiële State wat in die Jaarverslag ingesluit moet word, nagegaan en met die Ouditeur-generaal en die Rekenpligtige Beampte bespreek;
- die Ouditeur-generaal se Bestuursverslag en die Bestuur se reaksie daarop nagegaan;
- veranderinge aan rekeningkundige beleid en praktyke soos in die Jaarlikse Finansiële State aangestip, oorweeg;
- die Departement se prosesse vir die nakoming van wetlike en regulatoriese bepalings oorweeg;
- die inligting oor voorafbepaalde doelstellings waaroor in die jaarverslag berig is, oorweeg;
- die tussentydse finansiële state soos deur die Departement voorgelê vir die ses maande geëindig 30 September 2011 nagegaan en waar toepaslik veranderinge aanbeveel; en
- aanpassings wat uit die oudit voortgespruit het, oorweeg.

Die Ouditkomitee gaan akkoord met en aanvaar die Ouditeur-generaal se mening aangaande die Jaarlikse Finansiële State en stel voor dat die geouditeerde Jaarlikse Finansiële State aanvaar word en saamgelees word met die verslag van die Ouditeur-generaal.

**Interne Oudit**
Die Ouditkomitee berig dat drie van die vyf beplande areas van die goedgekeurde Interne Oudit-plan op 31 Maart 2012 ter tafel gelê is. Die uitstaande verslae is na die jaareinde ter tafel gelê.

Soos in die vorige jaar aangemeld, is die Ouditkomitee van mening dat verdere ouditdekking nodig is en dat daar 'n behoefte bestaan aan addisionele kapasiteit om die verhoogde dekking van verdere hoërisiko-areas te ondersteun.

**Ouditeur-generaal Suid-Afrika**
Die Ouditkomitee het met die Ouditeur-generaal Suid-Afrika samesprekings gehou om te verseker dat daar geen onopgeloste kwessies is wat uit die regulatiewe oudit voortgespruit het nie. Ons merk op dat daar onopgeloste kwessies is; hulle het egter geen impak op die algehele ouditmening nie. Regstellende stappe oor die uitvoerige bevindings wat uit die lopende regulatiewe oudit voortgespruit het, sal steeds kwartaalliks deur die Ouditkomitee gemoniteer word.

**VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE**
**vir die jaar geëindig 31 Maart 2012**

**Waardering**

Die Ouditkomitee wil graag sy waardering betuig teenoor die amptenare van die Departement, die Ouditeur-generaal Suid-Afrika en die Interne Oudit-eenheid vir die samewerking en inligting wat hulle verskaf het om dit vir ons moontlik te maak om hierdie verslag op te stel.



**Voorsitter van die Ekonomiesekluster-ouditkomitee**
Datum: 13 Augustus 2012

## VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTE
## vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

Verslag deur die Rekenpligtige Beampte aan die Uitvoerende Owerheid en die Provinsiale Wetgewer van die Wes-Kaap.

### 1. Algemene oorsig oor die stand van finansiële sake

Die makrostruktuur van die Departement is voltooi en die organisasiestruktuur spreek die spesifieke poste aan wat nodig is vir beheer. Die passing en plasing moet nog voltooi word en befondsing om sommige van die kritieke poste te vul moet nog gevind word. Uit die aard van die saak het hierdie proses verskillende implikasies vir die onderskeie programme in die Departement.

Soos reeds genoem is die bykomende veeartsenykundige en tegniese poste wat in die Veeartsenykundige Program nodig is, uitgelig. In die lig van die dieresiekteprofiel van die Provinsie moet dit dringend aandag geniet, met inagneming van beskikbare fondse.

Die Departement het hom bly beywer vir die fasilitering van vaardigheidsontwikkeling en die implementering van sy omvattende Mensekapitaalontwikkelingstrategie (MKOS) wat onder andere uit die volgende bestaan het:

- Bemagtiging van ten minste 4 000 plaaswerkers deur middel van die plaaswerkerontwikkelingsprogram
- Implementering van die Omvattende Landbou-ondersteuningsprogram (OLOP)
- Opleiding van nuwe voorligtingsbeamptes en die vaardigheidsverbetering van 46 dienende voorligtingsbeamptes
- Aanbieding van tersiêre onderrigprogramme aan 454 na-matriekstudente en vaardigheidsopleiding aan 1 940 boere en plaashulpwerkers, asook 100 VOO-Leer lingskapstudente
- Plasing van 24 interns om praktiese ondervinding in die werkomgewing op te doen
- Beurse aan 25 eksterne beurshouers vir studie op terreine waar daar ‘n tekort aan skaars en kritieke vaardighede is
- Ondersteuning aan 6 jongmense om nagraadse kwalifikasies te behaal deur middel van die Program vir Jong Professionele Persone (PJPP)
- Ondersteuning aan 10 kandidaat-ingenieurstegnici om praktiese opleiding en/of ervaring op te doen
- Ondersteuning aan 2 jongmense om deel te neem aan die Agrifutura-projek by die Universiteit van Stellenbosch
- Bemarking van die landbou as ‘n potensiële loopbaan onder meer as 4 000 leerders in skole
- Implementering van die LandCare-program om jongmense op te skerp om te sorg vir ons natuurlike hulpbronne, spesifiek gemik op leerders by skole deur die hele Provinsie.

Die MKOS omvat die interne planne van die Departement om aandag te skenk aan die skaars en kritieke vaardighede wat nodig is om dienste te lewer aan al die verskillende kliënte in die landbousektor en ook die uitreikprogramme gelewer deur die onderskeie Programme in die Departement. Die strategie is ‘n 20-jaarplan wat die Departement in staat stel om te begroot, te beplan en te implementeer in ‘n gefaseerde benadering.

Die Departement het ook ‘n mandaat vir opleiding en het deur die Program: Gestruktureerde Landbou-opleiding (GLO) toegesien dat landboukundige kwalifikasies behaal word. GLO het in vennootskap getree met verskillende belanghebbendes vir die

bevordering en ondersteuning van vaardigheidsontwikkeling en vermoëbou in die landbou. Vaardigheidsopleiding is verskaf aan 1 940 boere en plaashulpwerkers, terwyl 438 studente ingeskryf het vir voltydse studie in hoëronderwys-opleidingsprogramme. Altesaam 128 studente het deur middel van hierdie programme kwalifikasies behaal. Gekwalifiseerdes sal die sektor primêr as boere, plaasbestuurders, assistentplaasbestuurders, toesighouers, landboukundiges en landbou-adviseurs betree.

‘n Stel nasionale norme en standaarde en ‘n finansieringsmodel vir Landbou-opleidinginrigtings is deur die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DLBV) voorgestel. Dit het implikasies vir die beheermodel van die Elsenburg-landbou-opleidingsinstituut, personeelverskaffing en die kwalifikasies van die personeel. In reaksie op die veranderinge aan die beheermodel is ‘n akademiese plan opgestel om te verseker dat al die personeellede as vertrekpunt die nodige landbou- en onderwyskwalifikasies behaal.

Sowel die nasionale as die provinsiale regering het die spesifieke uitkomste vir die vyfjaartermyn gefinaliseer. In die geval van die nasionale regering is 12 uitkomste vir implementering geïdentifiseer. Ingevolge die mandaat dra hierdie Departement hoofsaaklik tot Nasionale Uitkoms 7 by en het as sodanig aan die onderskeie forums deelgeneem.

Nasionale Uitkomste en Provinsiale Strategiese Doelstellings (PSD) het sterk klem geplaas op strategiese kwessies wat betrekking het op toenemende geleenthede vir ekonomiese groei, klimaatsverandering, waterbestuur, grondhervorming, landelike ontwikkeling, ens. Dit ly geen twyfel nie dat dit implikasies sal hê vir die manier waarop die Departement dienslewering benader.

In die Provinsie is ook 12 PSD’s ontwikkel en PSD11 (vermeerdering van geleenthede vir groei en ontwikkeling in landelike gebiede) is aan die Departement toegewys.‘n Stuurkomitee en vyf werkgroepe is tot stand gebring en die vordering van die onderskeie werkgroepe word hier onder kortliks aangetoon:

- Die tot stand brenging van die Landelike Ontwikkelingswerkgroep het ‘n platform vir verbeterde koördinering en kommunikasie op senior bestuursvlakgeskep. Die vorming van die Interdepartementele Stuurkomitees op landelike ontwikkelings-nodus vlak het koördinering op ‘n implementeringsvlak verbeter en die impak van regeringsdienste gemaksimaliseer.
- ‘n Werkgroep oor Marktoegang vir koördinering van marktoegang in die Wes-Kaap met verskillende belanghebbendesis aangestel. Die rede daarvoor is dat marktoegang een van die sleutelprioriteitsareas van PSD11 is.
- Die behoefte om landboukundige navorsing in die Wes-Kaap te koördineer het uit geloop op die totstandbrenging van die Navorsings- en Ontwikkelingswerkgroep. Hierdie groep wat as die Wes-Kaapse Landbounavorsingsforum (WKLNF) sal funksioneer,het gedurende 2011/12 met sy werksaamhede begin.

Benewens PSD11 het die Departement ook deelgeneem aan PSD1, 3, 6, 7, 8, 10 en 12. As deel van PSD7 en ons aksie vir volhoubare klimaatslim boerderyopsies is die eerste Geenbewerkingsvereniging in die Wes-Kaap tot stand gebring onder die beskerming van die Departement se Instituut vir Plantproduksie.Hierdie vereniging is herbenoem as Bewaring Landbou-Wes-Kaap en het goeie vordering gemaak in die soeke na klimaatslim en lae-insetlandbou.

**VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTE**
**vir die jaar geëindig 31 Maart 2012**

Gegee die landbou-ontwikkelingsmandaat het enige veranderinge en/of regstellings aan die grondhervormingsbeleidsomgewing 'n impak op of implikasie vir die Departement.

Die uitgebreide mandaat en organisasieveranderinge binne die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming (DLOGH) en die vrystelling van die Groenskrif oor Grondhervorming het nie voldoende duidelikheid aan die lig gebring oor die samewerkende strukture en die implementering van die grondhervormingsprogramme wat in die Provinsie nodig is nie. Hierdie tydperk van onsekerheid het 'n vloedgolf van versoeke om plaasassessering deur die kliënte van die DLOGH tot gevolg gehad. Dit sal 'n impak op die Departement se beperkte vermoë hê as duidelike riglyne oor die implementering van die grondleweringsprogramme in die Provinsie nie vasgestel word nie.

Die DLOGH het die moratorium op billikheidskemas gedurende 2010 opgehef selfs al is daar geen vordering gemaak oor die manier waarop die billikheidsaandeelskema-model in die toekoms geïmplementeer sal word nie. Dit het betekenisvolle implikasies vir AgriSEB, aangesien die billikheidskemas hoofsaaklik 'n waardeketting benadering gevolg het met betrekking tot deelname deur persone van histories benadeelde gemeenskappe. Dit blyk dat meer aandag geskenk is aan implementering van die Proaktiewe Grondverkrygingstrategie (PGVS) wat uitdagings meebring met betrekking tot die volhoubaarheid van die dienste gelewer aan hierdie plase van weë onsekerheid verbonde aan huurvoorwaardes.

Weens die onttrekking van DLBV aan die uitvoersertifiseringsfunksie in die Provinsie moes die Program:Veeartsenykundige Dienste die werkprogramme van alle veeartsenykundigedienste-amptenare herorganiseer om die uitvoerleweringsfunksies in stand te hou.Dit het 'n betekenisvolle las op die normale funksies en begrotingstoekenning van die Program geplaas.

Alhoewel 'n finale besluit oor die mandaat van die Departement ten opsigte van visserye (wat spruit uit die mandaat van DLBV) nog nie geneem is nie, sou hierdie besluit 'n groot impak kon hê op ons toekomstige vermoë en die gevolglike uitbreiding van ons waterkultuurprogram en daaropvolgende befondsing.

Die nuwe Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtigingskodes (BGSEB-kodes)van Goeie Praktyk het in Februarie 2011 in werking getree. Daarbenewens is die Voorkeur-verkrygingbeleidsraamwerk-regulasies (VVBR-regulasies) gewysig. Hierdie wysigings bring voorkeurpunte in lyn met BGSEB en versterk plaaslike verkrygingsmiddels deur die aanwysing van sektore. Die wysigings maak ook proaktiewe bevordering van plaaslike verkryging in nie-aangewese sektore moontlik. Die uitdaging is egter om te verseker dat inlynbring van ander gesaghebbende beleid plaasvind.

Die plasing van die AgriSEB-kodes in die Staatskoerant is gedoen; die landbousektor het lank daarna uitgesien, want sommige boere en nywerhede moes noodgedwonge die generiese telkaart gebruik om hul prestasie te meet - iets wat moeilik was, aangesien die landbou 'n ietwat unieke sektor is. Daarbenewens was daar by die DLBV planne omdie AgriSEB-fondsbekend te stel en daar word nou vertrou dat hierdie fonds gedurende die 2012/13-jaar bekendgestel sal kan word.

Die nasionale groeipad het groot klem geplaas op agri-verwerking en die DLBV se reaksie daarop was om 'n eenheid tot stand te bring om agri-verwerkingsaktiwiteite te koördineer. Dit is die een area waar die Departement weer moet gaan dink en beplan.

Op die handelsbedingingsfront mag Geografiese Aanwysers (GA's) 'n sleutelrol in onderhandelinge met die EU speel. As gevolg daarvan mag Suid-Afrika dit nodig vind om sy standpunt oor GA's te evalueer.'n Lys van die EU is voorgelê en van Suid-Afrika word verwag om sy eie lys op te stel waarvoor steun van die onderskeie rolspelers binne die sektor verwag word.

Een van die uitkomste van die Nasionale Plaaswerker-spitsberaad in Julie 2010 was dat 'n Leweringsforum tot stand gebring moes word om hulp te verleen met die implementering van die voorstelle waaroor daar by die Spitsberaad besluite geneem is. Hierdie Leweringsforum het 'n paar keer vergader en daar is besluit oor 'n aanbeveling vir die totstandbrenging van 'n nasionale en nege plaaswerkerontwikkelingseenhede of -programme. Die Departement is die enigste een met 'n toegewyde subprogram vir plaaswerkers.

Hierdie subprogram het 1 666 plaaswerkers in samewerking met NRO's en die Program:GLO opgelei, 9 anti-middelmisbruikprojekte ondersteun, 14 streekplaaswerkerkompetisies en een provinsialekompetisie aangebied, 16 distriksforumvergaderings gekoördineer en 651 plaaswerkers deur die verwysingstelsel bygestaan.

Met ingang van 1 April 2011 het die Subprogram:Plaaswerkerontwikkeling (voorheen gehuisves binne Program 3: Ondersteuning en Ontwikkeling van Boere (OOB)) verskuif na Program 8: Landelike Ontwikkeling (LO). Goeie integrasie het plaasgevind, aangesien daar groot sinergie bestaan tussen die hoof fokusareas van landelike ontwikkeling en plaaswerkerontwikkeling.

Die Program:LO het gemeenskappe (spesifiek die landelikeontwikkelingnodusse) bemagtig deur gemeenskapsorganisasie strukture te institusionaliseer om die deelname aan besluitneming rakende projekte waarby hul onderskeie gemeenskappe sou kon baat, te fasiliteer. Dit het die begrip verbeter van die verskillende funksies van regering op 'n gemeenskapsvlak en het die gemeenskap daartoe gelei om eienaarskap te neem van projekte wat deur die regering befonds is. Hierdie stap het orde en struktuur binne gemeenskappe geskep en het die verhouding met die regering verbeter.

Die Program:LO het 'n baie klein begroting gehad wat hoofsaaklik aangewend is om katalisasie-aksies uit te voer om die impak te maksimaliseer en die aksies van die verskillende departemente te koppel. Die omvang van die begroting beperk beslis die snelheid van vordering wat betref die gefaseerde benadering wat vir implementering in landelike wyke gebruik is.

Die Program:LO het twee bykomende landelike ontwikkelingnodusse geaktiveer, wat die totale getal aktiewe nodusse in die Provinsie op agt (8) te staan gebring het. Die nodusse het die volgende ingesluit:

- Oudtshoorn-munisipaliteit (Dysselsdorp)
- Stad Kaapstad (Mamre)
- Matzikama-munisipaliteit (Ebenhaeser)
- Witzenberg-munisipaliteit (Bella Vista)
- Beaufort-Wes-munisipaliteit (Murraysburg)
- Bitou-munisipaliteit (New Horizons)
- Theewaterskloof-munisipaliteit (Villiersdorp)
- Mosselbaai-munisipaliteit (nege landelike gemeenskappe).

Tot dusver is 221 projekte deur middel van die gekoördineerde ontwikkelingsbenadering gelys, met inbegrip van bydraes van al drie regerings fere, met altesaam R301.171 miljoen aan befondsing wat teen die einde van die finansiële jaar verkry is. Altesaam 416 tydelike poste is gedurende die finansiële jaar geskep, wat die totaal sedert die aanvang van die landelikeontwikkelingimplementeringsplan op 1 301 te staan gebring het, terwyl 798 opleidingsgeleenthede voorsien is. Dit het die totaal sedert aanvang op 1 453 te staan gebring.

Verskeie tegnologie-oordragbyeenkomste is in hierdie finansiële jaar georganiseer:

- Veertien tegnologie-oordrag byeenkomste is gereël en het gedien as uitstekende platforms om wetenskaplike inligting te verbrei en die wetenskaplike kundigheid van die Departement uit te stal. Ten einde ons inligting na alle vlakke te neem, is twee weidingskursusse vir beginners (in albei tale) en een vir landboukundiges by die Outenikwa-proefplaas aangebied, en is besonder goed ontvang en bygewoon.
- ‘n Voorligtingsimposium is op 27 en 28 Julie 2011 aangebied om die deel van inligting en geïntegreerde dienslewering onder alle voorligtingsbeamptes oor alle programme binne die Departement te bevorder. Erkenning is aan voorligtingsbeamptes verleen vir diensvoortreflikheid. Tydens die simposium het vier beamptes toekennings ontvang vir die opgradering van hul kwalifikasies, wat in ooreenstemming is met die doelstellings van die norm een standaarde vir voorligtingspersoneel.
- Vermoëbou-inisiatiewe vir die Program:OOB se voorligtingsbeamptes is voortgesit met die maandelikse bloktye en die bywoning van verskillende kursusse en werksessies.
- Die Departement het die Agri-Mega-week wat van 14 tot 16 September 2011 op Bredasdorp in die Overberg-distrik gehou is, ondersteun. Hierdie geleentheid streef daarna om ‘n platform te skep waar produsent, insetverskaffer, diensagent en lede van die publiek met belange by die landbou interaktief kan deelneem, besigheid doen en leer. Verskeie beamptes was deur middel van aanbiedinge en die fasilitering van inligtingsessies by die byeenkoms betrokke.
- As uitvloeisel van die Yantai-tentoonstelling in China is ‘n seminaar deur die Departement aangebied oor “Die doen van besigheid met China”. Dit is bygewoon deur sowat 50 wynmaatskappye.
- Die Departement het deur sy Program:Landbou-ekonomie die BFAP-kernaanbieding (BFAP: BVLB – Buro vir Voedsel- en Landboubeleid)vir die tweede keer aangebied. Die aanbieding is deur ongeveer 130 mense uit die verskillende industrieë van die Landbou- en Agri-besigheidsektor in die Wes-Kaap bygewoon.

Internasionale ekonomiese realiteite het onherroeplik verander en dit het ‘n ernstige impak gehad op die landbousektor van die Provinsie met sy groot blootstelling aan die uitvoermark. Die feit dat die Provinsie die grootste bydraer tot die land se landbou-uitvoere is, het dit noodsaaklik gemaak om‘n nuwe manier te vind om die sektor te ondersteun. Gevolglik het die Departement sy steun aan die sektor gefokus op diversifisering na nuwe markte.

Die Departement het die deelname van landboubesighede na die Yantai Internasionale Wyntentoonstelling gefasiliteer. Die tentoonstelling het aan 23 wynmaatskappye ‘n platform gebied om hul produkte en vaardighede uit te stal. Deelname het ook behels ‘n netwerk- en promosiegeleentheid wat bygewoon is deur sowat 139 persone, wat meer as 100 Chinese wynbedryfrolspelers ingesluit het. Ses SEB-wynhandelsmerke is ook ondersteun om die eerste Tendy-wynfees in Abuja en Lagos in Nigeriëby te woon en 6 swartkleinboereen kommersiëleboere is blootgestel aan die internasionale vrugtewaardeketting by Fruit

Logistica in Berlyn, Duitsland.

Die marktoegangsprogram het gedurende hierdie jaar goed gepresteer. Die belegging van die afgelope jare begin sy opbrengste lewer. As gevolg daarvan is omtrent 58 agri-besighede ondersteun na toegangsmarkte in die binnelandse en internasionale markte. Die intervensies het uitgeloop op meer as R10 miljoen se verkope. Ingesluit daarby is die verkope van meer as ‘n halfmiljoen rand vir sowat 7 000 kartonne tafeldruiwe wat deur die direkte kanaal na die Verre Ooste uitgevoer is.

Die Subprogram:Voedselsekerheid het die Wêreldvoedseldag-opname onderneem om te bepaal watter vordering gemaak is met die projekte wat sedert 2007 befonds is. Met die opname is gevind dat uit die 240 huishoudings wat as deel van die Wêreld voedseldag-vieringe ondersteun is, 149 huishoudings (62%) nog steeds produktief is. Dit is heel positief gegee die komplekse aard van voedselonsekerheid in gemeenskappe.

In ons strewe om groen en klimaatslim oplossings (in hierdie geval hernubare energie-opsies) aan ons boere te demonstreer en ook die volhoubaarheid van ons proefplase te verseker, word ‘n biogasfermenteerder op die Outenikwa-proefplaas gebou om beesmis van ons melkery om te sit in biogas en elektrisiteit. Na verwagting sal die projek (wat deur die Departement van Vervoer en Openbare Werke befonds word)teen die middel van 2012/13 voltooi wees.

‘n Vergelykende ondersoek wat die koolstofvoerspoor van die Departement, met inbegrip van sy proefplase, ontleed het, is voltooi.

Kompensasie vir volstruise wat geslag moes word en operasionele koste tydens die Voëlgriepveldtog in en om Oudtshoorn het ‘n groot las op die hulpbronne van die Departement, veral die Program:Veeartsenykundige Dienste, geplaas.

Die Departement het die implementering van twee rampskemas,te wete die 2008-vloede en die 2010-Eden-droogteprojek, voortgesit. Ongeveer 2 464 magtigingsbriewe is aan 1 083 boere vir droogtehulp in die droogtegeteisterde gebiede van die Sentraal- en Klein Karoouit-gereik. 87 waterstelsels vir vee is geïnstalleer of bestaande stelsels is opgegradeer as deel van die droogtehulpskema. R34.5 miljoen van die 2008-vloednoodleningingstoekenning was teen die einde van Maart 2012 opgebruik; dit is bestee aan die bou van rivierwalversterkings om die verdere erosie van waardevolle landbougrond te verhoed. Albei hierdie skemas sal in die 2012/13 finansiële jaar voortgesit word.

‘n Groot projek saam met Wesgro is die Agri-besigheidsbeleggings eenheid met die hoofdoelwit om beleggings in die landbou- en agri-besigheidsektor van die Wes-Kaap te trek en te fasiliteer. Hierdie projek het daarin geslaag om beleggings ter waarde van R82 miljoen na die sektor te lok ten spyte van die ekonomiese uitdagings wat verskeie lande wêreldwyd in die gesig staar.

Met betrekking tot bestedingspatrone moet die volgende beklemtoon word:

Die bedrag wat onderbestee is, R2.633 miljoen of 0.51% van die aangepaste begroting, is wel deeglik binne die nasionale norm van 2%.

Verdere ondersoek het egter die volgende aan die lig gebring:

Die werklike onbestede bedrag van die begroting is R469 000 of 0.09% van die aangepaste begroting. Dit vergelyk gunstig met die nasionale norm. Die balans van R2.164 miljoen is fondse wat betrekking het op bates en laste wat nie teen 'n uitgawe- of inkomste-item aangedui is nie, maar wel beskikbare kontant beïnvloed het.

Hierdie Departement het alle toekennings bestee.

Viremente is uitgevoer om onvoorsiene kostedruk te verlig wat meegebring is deur hoër as verwagte prysstygings, asook deur onvoorsiene verpligtinge, deur die herprioritisering van die beskikbare begroting soos toenemende druk om voedseltuine te ontplooi weens die huidige ekonomiese situasie en die impak daarvan op die weerloses.

Viremente is gemaak van Program 1 (R2.141 miljoen), Program 4 (R222 000), Program 5 (R801 000), Program 6 (R573 000) en Program 7 (R2.057 miljoen) na Program 2 (R44 000), Program 3 (R5.03 miljoen) en Program 8 (R720 000). In alle gevalle is die viremente deur die Rekenpligtige Beampte goedgekeur in ooreenstemming met artikel 43 (1) van die WOFB, en die viremente is in ooreenstemmingmet artikel 43 (2) van die WOFB binne die agt persent-perk gehou.

Geen ongemagtigde besteding het plaasgevind nie.

Twee gevalle van onreëlmatige besteding, albei met betrekking tot die afwesigheid van belastingklaringsertifikate vir transaksies van meer as R30 000, het voorgekom. Na ondersoek het dit egter geblyk dat nie een van die gevalle enige verliese vir die Departement ingehou het nie, en op grond daarvan is dit deur die Rekenpligtige Beampte goedgekeur. Die totale bedrag van hierdie transaksies was R138 000.

Met betrekking tot selfoonkontrakte is onreëlmatige besteding ten bedrae van R277 000 aangemeld weens die feit dat dit finansiële bruikhuurkontrakte was. Dit is gekondoneer ooreenkomstig Nasionale Praktyknota 5 van 2006/07.

Een en vyftig verskillende gevalle van moontlike vrugtelose en verkwistende uitgawes ter waarde van altesaam R54 000 is aangemeld. Een van hierdie gevalle wat in 2010/11 voorgekom het, het R780 bedra. Twee gevalle ten bedrae van R8 000 is van 2010/11 af oorgebring. In totaal is daar dus 53 gevalle ten bedrae van R62 000 ondersoek en gefinaliseer. Daarvan is 42 gevalle ter waarde van R51 000 deur die Rekenpligtige Beampte gekondoneer. Dit het gebeur na 'n deeglike ondersoek na die oorsprong van elke individuele geval ten einde vas te stel of die uitgawes nie deur deeglike omsigtigheid en beter beplanning verhoed kon geword het nie. In al hierdie gevalle is egter gevind dat die uitgawes onvermydelik was. In elf gevalle is R11 000 verhaal na ondersoek. Daar is gevind dat dit onvoorsienbaar was indien die optrede met deeglike omsigtigheid plaasgevind het.

Daar is tans geen sake uitstaande nie.

Met betrekking tot inkomste moet die 99%-toename aan begrotingsbehoeftes beklemtoon word.'n Bedrag van R17.078 miljoen is van DLBV ontvang om die koste van die uitdunning van volstruise met die uitbreek van voëlgriep in die Oudtshoorn-distrikte bestry. Die Provinsie het tydens die Aansuiweringsbegrotingsproses waarteen die uitgawes afgepaar is, ook dieselfde

bedrag bewillig. Die bedrag is as inkomste ontvang en teen die einde van die finansiële jaar in die Provinsiale Inkomstefonds inbetaal.

**2. Diens deur die Departement gelewer**

**2.1 'n Lys van dienste deur Landbou gelewer kan in die volgende kategorieë verdeel word:**

- Uitvoering van die algehele bestuur en administratiewe ondersteuning van die Departement.
- Ondersteuning van institusionele vermoëbou-inisiatiewe om die diensleweringsplan te implementeer.
- Omvattende interne en eksterne kommunikasiedienste, met inbegrip van inligtingsbestuur en -bevordering en algemene taaldienste.
- Bestuur van die opname, verifiëring en implementering van rampnoodleniging aan boere,asookdie verskaffing van die vereiste tegniese steun tydens die rehabilitasiefase.
- Lewering van 'n steundiens om die volhoubare benutting van natuurlike landbouhulpbronne te verbeter en die omgewing binne die konteks van die verskynsel van klimaatsverandering te bewaar.
- Die lewering van 'n ingenieursteundiens om omgewings- en ekonomies volhoubare boerderypraktyke soos bewaringslandbou te verbeter en om watergebruiksdoeltreffendheid by alle besproeiingsboere te verbeter.
- Die verskaffing van opleiding en befondsing plus ondersteuning van boere deur voorligtings- en adviesdienste, asook hefboomfinansieringsteun vanuit die privaat sektor en kommoditeitsgroeperinge vir nuwe en gevestigde boere, insluitend grondhervormingsbegunstigdes.
- Bystand aan munisipaliteite en ander regeringsdepartemente met die implementering van voedselsekerheidsinisiatiewe vir gemeenskappe en huishoudings.
- Die verskaffing van tegniese kundigheid vir landbou-ondernemingsbeplanning en plaasassessering deur die Eenheid vir Tegniese Bystand wat deur CASIDRA geadministreer word.
- Die ontwikkeling en instandhouding van landbou-inligtingbestuursintrumente om projekbestuur op staatsondersteunde plase te ondersteun.
- Aanwending van tegnologies gevorderde diagnostiese prosedures vir die diagnose van en navorsing oor dieresiektes van ekonomiese belang vir die provinsie, en soönotiese siektes wat 'n risiko vir menslike gesondheid inhou.
- Monitering en minimalisering van dieregesondheidsrisiko's en -beheer of die uitwissing van dieresiektes wat 'n gevaar vir die ekonomie of menslike gesondheid inhou.
- Die lewering van primêre dieregesondheidsorg- en siektevoorkomingsdienste aan opkomende veeboere en ander diere-eienaars in samewerking met private veeartsenykundige praktisyns en dierewelsynsagentskappe.
- Verbetering van higiënebestuur by diereprodukte-instansies in ooreenstemming met nasionale en internasionale standaarde ten einde voedselveiligheid en uitvoersertifisering te verseker.
- Uitbreiding van navorsing- en ontwikkelingsteun aan kommersiële en kleinboere met voorpunttegnologie gegenereer deur drie navorsingsinstitute, te wete diereproduksie, plantproduksie en hulpbronbenutting, wat elkeen as 'n sentrum van uitmuntendheid bedryf word.
- Disseminasie van toepaslike nuwe en aangepaste tegnologie en inligting, gegenereer deur daadwerklike navorsingspogings, in die vorm van wetenskaplike publikasies, halfwetenskaplike publikasies, populêre publikasies, gebruikersvriendelike inligtings pak-

kette, teikengroep-gefokusde inligtingsdae, lesings, aanbiedings, radiopraatjies en "rondstaponderhoude".

- Bevordering van nuwe landbouprodukte en produksiepraktyke deur middel van voorpunttegnologie, die bekendstelling van nuwe en alternatiewe gewasse, en waardetoevoeging deur verwerking met die oog op die ondersteuning van volhoubare en verhoogde landbouproduksie.
- Verskaffing van analitiese grond-, water- en plantdienste en ander natuurlikehulpbron-modelle en -instrumente om besluitneming te ondersteun.
- Verskaffing van navorsings- en infrastruktuursteundienste aan die drie navorsingsinsti tute van die Departement, ander departementele programme, die Landbounavors ingsraad (LNR) en ander rolspelers deur middel van goed gevestigde proefplase wat in stand gehou word.
- Die bevordering van optimale boerderystelsels deur die verskaffing van inligting en steun oor die ekonomie van landbouproduksie, met inbegrip van ramings van produk sie koste en ontleding van verskillende ondernemings en stelsels vir die bepaling van ekonomiese lewensvatbaarheid en besigheidsbeplanning.
- Die bevordering van die bemarking van landbouprodukte en landboubesigheid deur die verskaffing van 'n volledige reeks dienste met die oog op verbeterde marktoegang en entrepreneurskap.
- Verskaffing van kwalitatiewe en kwantitatiewe makro- en hulpbronekonomiese ontleding om gesonde besluitneming te ondersteun.
- Die bevordering van die beskikbaarheid van inligting deur die verkryging, instandhouding en voorsiening van tydige en betroubare landbou- en ekonomiese statistiek.
- Die verskaffing van landbou-opleiding aan en die skepping van loopbaangeleenthede vir praktiserende en voornemende produsente (kommersiële boere, kleinboere en bestaansboere), adviseurs, tegnici en plaashulpe, en die verbetering van mense hulpbronontwikkeling in die landbou.
- Die bevordering van volhoubare landbou-ontwikkeling in histories benadeelde ge meenskappe deur 'n reeks geleenthede en inisiatiewe met besondere klem op bestaansboere, kleinboere, die jeug, vroue, werklose landelike en buitestedelike gemeenskappe en plaaswerkers, maar sonder uitsluiting van die kommersiële landbousektor.
- Hersiening, bevordering en implementering van die Mensekapitaalontwikkelingstrategie vir die landbousektor in die Wes-Kaap. Transformeer van die landbou in die Provinsie deur opleiding.
- Die versterking van die Departement se bande met bedryfspesifieke verenigings deur diensvlakooreenkomste om gestruktureerde opleidingsintervensies volgens 'n projekgebaseerde benadering te lewer ten opsigte van die behoeftes van die bedryf of sektor.
- Die instandhouding van sterk bande en volhoubare opleidingsvennootskappe met plaaslike, nasionale en internasionale opleidings inrigtings om vaardigheidsontwikkeling in die landbousektor te bevorder en te ondersteun.
- Samewerking met ander departemente en private organisasies om inisiatiewe en projekte te implementeer tot voordeel van die Departement se kliënte en met die oog op die vervulling van die Provinsiale Groei- en Ontwikkelingstrategie.
- Die institusionalisering van gemeenskapsorganisasiestrukture in geselekteerde landelike nodusse om gemeenskappe te bemagtig ten opsigte van die identifisering en implementering van nuwe gemeenskapsprojekte in die lig van die bevordering van landelike ontwikkeling in die Provinsie.

- Die koördinering van provinsiale departemente en plaaslikeregeringsowerhede in die lewering van dienste op 'n gekoördineerde en samehangende manier in die geselekteerde landelike nodusse deur die totstandbrenging van interdepartementele reëlingskomitees per landelike nodus.
- Die verbetering van die beeld en sosio-ekonomiese omstandighede van plaaswerkers deur die aanbieding van lewensvaardigheidsopleiding ten einde hul lewensgehalte te verbeter.

## 2.2 Tariefbeleid:

Die gelde gehef en verhaal vir dienste wat gelewer is en surplusprodukte wat geproduseer is as gevolg van navorsing en opleiding deur die Departement, is in ooreenstemming met Departementele, Provinsiale of Nasionale beleidsdirektiewe bereken en is inbetaal in die Provinsiale Inkomstefonds. Hierdie geld word in rekening gebring soos voorgeskryf.Die tariewe word jaarliks hersien en word gebaseer op gesonde ekonomiese en kosteverhalingsbeginsels in oorleg met die Provinsiale Tesourie. Al die tariewe is in 'n tariefregister opgeneem wat in elektroniese formaat gehou word en wat op die Departement se intranet beskikbaar is.

## 2.3 Gratis Dienste:

Gratis dienste wat deur die Departement gelewer word, is voorligtingsdienste wat kan lei tot substansiële inkomste aan konsultasiegeld. Die grootste gebruikers van hierdie dienste is egter by verre die opkomende boere wat beswaarlik kan bekostig om vir sulke dienste te betaal en op die Departement staatmaak vir advies, inligting en tegnologieoordrag.

Gedurende die verslagtydperk is 4 220 beeste wat aan opkomende veeboere behoort, teen 'n bedrag van R33 507 vir tuberkulose getoets. Amptenare het in die opkomende veeboer-sektor ook die volgende getalle diere ingeënt:

- 5 016 beeste teen miltsiekte - koste R7 674
- 1 905 stuks pluimvee teen newcastlesiekte - koste R514
- 8 576 stuks groot- en kleinvee teen slenkdalkoors - koste R40 050
- 1 268 beeste met RB51-entstof teen brusellose - koste R52 178.

Staatsveeartse het gratis kliniese dienste aan die voorheen benadeelde gemeenskappe in die Beaufort-Wes-area gelewer waar:

- 1 789 honde en katte teen 'n koste van R178 900 ondersoek en vir siektes behandel is;
- 587 beeste, skape en bokke teen 'n bedrag van R82 180 behandel is;
- op 758 diere genadedood teen 'n bedrag van R53 060 toegepas is;
- 149 ramme teen 'n bedrag van R1 192 getoets is; en
- 555 beeste teen 'n bedrag van R2 775vir eksterne parasiete gedip is.

In die munisipale areas van Malmesbury en Beaufort-Wes is 410 perde in die opkomende gemeenskappe teen Afrika-perdesiekte (APS)ingeënt. Die koste daarvan het R40 242 beloop. Dit is gedoen as 'n voorkomende maatreël om karperde teen APS te beskerm ten einde volhoubaarheid te verseker in gemeenskappe wat vir hul lewensonderhoud van hierdie perde afhanklik is. 950 perde is teen 'n bedrag van R41 259 teen interne parasiete behandel.

'n Prioriteitsleutel-prestasiedoelstelling vir veeartsenykundigedienste is die jaarlikse hondsdolheidsinenting van geselskapsdiere. Honde en katte in die hulpbron arm gemeenskappe deur die hele Provinsie is soos volg ingeënt:

| | |
|---|---|
| Malmesbury : | 10 221 |
| Boland: | 35 768 |
| Swellendam: | 3 582 |
| George: | 8 073 |
| Beaufort Wes: | 2 366 |

Hierdie intervensie het geskied teen 'n bedrag van R329 455 (R4.48 entstof en 65c verbruiksitems per dier).

Die totale bedrag vir die bogenoemde gratis dienste wat gelewer is, was R808 986.

### 2.4 Inventarisse:

Raadpleeg bylae 6 van die finansiële state.

## 3. Beperkinge op vermoë

Die Departement ervaar sekere ernstige beperkinge op bepaalde areas van skaars vaardighede soos veeartse, landbou-ingenieurs en landbou-ekonome. Dit brei uit na die sektor en is nie tot die Departement alleen beperk nie. Met betrekking tot hierdie probleem het die Departement begin met 'n Menskapitaalontwikkelingsprogram wat alreeds in sy vierde jaar is, met kort-, medium- en langtermynuitkomste, en met inbegrip van beurse vir skaars vaardighede, leerlingskappe en die bevordering van die landbou as loopbaan onder die jeug.

Dit het ook duidelik geword dat die Departement se dienste en prestasies dit waarvoor hy krediet ontvang, ver oorskry.'n Hersiening en herontwerp van die Departement het in die vorige finansiële jaar begin en is in hierdie finansiële jaar, in Desember 2011, voltooi en die groen lig gegee. Aanstellings in hierdie verband sal binne die raamwerk van beskikbaarheid van befondsing gemaak word.

## 4. Benutting van donateursfondse

Geen donateursfondse is gedurende die verslagtydperk ontvang nie.

## 5. Handelsentiteite en openbare entiteite

Casidra (Edms.) Bpk. is ingevolge die Maatskappywet van 1973 (Wet 61 van 1973) – Nr. 1973/006186/07–tot stand gebring. Dit is ook in bylae 3D van die WOFB van 1999 (Wet 1 van 1999) as 'n provinsiale sakeonderneming opgeneem. Die Departement het 'n toesighoudende rol ten opsigte van hierdie provinsiale sakeonderneming. Rekenpligtigheid vir hierdie instelling berus by sy Raad wat deur die Provinsiale Minister van Landbou aangestel is. Die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap hou al die aandele in hierdie instelling.

**Funksies:**

Kragtens Resolusie 271/2007 van 24 Oktober 2007 is aan Casidra (Edms.) Bpk. die mandaat van "...landbou- en ekonomiese ontwikkeling binne 'n landelike en grondhervormingskonteks ..." verleen. Dit het nie sedert die vorige finansiële jaar verander nie.

**Rekenpligtigheidsreëlings:**

**a)** Casidra voldoen aan die Maatskappywet en die WOFB.
**b)** 'n Aandeelhouersooreenkoms is metdie Departement aangegaanen word deur middel van kwartaalverslae gemoniteer.
**c)** Casidra lê maandeliks 'n kontantvloeistaat aan die Departement voor.
**d)** 'n Jaareinde-oudit van die finansiële state word uitgevoer (sien Casidra (Edms.) Bpk. se jaarverslag).

## 6. Organisasies waaraan oordragbetalings gemaak is

| Begunstigde | Rede vir oordrag | Rekening kundige reëlings | Bedrag goedgekeur R'000 | Bedrag betaal R'000 |
|---|---|---|---|---|
| Casidra (Edms.) Bpk. | Uitvoering van die aandeelhouersooreenkoms | Aandeelhouer-sooreenkoms | 14 736 | 14 736 |
| Casidra (Edms.) Bpk. | Implementering van infrastruktuur- en ander projekte | Memoranda van ooreenkoms | 80 683 | 80 683 |
| Agri-Megagroep | Implementering van infrastruktuur- en ander projekte | Memoranda van ooreenkoms | 25 603 | 25 603 |
| Sagtevrugteprodusentetrust | Implementering van infrastruktuur- en ander projekte | Memoranda van ooreenkoms | 14 449 | 14 449 |
| Pearl-gemeenskapsontwikkelingsprojek | Die opheffing en ontwikkeling van boerderygemeenskappe | Memorandum van ooreenkoms | 140 | 140 |
| Kaap die Goeie Hoop-landbougenootskap (H/A Agri-Expo) | Opleiding van kaasmakers as deel van die Wes-Kaap-Boergondië-ooreenkoms | Memorandum van ooreenkoms | 146 | 146 |
| Arbeidsbedieningstrust | Ondersteuning van die geestelike lewe van landelike gemeenskappe in die Eden-distrik | Memorandum van ooreenkoms | 194 | 194 |
| Stellenbosch-Vigs-aksie (@Heart) | 'n MIV/Vigs-welsynbevorderingprogram gerig op maatskaplike en gesondheidsuitdagings opplase | Memorandum van ooreenkoms | 162 | 162 |
| Kleure-akademie | Implementering van die volhoubare lewensonderhoudsprogram | Memorandum van ooreenkoms | 200 | 200 |
| Anna-stigting | Bystand aan benadeelde skole en gemeenskappe | Memorandum van ooreenkoms | 200 | 200 |
| Universiteit van Stellenbosch | Befondsing van die Agrifutura-projek om strategiese inligting en insigte oor te dra aan landboukundige besluitnemers in die openbare, privaat en nie-regeringsorganisasies | Memorandum van ooreenkoms | 100 | 100 |
| Universiteit van Pretoria deur sy Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BVLB) | Befondsing van vermoëbou en verbreiding van navorsingsresultate gedurende 2011/12 | Memorandum van ooreenkoms | 300 | 300 |
| Goedgedacht-trust | Bystandaan hulle met die LOOP-strokiesboekprojek (om aandag te skenk aan probleme waarvoor plaaswerkers en hul kinders te staan kom deur die Pad-uit-armoede-program). | Memorandum van ooreenkoms | 250 | 250 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| African Farmers Association of South Africa (AFASA) | Totstandbrenging van 'n volhoubare verenigde liggaam van swart boere met die vermoë om beleid te beïnvloed deur stemwerwery en voorspraak ten gunste van swart boere | Memorandum van ooreenkoms | 250 | 250 |
| Klein Karoo-Agribesigheidsentrum | Werkskeppingsprojek vir werklose inwoners en 'n middelemisbruikprogram vir landelike gemeenskappe | Memorandum van ooreenkoms | 250 | 250 |
| Volstruisboere | Uitdunning van volstruise | Statutêr | 15 114 | 15 114 |
| Nie-werknemers | Beurse | Memoranda van ooreenkoms | 2 724 | 2 724 |
| Werknemers | Verlofgratifikasie | Statutêr | 605 | 605 |
| Staatsmotorvervoer | Uitbreiding van vloot | Memoranda van ooreenkoms | 992 | 992 |
| Munisipaliteite | Voertuiglisensies | Statutêr | 53 | 53 |

## 7. Openbare-privaat vennootskappe (OPV)

Geen openbare-privaat vennootskappe is gedurende die verslagjaar aangegaan nie.

## 8. Korporatieweregeringsreëlings

**Risikobestuur** - in ooreenstemming met die WOFB (artikel 38 tot 40) en die King III-verslag oor Korporatiewe Regering is risiko geposisioneer as 'n hoeksteen van regering. Die Risikobestuur- en Regeringsraamwerke deur die Provinsiale Tesourie uitgereik omvat die beginsels van goeie regering. Die grondslag van die verwante raamwerke spruit uit die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en is 'n inklusiewe benadering wat die Batho Pele-beginsels ondersteun wat gemik is op die fasilitering van die Regering se diensleweringsdoelwitte. Die Bestuur is teenoor die Rekenpligtige Beampte verantwoordelik vir die ontwerp, implementering en monitering van die proses van risikobestuur en die integrering daarvan by die dag-tot-dagwerksaamhede van die Departement.

Die Bedrog- en Risikobestuurskomitee (BRBKOM, Engels FARMCOM) ondersteun steeds die Rekenpligtige Beampte in die effektiewe uitoefening van haar pligte en bevorder 'n kultuur wat die beginsels van goeie korporatiewe regering ondersteun waarbinne die praktyk van risikobestuur en die voorkoming van bedrog kan posvat en uiteindelik floreer. Die funksies van die komitee word deur 'n goedgekeurde oktrooi beheer. Sowel die Komitee se oktrooi as die risikobeleid is gedurende die jaar aan hersiening onderwerp.

Soos gedurende die vorige finansiële jaar aangedui, het die Komitee sy verteenwoordiging uitgebrei deur die insluiting van die Forensiese Ondersoek- en Arbeidsverhoudinge-eenheid wat in die Departement van die Premier gesetel is (as deel van die korporatiewedienssentrum van die Wes-Kaapse Provinsiale Regering).

Die Departement het 'n goedgekeurde Risikobestuur-implementeringsplan en prestasie teen die plan word kwartaalliks deur die Komitee gemoniteer. Die strategiese risiko-assessering is gedurende die jaar bygewerk en beheerstrategieë is dienooreenkomstig hersien en ontwerp.

**Bedrogvoorkoming** - Die Departement neem deel aan die gedeelde provinsiale verklikkingsmeganismes wat deur die Forensiese Ondersoekeenheid (FOE) aan die Departement

van die Premier verskaf word. Vir die gerief van alle personeellede wat enige onetiese of oneerlike gedrag wil aanmeld, is daar 'n tolvry blitslyn beskikbaar waar sodanige gedrag anoniem aangemeld kan word. Die Departement het 'n Bedrogvoorkomingsbeleid en -plan goedgekeur, en die bedrogrisiko-assessering is onderhewig aan jaarlikse hersiening. Die monitering van gevalle van bedrog is ook by BRBKOM(FARMCOM) gesentraliseer. Die Departement se Bedrogvoorkomingsbeleid en -plan het onveranderd gebly.

Die resultate van die Bedroggesondheidsopname wat gedurende die 2010/11 finansiële jaar onderneem is, is gedurende die jaar aan die Departement oorgedra. Die Departement het gedurende die jaar ook deelgeneem aan die tweede Bedroggesondheidsopname. Die resultate sal na verwagting eers in die volgende finansiële jaar aan die Departement beskikbaar gestel word.

**Interne Beheer** – Die Bestuur is teenoor die Rekenpligtige Beampte aanspreeklik vir die ontwerp, implementering en monitering van die proses van interne beheer. Interne beheerstelsels word voortdurend ontwikkel en versterk deur die evaluering van aanbevelings deur versekeringsverskaffers en die versekering dat toepaslike optrede ingestel word om aan geïdentifiseerde areas vir verbetering aandag te gee. Die beheeromgewing word deur die toepassing van 'n goedgekeurde delegeringsraamwerkverder versterk.

**Organisasiekultuur** – Organisasiekultuur word onderstut deur die waardes wat werknemers in die werkplek uitleef. Gedurende die jaar het die Departement deelgeneem aan die tweede kulturele opname om sy huidige kultuur in lyn te bring met verbeterde dienslewering. Die resultate hetdie persoonlikewaardes vanwerknemers endie huidige kultuur wat binne elke departement ervaar word, asookdie verlangdekultuur weerspieël. Inligting verkry uit huidige en toekomstige opnames word en kan dadelik aangewend word om die bestaande werk- en ander interaksieverhoudinge binne die Departement te verbeter.

**Interneoudit-aktiwiteit en Ouditkomitee** - Die rol van die Interneoudit-aktiwiteit as 'n verskaffer van versekering ten opsigte van beheer, risikobestuur en beheerprosesse is weer eens deur die King III-verslag oor Korporatiewe Beheer uitgelig. Risikogebaseerde ouditering is derhalwe 'n sentrale fokus van King III.

In ooreenstemming met die WOFB en die King III-verslag bied die Interneoudit-aktiwiteit die Ouditkomitee en die Bestuur die versekering dat die interne kontroles voldoende en effektief is.Dit word bereik deur 'n risikogebaseerde Interneoudit-plan waarvolgens die Interneoudit-aktiwiteit die geskiktheid van kontroles wat die risiko's verminder, assesseer, en die Ouditkomitee die implementering van regstellende optrede moniteer. Die Departement word deur die ekonomiesekluster-ouditkomitee bedien.

Vorderingsverslae oor interne oudit met besonderhede oor prestasie teenoor die ouditplan word tweemaandeliks aan die Departement voorgelê om effektiewe monitering deur 'n departementele projekspan moontlik te maak.Verslaggewing aan die Ouditkomitee vind kwartaalliks plaas.

**Botsing van Belange** – Botsing van belange word deur jaarlikse formele skriftelike verklarings deur lede van die Senior Bestuursdiensbestuur. Sedert 2006/07 is verklaring van finansiële belange uitgebrei om alle lede van die Bodtoekenningskomitee, Spesifikasiekomitee en evalueringskomitee in te sluit. Alle komiteelede is verplig om hul belange by elke vergadering te

verklaar. Nie-aangewese personeellede word gereeld daaraan herinner om hul belange waar toepaslik openbaar te maak. Sedert 2007/08 word verklarings met betrekking tot verwante party transaksies van alle verantwoordelikheidsbestuurders en hoër verkry.

Gedurende die laaste deel van die 2011/12 finansiële jaar is verskeie standaard-boddokumente gekonsolideer (SBD4 – Verklaring van Belang, SBD8 – Verklaring deur Bieërs oor vorige AKB-praktyke, en SBD9 – Verbod op Beperkende Praktyke in WCBD4). Van alle verskaffers van die Departement word vereis dat hulle jaarliks'n WCBD4 invul (vir alle aankope deur die Departement wat R2 000 te bowe gaan).

**Gedragskode** – Daar word van alle werknemers verwag om gehoor te gee aan die Gedragskode vir die Staatsdiens. Die doel met die Kode is om aan werknemers riglyne te bied oor wat uit 'n etiese oogpunt van hulle verwag word, sowel wat betref hul individuele gedrag as hul verhoudings met ander persone. Die Gedragskode vir die Staatsdiens soos vervat in die Staatsdiensregulasies, hoofstuk 2, is die “aanvaarde” kode. Die Gedragskode vir die Staatsdiens word voorts versterk deur die Kode vir aanbodkettingbestuurspraktisyns. Albei kodes is in die Departement se Bedrogvoorkomingsplan opgeneem.

**Gesondheid, Veiligheid en die Omgewing** - Die Departement het 'n Beroepsgesondheid- en Veiligheidsbeampte wat vir die monitering van gesondheids-, veiligheids- en omgewingskwessies verantwoordelik is. Veiligheidsverteenwoordigers word binne elke program aangestel.'n Beroepsgesondheid- en veiligheid-komitee is in plek en funksioneer in ooreenstemming met 'n goedgekeurde opdrag. Die status van beroepsgesondheid en veiligheid is ook “verhoog” deurdat die beroepsgesondheid- en Veiligheidsbeampte kwartaalliks aan BRBKOM (FARMCOM) asook maandeliks aan die Bestuurverslag doen.

Die visie van die Departement omvat sy verbintenis tot verantwoordelike omgewingsrent-meesterskap (in ewewig met die natuur). Die toepassing van omgewingsbeheer vorm 'n inte-grerende deel van die manier waarop die Departement sy bedrywighede verrig.

Met verwysing na King III en artikels 38 tot 40 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet 1 van 1999, wend hierdie Departement 'n ekstra poging aan met die verantwoordelikhede van die Rekenpligtige Beampte deur middel van deursigtige stelsels, 'n Rekenpligtigebeampte-stelsel vir verkryging en voorsiening, die invordering van skulde met behoorlike beleid in plek, die beveiliging van bates, voldoening aan die voorskrifte van die jaarlikse Wet op die Verdeling van Inkomste, oordragfondse aan ander entiteite slegs as behoorlike ooreenkomste geteken is en behoorlike versekerings van hulle verkry is ten opsigte van effektiewe, doeltreffende en deursigtige finansiële stelsels en bestuur, streng begrotingsbeheer, 'n waarde-vir-geld-beginsel, die hou van behoorlike rekords en verslaggewing betyds en behoorlik – maandeliks, kwartaalliks en jaarliks.

## 9. Gestaakte aktiwiteite / Aktiwiteite wat gestaak moet word

Geen aktiwiteite is gestaak nie.

## 10. Nuwe/Voorgestelde aktiwiteite

Daar is met geen nuwe/voorgestelde aktiwiteite begin nie.

## 11. Batebestuur

Dit was die besluit van hierdie Provinsie om voort te gaan met LOGIS as die bateregister van departemente. Al die bates van hierdie Departement word op LOGIS aangeteken en rekonsiliasies tussen LOGIS en BRS (BAS) word maandeliks deur die jaar uitgevoer.

Daar is 'n batebestuurseenheid afsonderlik van die Aanbodkettingbestuursafdeling wat bestaan uit vier persone onder die bestuur van 'n adjunkdirekteur en elke subafdeling het 'n aangestelde batekontroleerder of verantwoordelike persoon.'n Bekwame persoon is op kontrak aangestel om die Departement by te staan met die verbetering van sy batebeheer en bestuur en om die Batebestuurshervormingsprosesse waarmee begin is, te bespoedig.

Na my beste wete voldoen hierdie Departement tans aan die minimum vereistes van verslaggewing.

## 12. Inventarisse

Raadpleeg Bylae 6 van die finansiële state vir besonderhede oor inventarisse.

## 13. Gebeure na die verslagdatum

Niks om te vermeld nie.

## 14. Inligting oor voorafbepaalde doelstellings

Raadpleeg Deel Twee, Programprestasie, van die Jaarverslag wat betref verslagdoening oor die werklike prestasie van die verskillende programme in die tydperk onder oorweging.

Vir die jaar onder oorweging is maandelikse en kwartaallikse verslae oor voorwaardelike toekennings, asook hierdie jaarverslag, aangewend om inligting oor prestasie beskikbaar te stel. Vir die 2010/11 finansiële jaar is totale prestasieverslaggewing kwartaalliks gedoen.

Die Departement het die "Departementele Beleid oor Bewysgebaseerde Prestasie-inligting en Programbedryfsplanne" geïmplementeer, met bylaes wat besigheidsprosesse en prosesvloei per individuele program gedokumenteer het.

In koördinasie met die bogenoemde beleid het die Programme al hul sakeplanne voltooi, waarvolgens elke prestasie-aanwyser aan 'n individu toegewys is wat verantwoordelik sal wees vir die byeenbring van bewyse oor daardie aanwyser vir verifiëring deur die betrokke hoof.

## 15. SKOOR-besluite

| Verwysing na vorige ouditverslag en SKOOR-besluite | Onderwerp | Bevindings oor vordering |
|---|---|---|
| Geen | | |

## 16. Voorafveranderings aan ouditverslae

Daar was geen kwalifikasies of enige ander aspekte van die jaarlikse finansiële state in die ouditverslag vir die 2010/11 finansiële jaar nie.

| Verwysing na vorige ouditverslag | Onderwerp | Bevindings oor vordering |
|---|---|---|
| Ouditverslag – ander: | Geen | NVT |

## 17. Vrystellings en afwykings ontvang van Nasionale Tesourie

Ingevolge artikel 79 van die WOFB het die Nasionale Tesourie 'n afwyking van die openbaarmaking van amortisasietabelle vir finansiële bruikhuurkontrakbesteding ten opsigte van staatsvoertuie goedgekeur soos vereis in die Departementele Verslagraamwerkhandleiding. Stappe word geïmplementeer om volledige openbaring te verseker van staatsvoertuigbesteding as finansiële bruikhuurkontrakte, met inbegrip van amortisasietabelle vir die 2012/13 finansiële jaar.

Ingevolge artikel 66 van die WOFB, saamgelees met die Nasionale Tesourie se Praktyknota 5 van 2006/07, het die Minister van Finansies, EkonomieseOntwikkeling en Toerisme in die Wes-Kaap goedkeuring verleen vir alle finansiële bruikhuurkontrak verpligtinge ten opsigte van staatsvoertuig besteding wat aangegaan is of aangegaan sal word, wat 60 maande oorskry.

## 18. Tussentydse Finansiële State

Tussentydse finansiële state vir die eerste drie kwartale van die finansiële jaar is aan die Provinsiale Tesourie voorgelê. Die state vir Junie 2011 en Desember 2011 is slegs met aantekeninge voorgelê en die state vir September 2011 is ook met openbaarmakingsaantekeninge voorgelê. Die Provinsiale Tesourie het hulle almal geassesseer en korrek bevind.

Tussentydse jaarlikse finansiële state is aan die Provinsiale Tesourie en die Ouditkomitee voorgelê. Met die uitsondering van 'n paar transaksies het hierdie state 'n redelike weergawe gebied van die Departement se finansiële posisie soos op 31 Maart 2012.

## 19. Ander

Met betrekking tot die Omvattende Landbou-ondersteuningsprogram is R82.346 miljoen in Bylae 4 ontvang. Die totale bedrag is bestee aan opkomende boere in bemagtigingsprojekte asook aan hul eie behoeftes, meestal wat infrastruktuur betref (R58.551 miljoen), voorligtingsoplewingsprogramme (R20.195 miljoen) en opleidingsverbeterings (R3.6 miljoen). Alle doelstellings is bereik of so te sê bereik.

Ingevolge Bylae 5 van die Wet is R3.466 miljoen ooreenkomstig die LandCare-toekenningsprogram ontvang. Die totale bedrag is teen 31 Maart 2012 bestee. Alle doelstellings is bereik.

Ingevolge Bylae 5 van die Wet is R48 miljoen ooreenkomstig die Ilima/Letsema-toekenning ontvang. Die totale bedrag is teen 31 Maart 2012 bestee. Alle doelstellings is bereik.

'n Evaluasieverslag vir elkeen van die bogenoemde toekennings is ingevolge die Wet op die

Verdeling van Inkomste (DORA)aan die nasionale Departement van Landbou voorgelê.

Al die bogenoemde oordragte is in die primêre provinsiale bankrekening inbetaal soos voorgeskryf.

## 20. Goedkeuring

Die Jaarlikse Finansiële State soos uiteengesit op bladsy 111 tot 161 is deur die Rekenpligtige Beampte goedgekeur.



**Me. J.S. Isaacs**
**Rekenpligtige Beampte**
26 Julie 2012

**VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL**
**vir die jaar geëindig 31 Maart 2012**

## VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL AAN DIE WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT OOR BEGROTINGSPOS11: WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN LANDBOU

## VERSLAG OOR DIE FINANSIËLE STATE

### Inleiding

**1.** Ek het die finansiële state van die Wes-Kaapse Departement van Landbou geouditeer soos uiteengesit op bladsy 111 tot 152. Dit sluit in die aanwendingstaat, die staat van finansiële posisie soos op 31 Maart 2012, die staat van finansiële prestasie, die staat van veranderings in netto bates en die kontantvloeistaat vir die jaar op daardie datum geëindig, asook die aantekeninge wat bestaan uit 'n opsomming van belangrike rekeningkundige beleid en ander verduidelikende inligting.

### Rekenpligtige beampte se verantwoordelikheid vir die finansiële state

**2.** Die rekenpligtige beampte is verantwoordelik vir die opstel van hierdie finansiële state in ooreenstemming met die *Departementele Finansiële Verslagdoeningsraamwerk* voorgeskryf deur die Nasionale Tesourie, en op die manier vereis deur die Wet op Openbare Finansiële Bestuur van Suid-Afrika, 1999 (Wet1 van 1999) (WOFB) en die Wet op die Verdeling van Inkomste, 2011 (Wet6 van 2011) (WVI),asook vir sodanige interne beheer as wat die rekenpligtige beampte beskou as nodig om die opstel van finansiële state wat vry is van wesenlike verkeerde voorstelling, hetsy vanweë bedrog of fout, moontlik te maak.

### Ouditeur-generaal se verantwoordelikheid

**3.** Dit is my verantwoordelikheid om op grond van my oudit 'n mening te gee oor hierdie finansiële state. Ek het my oudit uitgevoer in ooreenstemming met die Wet op Openbare Oudit van Suid-Afrika, 2004 (Wet 25 van 2004) (WOO), die Algemene Kennisgewing uitgereik ingevolge daarvan en Internasionale Ouditstandaarde. Daardie standaarde vereis dat ek voldoen aan etiese vereistes en die oudit beplan en uitvoer om redelike sekerheid te verkry dat die finansiële state vry is van wesenlike verkeerde voorstelling.

4. 'n Oudit behels die uitvoering van prosedures om ouditbewyse te bekom oor die bedrae en openbarings in die finansiële state. Die prosedures wat geselekteer is, hang af van die ouditeur se oordeel, asook die assessering van die risiko's van wesenlike verkeerde voorstelling van die finansiële state, hetsy vanweë bedrog of fout. By sodanige assessering van risiko oorweeg die ouditeur interne beheer wat verband hou met die entiteit se opstelling van die finansiële state ten einde ouditprosedures te ontwerp wat in die omstandighedetoepaslik is, maar nie vir die doel van die uitspreek van 'n mening oor die effektiwiteit van die entiteit se interne beheer nie.'n Oudit sluit ookin die evaluering van die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat aangewend word en die redelikheid van rekeningkundige ramings wat deur die Bestuur gemaak word, asook evaluering van die algehele aanbieding van die finansiële state.

5. Ek is van oordeel dat die ouditbewyse wat ek bekom het, voldoende en toepaslik is om te dien as basis vir my ouditmening.

### Mening

**6.** Na my mening bied die finansiële state in alle wesenlike opsigte 'n billike weergawe van die finansiële posisie van die Wes-Kaapse Departement van Landbou soos op 31 Maart 2012, asook van sy finansiële prestasie en kontantvloei vir die jaar wat toe ten einde geloop het, in ooreenstemming met die *Departementele Finansiële Verslagraamwerk* voorgeskryf deur die Nasionale Tesourie en die vereistes van die WOFB en die WVI.

### Sake wat uitgelig word

**7.** Ek vestig graag die aandag op die sake hier onder vermeld. My mening is nie gewysig ten opsigte van hierdie kwessies nie:

### Verwanteparty-transaksies

**8.** Soos in openbaringsaantekening 26 by die finansiële state aangedui het die Departement gedurende die jaar 'n bedrag van R37 355 298, soos ontvang van die nasionale Departement van Landbou, Bosbou en Visserye, betaal as vergoeding aan boere vir die slag van volstruise ingevolge die Wet op Dieresiektes, 1984 (Wet35 van 1984), weens die uitbreek van voëlgriep. Soos in aantekening 7 en bylae 1F by die finansiële state geopenbaar,het die Departement in hierdie verband ook 'n bykomende bedrag van R15 114 000 aan volstruisboere betaal as 'n tussentydse maatreël, en wel uit befondsing van R17 038 000 soos deurdie Wes-Kaapse Parlement gedurende die jaar bestem.

### Ander sake

**9.** Ek vestig graag die aandag op die sake hier onder vermeld. My mening is nie gewysig ten opsigte van hierdie kwessies nie.

### Ongeouditeerde aanvullende skedules

**10.** Die aanvullende inligting uiteengesit op bladsy 153 tot 161 vorm nie deel van die finansiële state nie en word aangebied as addisionele inligting. Ek het nie hierdie skedules geouditeer nie en spreek gevolglik nie 'n mening daaroor uit nie.

### Raamwerk vir finansiële verslagdoening

**11.** Die raamwerk vir finansiële verslagdoening deur die Nasionale Tesourie voorgeskryf en deur die Departement toegepas, is 'n voldoeningsraamwerk. Die bewoording van my mening op 'n voldoeningsraamwerk moet duidelik aantoon dat die finansiële state in ooreenstemming met hierdie raamwerk opgestel is en nie dat hulle as "billik aangebied" word nie. Artikel 20(2)(a) van die WOO vereis egter van my dat ek 'n mening gee oor die billike weergawe van die finansiële state. Derhalwe voldoen die bewoording van my mening aan daardie vereiste.

## VERSLAG OOR ANDER WETLIKE EN REGULATIEWE VEREISTES

**12.** In ooreenstemming met die WOO en die Algemene Kennisgewing wat ingevolge daarvanuitgereik is, doen ek verslag oor die volgende bevindings wat betrekking het

op prestasie teenoor voorafbepaalde doelstellings, voldoeningaan wetgewingen regulasies en internebeheer, maar nievir die doel vandie lug van 'n mening nie.

**Voorafbepaalde doelstellings**

**13.** Ek het prosedures uitgevoer om bewyse te vind van die nuttigheid en betroubaarheid van die inligting in die jaarlikse prestasieverslag soos uiteengesit op bladsy 19 tot 83 van die jaarverslag.

**14.** Die gerapporteerde prestasie teen voorafbepaalde doelstellings is teen die algehele kriteria van nuttigheid en betroubaarheidgeëvalueer. Die nuttigheid van inligting in die jaarlikse prestasieverslag het betrekking op die aanbieding daarvan in ooreenstemming met die Nasionale Tesourie se jaarlikse verslagdoeningsbeginsels en die vraag of die prestasie waaroor verslag gedoen is, voldoen aan die beplande doelstellings. Die nuttigheid van inligting het verder betrekking op die vraag of aanwysers en teikens meetbaar is (d.w.s.goed gedefinieer, verifieerbaar, spesifiek, meetbaar en tydgebonde) enrelevant is soos vereis deur die Nasionale Tesourieraamwerk vir die bestuur van programprestasie-inligting.

**15.** Die betroubaarheid van die inligting ten opsigte van die geselekteerde programme word geassesseer om vas te stel of dit die feite voldoende weergee (d.w.s. of dit geldig, akkuraat en volledig is).

**16.** Daar was geen wesenlike bevindings in die jaarlikse prestasieverslag oor die nuttigheid en betroubaarheid van die inligting nie.

**Voldoening aan wette en regulasies**

**17.** Ek het die prosedures uitgevoer om bewyse te vind dat die entiteit voldoen het aan toepaslike wet teen regulasies rakende finansiëleaangeleenthede, finansiëlebestuur en ander verwante sake. My bevindings oor wesenlike nie-voldoening in die geval van spesifieke sake aan sleutel- toepaslike wette en regulasies soos uiteengesit in die Algemene Kennisgewing uitgereik ingevolge die WOO is soos volg:

**Verkryging en kontrakbestuur**

**18.** Goedere en dienste met 'n transaksiewaarde van onder R500 000 is verkry sonder die verkryging van skriftelike pryskwotasies soos vereis deur Tesourieregulasie 16A6.1.

**Uitgawebestuur**

**19.** Die rekenpligtige beampte het nie effektiewe stappe gedoen om onreëlmatige uitgawes te verhoed soos vereis deurartikel 38(1)(c)(ii) van die WOFB en Tesourieregulasie 9.1.1 nie.

**Interne beheer**

**20.** Ek het interne beheer oorweeg wat op my oudit van die finansiële state, die jaarlikse prestasieverslag en voldoening aan wette en regulasies van toepassing is. Die sake hier onder genoem onder die fundamentele faktore van interne beheer is beperk tot

die betekenisvolle leemtes wat gelei het tot die bevindings oor voldoening aan wette en regulasies in hierdie verslag.

**Leierskap**

**21.** Die rekenpligtige beampte het nie genoegsaam vasgestel of bestuur effektiewe interne beheermaatreëls ingestel het om te verseker dat die senior bestuur hul verantwoordelikhede nagekom het nie. Dit blyk duidelik uit die nie-voldoening wat ten opsigte van aanbodkettingbestuur-regulasies (AKB-regulasies) geïdentifiseer is.

**Finansiële en prestasiebestuur**

**22.** Nakoming van die vereistes van AKB-regulasies is nie voldoende deur die aanbodkettingbestuurders gemoniteer nie omdat hulle ontoereikende moniteringskontroles aangewend het.

**Beheer**

**23.** Alhoewel eksterne oudit aanbodkettingbestuur as 'n betekenisvolle dwarsliggende risiko geïdentifiseer het en dit as sodanig by die Departement aangemeld het, het die Departement se risiko-assessering nie die geïdentifiseerde risiko's geprioritiseer nie. Gevolglik is hierdie risiko ook nie ingesluit in die risikogebaseerde interne-ouditwerkplanne vir die verslagjaar nie.

**ANDER VERSLAE**

**Ondersoeke**

**24.** Die Provinsiale Forensiese Ondersoekeenheid stel ondersoek in na twee gevalle, naamlik beweerde onreëlmatighede in die bestuur van 'n inheemseboom-projek en die resultate van 'n posevaluering wat gemanipuleer is.Teen die verslagdatum was die ondersoeke nog aan die gang.

**25.** 'n Ondersoek is deur die Provinsiale Forensiese Ondersoekeenheid uitgevoer na 'n geval van beweerde finansiële onreëlmatighede met die sport- en ontspanningsfonds by die kollege. Die dissiplinêre verhoor is afgehandel en die personeellid is onskuldig bevind.

Auditor-General

**Kaapstad**
**31 Julie 2012**

**OUDITEUR-GENERAAL SUID-AFRIKA**
**Ouditering om te bou aan die publiek se vertroue**

## WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN LANDBOU
## BEGROTINGSPOS 11

## TOEWYSINGSTAAT
## vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

| TOEWYSING PER PROGRAM | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 2011/12 | | | | | | | 2010/11 | |
| BEGROTINGSTAAT | Aange-paste Toewys-ings | Verskui-wing van fondse | Virement | Finale Toewysing | Werklike Besteding | Variansie | Besteding as 'n % van finale toewysing | Finale Toewys-ing | Werklike Besteding |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | % | R'000 | R'000 |
| **1. ADMINISTRASIE** | | | | | | | | | |
| Lopende betaling | 72,520 | (1,386) | (2,141) | 68,993 | 66,360 | 2,633 | 96.2% | 66,881 | 65,515 |
| Oordragte en subsidies | 1,244 | 124 | - | 1,368 | 1,368 | - | 100.0% | 1,143 | 1,144 |
| Betalings vir kapitaalbates | 1,198 | 1,245 | - | 2,443 | 2,443 | - | 100.0% | 2,681 | 2,681 |
| Betalings vir finansiële bates | 2 | 17 | - | 19 | 19 | - | 100.0% | 66 | 67 |
| | **74,964** | **-** | **(2,141)** | **72,823** | **70,190** | **2,633** | | **69,771** | **69,407** |
| **2. VOLHOUBARE HULPBRONBESTUUR** | | | | | | | | | |
| Lopende betaling | 34,603 | 701 | 44 | 35,348 | 35,348 | - | 100.0% | 30,129 | 30,128 |
| Oordragte en subsidies | 1,022 | (1,020) | - | 2 | 2 | - | 100.0% | 55,139 | 55,000 |
| Betalings vir kapitaalbates | 895 | 310 | - | 1,205 | 1,205 | - | 100.0% | 1,390 | 1,392 |
